

Memorandum: Leerderboek

Kwartaal 1

Week 1 en 2

Smokkel advertensies met jou kop?

Aktiwiteit 1 Bespreek 'n advertensie

Pre-lees

2. Leerders bespreek die volgende in die groep:

2.1 Hierdie is 'n swart en wit advertensie. Dink julle dat kleur sou bydra om dit 'n beter advertensie te maak? Motiveer.

Moontlik kon rooi lippe dit treffender gemaak het. Dalk wou die adverteerder dit juis swart en wit hê om die kontras uit te beeld.

2.2 Word daar emotiewe (woorde vol emosies) gebruik?

Vloeksteen is 'n emotiewe woord. Dit is egter die naam van die reeks.

2.3 Is daar enige woordspelings in die advertensie?

Die -steen in vloeksteen verwys na 'n diamant (steen). Die woord skyn kan ook na die diamant verwys (woordspeling).

2.4 Dink jy die lettergrootte wat gebruik is, is gepas? Verduidelik.

Dit is gepas. Dit is duidelik leesbaar.

Tydens lees

3. Kyk mooi na die advertensie. Is daar iets verskuil? Wat sou dit beteken?

Die middel van die lippe word deur 'n slang gevorm. Dié slang kan met die woord vloek- in vloeksteen verband hou. Gierigheid (diamante) kan 'n mens in die versoeking lei.

3.1 Dink jy dat hierdie 'n treffende advertensie is?

Leerders gee hulle eie menings. Dit is 'n treffende advertensie, want dit trek dadelik die aandag. Daar is baie verskuilde elemente wat die advertensie interessant maak.

3.2 Het jy aanvanklik net die lippe raakgesien?

Leerders gee hulle eie antwoorde. Ja, ek het net die lippe raakgesien wat groot en opvallend uitgebeeld is.

Aktiwiteit 2 Luister na 'n advertensie

Aktiwiteit 3 Lees en kyk na visuele tekste

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat word deur die vissies uitgebeeld?

Dit dui aan hoe die visse al hoe minder word.

2. Bestudeer die lyn onder die visse.

2.1 Wat noem 'n mens hierdie lyn?

'n Tydslyn.

2.2 Wat word hierdeur grafies aangedui?

Dit is 'n grafiese uitbeelding van die verloop van jare.

3. Die titel is 'n verwerking van 'n bekende uitdrukking.

3.1 Skryf die oorspronklike uitdrukking en sy verklaring neer.

Om stroomop te swem. Dit beteken om die teenoorgestelde van wat ander doen, te doen, om koppig en anders te wees.

3.2 Hoe word die verandering wat aangebring is, uitgehef?

Die woord *dink* is in 'n ander kleur gedruk.

3.3 Wat word hierdeur gesuggereer?

Dat die mens anders moet begin dink oor die bedreiging van die seelewe.

3.4 Waarom is dit 'n gepaste uitdrukking om in hierdie advertensie te gebruik?

Die advertensie gaan oor visse en hierdie uitdrukking gaan juis om stroomop te swem.

4. Met watter woord in die eerste sin hou die woord *dink* in die titel verband?

Verbeel.

5. Wat word hierdeur (vraag 4) bewerkstellig?

Die leser moet hom indink hoe die lewe sonder visse gaan wees.

6. Verduidelik wat 'n *dokumentêre* program is.

Dit is 'n program wat inligting weergee. Dit word gewoonlik op feite baseer.

7. Hoe word die tyd en plek waar hierdie program vertoon word, uitgehef?

Die woorde is vetgedruk.

8. Vertaal die woorde *Out of the Ordinary* wat in die logo voorkom in Afrikaans.

Dit is buitengewoon, ongewoon, anders.

Aktiwiteit 4 'n Lees oefening: Tienerslenters

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hierdie leesstuk het in *Vrouekeur* verskyn. As jy dit in die inhoudsopgawe moes opsoek, onder watter afdeling sou dit moontlik verskyn? Kies een van onderstaande en motiveer jou antwoord.

- Leefstyl
- Vermaak
- Verhale
- Grappies

Omdat dit 'n humoristiese teks is, sal dit onder *Vermaak* gelys word.

2. Bestudeer die meegaande skets.

2.1 Hoe word die tieners in die illustrasie uitgebeeld?

Hulle word oordrewe modern, dalk selfs slordig uitgebeeld.

2.2 Beskryf die uitdrukking op die man se gesig met één enkele woord.

Enige beskrywing in een woord: verdwaas, geskok, onthuts.

3. Wat bedoel die subopskrif as dit sê dat tieners nie in matigheid glo nie?

Hulle leef met oorgawe.

4. Wie is in hierdie leesstuk aan die woord / uit wie se oogpunt word hierdie vertel?

Uit die oogpunt van 'n ma wat 'n tiener in die huis het.

5. Wie is die skrywer van hierdie teks? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie inligting te bekom?

Carla van der Spuy. Soeklees.

6. Watter twee woorde (wat die tienerseun beskryf) staan in direkte kontras met mekaar in paragraaf 1?

Die woorde *uitgeput* en *energiek* staan teenoor mekaar.

7. Wat word gesuggereer as daar gesê word dat jy eers *vir 'n gevorderde hinderniskursus (moet) kwalifiseer* alvorens jy in die dogter se kamer ingaan? Onthou dat suggestie dit is wat jy tussen die lyne lees – die boodskap wat “weggesteek” is.

Dit suggereer dat haar kamer baie deurmekaar is en dat daar hope goed rondlê waaroor jy moet klouter soos op 'n hindernisbaan.

8. Die woord *afstammeling* in paragraaf 3 verwys na die ma se eie kinders. Waarom word hierdie emotiewe ('n woord wat vol emosie is) gebruik?

Hierdie woord skep afstand so asof die ma nie kan glo dat dit haar eie kinders is nie. Dit is 'n woord wat ietwat met negatiewe emosies gelaai is.

9. Wat is die *laaste opraapsels by 'n rommelverkoop*? Wat vertel dit van die tiener se klere?

'n Rommelverkoop sê reeds dat dit iets is wat niemand wil hê nie. Die laaste opraapsels verwys na die gemors wat niemand wou koop nie. Die tiener se kleredrag lyk dus oud, gehawend.

10. Bestudeer paragraaf 5 met aandag.

- 10.1 Haal 'n woord uit hierdie paragraaf aan wat dieselfde beteken as *duplikaat*, 'n *presiese namaaksel van die oorspronklike*.

Replika.

- 10.2 Is die metafoer wat die seun se hare met 'n mango vergelyk, gepas?

'n Mango wat klaar geëet is se vesels staan gewoonlik penoent en in alle rigtings. Dit is dus 'n baie gepaste metafoer. Verduidelik aan die leerders die verskil tussen 'n metafoer en 'n vergelyking:

Sy kapsel is 'n mango. Metafoer.

Sy kapsel lyk soos 'n mango. Vergelyking.

11. Waarom word *Groot Vraag* (paragraaf 7) met hoofletters geskryf?

Dit is slegs om dié woorde uit te hef / te beklemtoon.

12. Hierdie teks is uit 'n tienerma se oogpunt geskryf. Dink jy dat dit 'n geldige standpunt is? Verduidelik jou siening.

Leerders gee hulle eie standpunte. Dit moet net goed gemotiveer word.

Aktiwiteit 5 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 6 Skep jou eie advertensie oor tegno-foefies

Aktiwiteit 7 Hoe goed kan jy spel?

Voorgestelde antwoorde

1. Dit is baie **interessant** om te sien hoe die haarkapper die nuutste tegnieke gebruik om die vrou se hare te kleur.
2. Die man is altyd op **dieet** en weier om gemorskos en versnaperinge te eet.
3. Om haar lyfie fiks en ferm te hou hardloop die meisie altyd gimnasium toe en dan weer terug **huis toe**.
4. Hulle het baie pret **gehad** toe hulle na 'n komedie gekyk het oor 'n komiese man en stuitige vrou.
5. Moenie so vinnig **handdoek** ingooi nie, met vasberadenheid en yserse wilskrag kan jy die taak maklik afhandel.
6. Kom tot 'n vergelyk, moenie heeldag oor die nietige saak **debatteer** nie.
7. Die poreuse erdepot wat die meisie per abuis met die verestowwer afgestamp het, het bo-op die **kolossale** kaggel gestaan.
8. Die **vlermuis** het skemeraand van die dak gevlieg en in die niksvermoedende meisie se hare geland.
9. Die optimis glimlag altyd, terwyl die **pessimis** altyd die negatiewe raaksien.
10. Sy het 'n hoë dunk van haarself en **lug** ongevraagd haar mening.

Aktiwiteit 8 My eie spellys

Aktiwiteit 9 Taaloefening: Die hare op jou kop

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom is die titel *Die hare op jou kop* en nie byvoorbeeld *Die hare op jou liggaam* nie?
Daar word ook van die hare op jou liggaam geskryf, maar die hare op 'n mens se kop kry die meeste aandag in hierdie teks, daarom is die titel korrek.
2. Waarom word die woord *koppe* in die woord *rooikoppe* in paragraaf 1 met twee p's gespel? Pas nou dieselfde reël toe en gee die meervoude van *mat* en *stap*.
Die spelreël sê dat 'n woord met 'n kort, beklemtoonde vokaal in 'n geslote lettergreep die daaropvolgende konsonant verdubbel.
Matte en stappe.
3. Met vraag 2 in gedagte, gee die meervoude en verkleinings van die volgende selfstandige naamwoorde *pad*, *skilpad*, *vat*, *bad*. Let op die spelling van dié woorde.
Pad = paaie, paadjie; skilpad = skilpaaie, skilpadjie; vat = vate, vaatjie; bad = baddens, badjie. Laat die leerders hierdie woorde by hulle spellys voeg. Wys hulle op hierdie “vangplekke”.
4. Watter betekenisverandering sal die woord *kleure* (paragraaf 1) ondergaan as dit ontrond uitgespreek word?
Dan sal dit verwys na die *klere* wat 'n mens aantrek.
5. Verduidelik hoe die woord *lippe* (paragraaf 2) se klankgrepe en lettergrepe verskil.
Klankgrepe: li-(p)pe (uitgespreek *li – pe*)
Lettergrepe: lip - pe

6. Verdeel die woord *sametrekking* (paragraaf 4) in lettergrepe en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra.

Sa / me / trek / king

7. Watter klankverskynsels kan by die uitspraak van die volgende woorde voorkom?

7.1 Die woord *onder* (paragraaf 2) uitgespreek as *onner*.

Algehele assimilasie.

7.2 Die woord *vier* (paragraaf 5) verkeerdelik uitgespreek as *vuur*.

Oorronding.

8. Skryf die afkorting van die woord *sentimeter* (paragraaf 2) neer.

cm

9. Die woord *vinniger* kom in paragraaf 3 voor. Skryf die oortreffende trap en die intensiewe vorm van dié woord neer.

Oortreffende trap: die vinnigste

Intensiewe vorm: blitsvinnig

10. Die woord *vel* kom in paragraaf 4 voor. Gebruik nou die homofoon van die woord *vel* (dus die woord *fel*) in 'n goeie sin.

Die son brand fel op die strand neer.

11. Die woorde *mans* en *kans* kom albei in paragraaf 5 voor. Spreek hierdie twee woorde hardop uit en bepaal watter een van die twee word nie genasaleer en gevokaliseer nie. (Nasalering en vokalisering is wanneer die nasale klank deur die vokaal opgeneem word wanneer die vokaal verleng en deur beide die neus en die mond uitgespreek word.)

Die woord *mans* word nie genasaleer en vokaliseer nie. As dit die naam *Maans* was, sou dit wel genasaleer en vokaliseer word. Nasalering en vokalisering kom wel by die woord *kans* voor.

12. Die leesstuk word afgesluit met die sin: *Was gerus elke dag*. Watter ander leesteken kon hier gebruik word?

Die uitroepeteken: Was gerus elke dag!

13. Bestudeer die meegaande prentjie aandagtig. Die swartman met die krulhare het 'n gelukkige uitdrukking op sy gesig. Waarom sou die man hom so met afguns aankyk?

Die man kyk met afguns na die swartman se bos hare, want volgens die teks verloor swartmans selde hul hare en 'n bles is maar 'n teer sakkie vir 'n man.

14. Skryf die volgende sinne oor en maak die skryftekens reg:

14.1 Ek het jou **gesê** die **kêrel** met die woeste haardos is my broer.

14.2 Al die **pa's** en **oupas** (geen afkappingstekens) wat kaalkop is, moet hierdie spesiale sjampoe gebruik.

14.3 Die meisie wat by die **finansiële** afdeling werk se hare val uit, want sy is alewig op 'n **dieet** (geen deelteken).

15. Bestudeer die laaste sin in hierdie teks: *Was gerus elk dag*.

15.1 Watter voornaamwoord en selfstandige naamwoord is uitgelaat in hierdie sin?

Was gerus elke dag *jou* (voornaamwoord) *hare* (selfstandige naamwoord).

15.2 Brei hierdie sin uit deur 'n byvoeglike naamwoord te voeg by die selfstandige naamwoord wat verswyg was (dus die een wat jy in vraag 15.1 ingevoeg het).

Was gerus elke dag *jou vuil hare*.

16. *Sandra was elke oggend haar hare.* Skryf dié sin, wat in die teenwoordige tyd is, oor in...

16.1 die verlede tyd

Sandra het elke oggend haar hare gewas.

16.2 die toekomstige tyd.

Sandra sal elke oggend haar hare was.

Week 3 en 4

Die towerkrag van musiek

Aktiwiteit 10 Is jy 'n goeie luisteraar?

Luisterteks

Die ene ORE

Min mense hóór werklik wat ander sê, skryf Carla van der Spuy, maar dis moontlik om 'n beter luisteraar te wees.

Luister het baie voordele. Dit help jou om beter met ander oor die weg te kom. Mense wat werklik na ander luister, bespaar tyd, kom slimmer voor en het ook meer empatie vir hul medemens. Om behoorlik na iemand anders te luister, stel jou ook in staat om die persoon behoorlik te leer ken.

Paragraaf 1:

Daar is **draaiorrels** (*beklemtoon*) wat **lang** (*rek die woord uit*) monoloë voer terwyl hoor en sien vergaan en wat net so af en toe lug skep om hul langasemmarathonsessies met hernieuwe geesdrif voort te sit. Só kan 'n mens **praatsiekes** (*beklemtoon*) beskryf wat gewoonlik ook oor 'n **totale onvermoë** (*benadruk*) beskik om **een enkele woord** (*lees afgemete*) te hoor wat ander sê. Daar word nie om dowe neutte gesê 'n mens het **een mond en twee ore** (*harder*) gekry, sodat jy meer kan **luister** (*beklemtoon*) as wat jy behoort te **praat** (*beklemtoon sodat dié twee woorde uitstaan*) nie. Min mense ken egter die kuns van luister. Die goeie nuus is dat hierdie benydenswaardige vaardigheid aangeleer kan word.

Paragraaf 2:

Daar is loopbane wat goeie luisteraars vereis sodat die werk op die beste moontlike manier verrig kan word. **Terapeute en sielkundiges** (*effens harder*) bestee baie tyd daaraan om na pasiënte te luister. **Lugverkeersbeheerders** (*effens harder*) moet met vlieëniers en bemanningslede wat aan boord is praat en seker maak dat lugverkeer veilige afstande van mekaar af handhaaf sodat hulle veilig kan opstyg en land. **Joernaliste** (*effens harder*) moet ook goed kan luister en hul bronne toelaat om vrylik te kan praat, aangesien hulle soms die maksimum inligting in die minimum tyd moet verkry. 'n Goeie joernalis weet watter vrae om te vra en luister aandagtig.

Op alle terreine van 'n mens se lewe kan **luister** (*lees stadig en hard*) jou tot voordeel strek.

Geneem uit *Vrouekeur*, 7 Januarie 2011 bl. 24. 13

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat word deur die illustrasie beklemtoon? (1)

Dit fokus op ore en beklemtoon dat luister belangrik is. (1)

2. Reg aan die begin van die luisterteks is daar 'n idiomatiese benaming vir iemand wat lank en aanmekeer praat. Skryf slegs dié woord neer. (1)

Draaiorrel. (1)

3. Skryf die uitdrukking oor die mond en ore neer en verduidelik wat daarmee bedoel word. (2)

'n Mens het nie verniet TWEE ore en EEN mond nie. Dit beteken dat 'n mens meer moet luister as praat. (2)

4. Luister weer na die voorlesing van paragraaf 1. Haal een woord aan wat dieselfde beteken as *iets wat werd is om beny te word*. (1)

Benydenswaardig. (1)

5. Noem een beroep waar jy baie goed na jou pasiënte moet luister. (1)

Sielkundiges / terapeute (1)

6. Watter gevaar hou dit in as lugverkeerbeheerders nie goed na die vlieëniers luister nie? (2)

Dit kan 'n vliegramp tot gevolg hê, want hulle moet seker maak dat lugverkeer veilige afstande van mekaar handhaaf sodat hulle veilig kan opstyg en land. (2)

7. Waarom moet joernaliste goed kan luister? (1)

Hulle moet in die minimum tyd baie inligting kry sodat hulle daarvoor kan skryf. (1)

8. Hoe word dit in die laaste sin uitgehef dat luister 'n mens op alle terreine tot voordeel strek? (1)

Die woord *luister* word hard en duidelik en stadig geles. (1)

[10]

Aktiwiteit 11 Is jy 'n goeie leser? [Formele assesseringstaak 1]

Aktiwiteit 12 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 13 Liedteks: Klaradyn

OPDRAG 1: DINKSKRUM

Laat die leerders 'n dinkskrum hou waarin hulle die tema van hierdie liedjie uitpluis.

Hulle moet nou vir iemand wat nog nooit die liedjie gehoor of die woorde geles het nie, vertel waarom die liedjie gaan.

Hulle gaan as volg te werk:

1. Beskryf in jou eie woorde wat in die eerste vers (versreël 1 tot 6) gebeur.

Die man stap in die nagmis en kyk na bo en wonder waar sy geliefde haar bevind. Hy verbeel hom dat hy haar stem van die krans af hoor. Hy dink hoe sy om die vuur gedans het en verlang dan na haar.

2. Beskryf in jou eie woorde wat in die tweede vers (versreël 11 tot 16) gebeur.

Dit het gesneeu en dit was ysig en hy het 'n koue gevoel in sy hart gehad. Hulle het elkeen sy eie rigting ingeslaan soos wat karre in verskillende rigtings ry. Hy word steeds getart deur dit wat die duiwel in sy oor fluister.

3. Verduidelik die suggestie wat in die refrein (versreël 7 tot 10) opgesluit lê.

Hy vra aan Klaradyn waarheen sy verdwyn het. Hy wil weet wat haar beweegrede was waarom sy hom verlaat het. Hy vra of iets gebeur het wat hulle liefers moet vergeet – dit dui die finaliteit daarvan aan.

OPDRAG 2: BEANTWOORD DIE VRAE

1. Watter soort rym kom in die refrein (versreëls 7 tot 10) voor? Waarom is hierdie soort rym gepas?

Paarrym. Hierdie lied gaan oor 'n paartjie.

2. Daar is baie herhaling wat die ritme versterk.

2.1 Haal 'n voorbeeld van woordherhaling aan.

Enige voorbeeld van woordherhaling: stap-stap, jou, jou, Klaradyn, Klaradyn, steek-steek.

2.2 Haal 'n voorbeeld van sinsherhaling aan.

Het daar iets gebeur ... word in die refrein herhaal.

3. Bestudeer versreël 11 en 12. Watter verband word daar hier getrek?

Hy bring die omgewing se koue in verband met die koudheid in sy hart.

4. Verduidelik die vergelyking in versreël 13 en 14 volledig.

Soos wat 'n vurk in die pad daarop dui dat daar twee verskillende paaie is, so dui dit daarop dat hy en sy geliefde verskillende rigtings gaan inslaan.

5. Is die gebruik van die woord *steek-steek* (versreël 16) gepas? Waarom sê jy so?

Dit is gepas, want 'n duiwel assosieer 'n mens gewoonlik met 'n vurk (wat kan steek!) in die hand.

Aktiwiteit 14 Lees oefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die musiekcollage noukeurig en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hierdie is 'n collage oor die hele musiekspektrum. Identifiseer die verskillende soorte musiek en skryf dit neer.

Inheemse musiek, popmusiek, dansmusiek, rockmusiek, klassieke / instrumentele musiek.

1.2 Is daar 'n musiekstyl wat nie hierin verteenwoordig is nie? Skryf dit neer.

Leerders kan enige musiekstyl hier aanvul: hip-hop, jazz, ensovoorts.

1.3 Bestudeer die woorde onder aan die collage. Watter ander woorde sou jy wou byvoeg? Skryf dié woorde neer.

Leerders kan enige voorstelle maak van woorde wat musiek kan beskryf: energie, polsende ritmes, ensovoorts.

2. Met watter paragraaf in die leesstuk hou die titel *Tjeers, op musiek* direk verband? Verduidelik.

Dit hou direk met die laaste paragraaf (paragraaf 13) verband. 'n Mens sê gewoonlik tjeers! (gesondheid!) met 'n glasié in die hand. Dié paragraaf verwys na 'n wynglas en die woorde kom ons word dronk op musiek verwys ook daarna.

3. Na wie word verwys as sy sê *Mede-Jippers* (paragraaf 1)? Bepaal die teikengroep van die teks.

Dit verwys na die tieners wat Jip ('n bylaag in *Beeld* spesifiek gerig op tieners) lees. Tieners is dus ook die teikengroep.

4. Watter funksie verrig die baie retoriese vrae aan die begin van die leesstuk?

Dit betrek die leser by die gebeure / teks.

5. Wat beteken dit as sy *peins* oor die vraag (paragraaf 1)?

Sy dink diep daaroor na.

6. Skryf Berthold Auerbach se lewenswaarheid in jou eie woorde neer.

Musiek kan hartseer versag.

7. Som paragraaf 4 op in een enkele sin van nie meer nie as 15 woorde.

Vriende kan 'n mens troos as 'n liefdesverhouding skipbreuk ly.

8. Vertaal en verduidelik Michael Torke se woorde in paragraaf 7.

“Hoekom geld mors op psigoterapie as jy na musiek kan luister?”

Hoekom geld mors deur ’n sielkundige / terapeut te gaan spreek as jy jou gees kan gesond maak deur na musiek te luister?

9. Watter verband trek Oliver Wendell Holmes tussen bad en musiek?

Net soos bad jou liggaam laat lekker voel (verkwik), net so voed musiek jou siel.

10. Haal ’n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...

10.1 verfris, opbeur troos – **opkikker (paragraaf 6) of verkwik (paragraaf 8)**

10.2 verbygaande gemoedstemming – **bui (paragraaf 9)**

Leerdere skryf frases of sinne uit die teks wat treffend is, neer. Byvoorbeeld:

Wat sou die wêreld wees sonder musiek?

Musiek kan jou kalmeer, rustig maak en kan jou so ’n bietjie opkikker.

Musiek sê wie jy is.

Die lewe is ’n lied, sit dus jou musiek aan.

Aktiwiteit 15 Informele brief

Aktiwiteit 16 Musieksnippers

Vrae en voorgestelde antwoorde

Snippet 1: Musiek maak jou gelukkig

1. Waarom word *huppel* (paragraaf 1) met twee p’s gespél?

Dit is ’n kort klank in ’n geslote lettergreep.

2. Wat word die vraag waarop daar nie ’n antwoord verwag word nie (paragraaf 1) genoem? Watter funksie vervul hierdie vraag?

Retoriese vraag; betrek die leser by die teks.

3. Die woord *Kanada* kom in paragraaf 2 voor. Vorm ’n persoonsnaam van dié woord in die volgende sin: Dit is ’n (Kanada) wat hierdie navorsing gedoen het, nie ’n Suid-Afrikaner nie.

Kanadees.

4. Die woord *gevind* word in paragraaf 2 gebruik. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin. Dit was ’n wonderlike (gevind) wat hulle ontdek het.

Vonds. Die meervoud van vonds is vondste. Die meervoud van fonds is fondse. Laat leerders die verskil tussen hierdie twee ook in hulle spellys opneem.

5. Die woord *McGill-universiteit* kom in paragraaf 2 voor.

5.1 Skryf hierdie woord oor en begin met die woord *universiteit*. Let op die hooflettergebruik.

Universiteit van McGill.

5.2 Skryf die afkorting van die woord *universiteit* neer.

univ.

5.3 Tot watter woordsoort behoort die woord *McGill-universiteit*?

Eienaam

5.4 Skryf die afkorting neer van *Universiteit van Suid-Afrika*. Hierdie is ’n akroniem, want ’n mens spreek dié afkorting uit.

UNISA of Unisa.

6. Skryf die meervoud van die woord *stof* (paragraaf 3) neer.

Stowwe.

Snippet 2: Zitts-strokie

7. Verduidelik waarom hierdie strokie as sterk ironies beskou kan word.

Jeremy kan sy kitaarsnare los om teksboodskappe te stuur, maar hy kan nie dit los as sy ma hom 'n guns vra nie. Dit wat vir sy ma geld, geld beslis nie vir sy vriende nie.

Snippet 3: 'n Sielkundige se kommentaar

8. Die woord *begrafnis* word in paragraaf 1 gebruik.

8.1 Wat noem ons 'n plek waar dooies begrawe word? Let op die spelling van dié woord.

Begraafplaas.

8.2 Skryf 'n eufemisme (versagtende vorm) neer vir die woord *gestarf*.

Hy het sag heengegaan. Hy het die tydelike met die ewige verwissel.

9. Slaan die betekenis van die volgende idiome oor musiek na:

9.1 Tweede viool speel. **Ondergeskik wees.**

9.2 Hy is met snaar en stamboel daar weg. **Hy is te voet daar weg.**

9.3 Hy hamer altyd op dieselfde snaar. **Hy gebruik altyd dieselfde argumente.**

9.4 Hy sing 'n ander deuntjie. **Hy verander sy opinie.**

9.5 Hy slaan die kitaar. **Hy is in beheer.**

9.6 Sy kinders is orrelpypies. **Hulle is kort na mekaar gebore.**

10. Watter soort voornaamwoord is *dit* in paragraaf 3?

Onpersoonlike voornaamwoord.

11. *Dit alles kan musiek vermag* (paragraaf 3).

11.1 Skryf hierdie sin oor en hef die woord *musiek* uit deur hoofletters te gebruik.

Dit alles kan MUSIEK vermag.

11.2 Skryf die sin oor en hef die woord *kan* uit deur 'n aksentteken te gebruik.

Dit alles kán musiek vermag.

11.3 Skryf die sin oor en beklemtoon die hele sin deur die leesteken te verander.

Dit alles kan musiek vermag!

11.4 Hierdie sin is 'n enkelvoudige sin. Skryf die sin oor en brei dit uit tot 'n saamgestelde sin deur die voegwoord *want* te gebruik.

Dit alles kan musiek vermag, want musiek is 'n magtige instrument. (Enige gepaste uitbreiding.)

Snippet 4: Daar is plek vir almal se musieksmaak

12. Skryf die basisse van die woord *oorverdwende* (paragraaf 1) neer.

Oor + doof

13. Die woord *sé* (paragraaf 2) word met 'n kappie geskryf om die klank te verleng. Skryf die volgende woorde oor en sit kappies op waar nodig.

Bler, populere, kombes.

Blêr, populêre, kombes (geen kappie).

14. Watter soort voornaamwoord is die woord *iemand* in paragraaf 2?

Onbepaalde voornaamwoord.

15. Die woord *kommersiële* (paragraaf 3) word met 'n deelteken geskryf. Maak hierdie woord reg in die volgende sin: Die sanger is (kommersiële) aangelê. Watter afleiding maak jy hier?

Die sanger is *kommersieel* (geen deelteken) aangelê. Die volgende woorde kry slegs 'n deelteken as dit verbuig word: dieet en diëte, finansieel en finansiële, sekretarieel en sekretariële. Skryf hierdie woorde in jou spellys.

16. Verklaar die idiomatiese benaming *Jan Alleman*. Hoe verskil dit van *Jan Publiek*?

Jan Alleman is die deursneemens (dit kan na net een of twee verwys).

Jan Publiek is die groot massa (dit verwys na baie mense).

17. Wat is die funksie van die afkappingsteken in die woord *g'n* (paragraaf 5)?

Dit dui op die letters wat uitgelaat is: g'n = geen.

Week 5 en 6

Afrikaans se formele baadjie

Aktiwiteit 17 Luister na 'n dialoog tussen 'n inbelagent en 'n kliënt

Luisterteks

TELEFOONGESPREEK:

Johan: Hallo, hallo! Is ek nou by die selfoonkontrak-inbelsentrum? Dit is Johan van Schalkwyk hier. Met wie kan ek praat oor die selfoonkontrak wat ek met julle gesluit het?

Stem: Môre mnr. Van Schalkwyk! Ek skakel jou deur na mnr. Boet Vermaak wat die klagtes met selfoonkontrakte hanteer.

Boet: Boet Vermaak hier. Hoe kan ek u help?

BEGIN VAN LUISTERTEKS:

Johan (praat vinnig): Meneer, ek het verlede maand 'n selfoonkontrak uitgeneem en op die inligtingsbrosjyre het daar gestaan dat ek R299 per maand gaan betaal. Toe die rekening kom, was die bedrag R399. En dit is nie hoeveel ek gedink het dit sal wees nie.

Boet (steeds rustig): Goeiemôre, met wie praat ek nou? Kan u asseblief vir my u selnommer gee sodat ek dit in die stelsel kan invoer om te sien waar die fout lê.

Johan: Dit is Johan van Schalkwyk en ek skakel van Bultfontein in die Vrystaat. My selfoonnommer is 089 477 2030.

Boet (steeds rustig): So ja, hier is dit. Posbus 417, Bultfontein. Is dit jou adres?

Johan: Ja.

Boet: Dis reg, jy het die selfoonkontrak van R299 per maand uitgeneem. Met dié kontrak kom 'n SP60-foon saam. Jy het egter die beter model SP80-foon geneem. Dit is 'n ekstra R50 per maand.

Johan (aanvallend): Ek het nie geweet ek moet meer vir die SP80 betaal nie! Ek het juis die R299-kontrak uitgeneem omdat dit al is wat ek in 'n maand aan 'n selfoon kan afstaan.

Boet: En ek sien hier dat jy ook geteken het vir die internet-verbinding van R50.

Johan (verbaas): Internetverbinding? Ek dog dit kom gratis saam met die kontrak.

Boet: Meneer, het jy nie die fynskrif in jou kontrak gelees nie? Jou handtekening is duidelik hierby.

Johan: Wat kan ek nou doen? Ek voel die verkoopsagent moes my daarop gewys het.

Boet: Ons kan die internet-verbinding kanselleer en jou sodoende R50 spaar.

Johan: Dit beteken dat ek nie op Facebook en Twitter kan gaan nie. Ek sal maar 'n ander plan moet maak!

Boet: Dit is baie belangrik om altyd die fynskrif te lees. 'n Kontrak is bindend, dus besin voor jy teken.

Johan: Dankie vir die raad. Ek sal dit in die toekoms onthou. Totsiens.

Boet: Klagtekantoor tot u diens. Totsiens!

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waaruit kan jy aflei dat die taalgebruik van die inbelsentrum formeel is?
Die aanspreekvorme meneer en u.
2. Hoe weet die luisteraar dat Johan in sy eerste spreekbeurt senuweeagtig is?
Hy praat vinnig en aanmekeer.
3. Wat was Johan se probleem?
Hy het gedink hy het 'n selfoonkontrak van R299 uitgeneem. Hy het egter 'n rekening van R399 ontvang wat veer meer was as wat hy begroot het.
4. Waarvoor betaal Johan die R100 meer? Wees spesifiek.
Hy moet R50 meer vir die beter foon opdok en die internetverbinding is 'n addisionele R50 per maand meer.
5. Boet Vermaak se woorde "En ek sien hier dat jy ook geteken het vir die internet-verbinding van R50" is van toepassing.
 - 5.1 Watter troefkaart speel Boet Vermaak hier?
Hy sê dat Johan geteken het vir die internet-verbinding.
 - 5.2 Wat het Johan gedink ten opsigte van die internet-verbinding?
Hy het gedink dat dit ingesluit is by die selfoonkontrak.
6. Het Johan toe gronde gehad om op te staan?
Nee, as 'n mens vir iets geteken het, dan is jy regtens verplig om dit na te kom.
7. Waarom wou Johan nie die internet-verbinding opskort nie?
Dan kan hy nie op Facebook en Twitter gaan nie.
8. Watter belangrike waarheid leer Johan hier?
'n Mens moet altyd 'n kontrak deeglik bestudeer en die fynskrif lees.

Aktiwiteit 18 Rolspeel 'n transaksie wat skeefgeloop het ...

Aktiwiteit 19 Skryf 'n verslag

Aktiwiteit 20 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 21 Lees 'n kontrak vir begrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

Pre-lees

1. 'n Huurkontrak het 'n sekere formaat (hoe dit lyk). Bestudeer dit noukeurig in die pre-lees fase.
 - 1.1 Wat word heel eerste in die kontrak genoem en waarom is dit belangrik?
Die twee mense wat die kontrak sluit se besonderhede word eerste gegee. Hulle sluit die ooreenkoms en dus is dit belangrik dat hulle eerste genoem word.
 - 1.2 Dwarsdeur die kontrak word die woorde **HURDER** en **VERHUURDER** vetgedruk. Waarom hierdie gebruik?
Dit is 'n regsaspek wat so in kontrakte gebruik word, dan hoef die volle name van die verhuurder en die huurder nie telkens genoem word nie.
 - 1.3 Waarom is die laaste gedeelte van die kontrak so belangrik? Verduidelik.
Dit is waar die twee partye die ooreenkoms verseël (geldig maak) deur hulle handtekeninge daarop te plaas.

Post-les

2. Watter persoon is die oudste, die verhuurder of die huurder? Waaruit het jy hierdie afleiding gemaak?

Die verhuurder is die oudste. Dié afleiding is gemaak deur na die twee partye se ID-nommers (geboortedatums) te kyk.

3. Haal 'n paar voorbeelde van tipiese kontraktaal (taal wat gewoonlik in 'n kontrak gebruik word) aan.

Woorde soos okkupasie, verstryking van huurtermyn, behoudens redelike stytasie, ensovoorts is kontraktaal.

4. Vir hoe lang tydperk is hierdie kontrak geldig? Watter leestegniek het jy gebruik om jou antwoord te kry?

Ses maande. Soeklees.

5. Bestudeer punt 9.2 noukeurig.

5.1 Dink jy hierdie is 'n redelike punt vanuit die verhuurder se oogpunt?

Dit keer die huurder om somer net veranderinge aan die huurhuis aan te bring. Dit beskerm die eiendom vir die verhuurder.

5.2 Waarom kan dit vir die huurder moontlik frustrasie veroorsaak?

Hy moet vir elke liewe verandering wat hy wil aanbring, skriftelike toestemming vra. Gestel hy wil 'n prent teen die muur hang of 'n skroefie iewers indraai, moet hy eers toestemming vra.

6. Watter verskuilde versoek is daar in punt 11?

Die verhuurder hoop dat die huurders nie te veel sal lawaai en partytjie hou nie.

7. Verduidelik punt 12 in jou eie woorde.

Die huurder mag nie iemand anders kry om byvoorbeeld 'n deel van die huis (kamer / stoorplek) by hom te huur nie. Hy mag dus nie onderverhuur nie.

8. Waarom dink jy wil die verhuurder self die tuin in stand hou?

Leeders bied hulle eie redes aan. Daar kan verskeie redes wees: die verhuurder het dalk 'n span werkers wat al sy eiendomme in standhou, die verhuurder het dalk duur plante wat hy nie wil hê moet ten gronde gaan nie, die verhuurder het dalk voorheen 'n bloutjie geloop met huurders wat nie die tuin oppas nie.

9. Dink jy die versoek by punt 15 is billik? Watter verandering sou jy maak as jy hierdie huurkontrak moes sluit?

Dit gee die verhuurder die reg om te alle redelike tye besoek by die perseel af te lê. Watter tye is redelike tye? Dit doen inbreuk op die huurder se privaatheid. Ek sou dit verander dat hy met afspraak inspeksie kan kom doen. Dan weet die huurder ten minste van die besoek.

Aktiwiteit 22 My eie spellys

Aktiwiteit 23 Taal in konteks: Vat vyf en skud blad

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Is die vraag in paragraaf 1 'n algemene of 'n spesifieke vraagsin? Verduidelik.

Dit is 'n algemene vraagsin. Die sin se woordorde word net verander om 'n vraag te vorm.

2. Die onderstaande woorde is die skrywer se direkte woorde. Skryf hierdie woorde oor in die indirekte rede.
“Hallo. Hoe gaan dit?” Begin jou sin só: **Hy sê hallo en vra hoe dit gaan.**
3. Gee twee meervoude vir die woord *winkelsentrum* (paragraaf 2).
Winkelsentrums en winkelsentra.
4. Waarom word die woord *handdruk* met twee d's gespel?
Dit is 'n samestelling van een woord wat op 'n d eindig en die ander wat met 'n d begin.
5. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woord *normaalste* (paragraaf 6).
Abnormaalste.
6. Wat is die raakpunte in die vergelyking soos 'n *knyptang* (paragraaf 6)?
Die man hou sy hand vas soos wat 'n knyptang iets vashou. Daar is die uitkomstans nie.
7. Is die woorde so 'n *ou slap handjie* neutrale of emotiewe taal? Motiveer.
Dit is gevoelstaal. Die gebruik van die verkleining en die woord ou versterk dit.
8. Skryf die teenoorgestelde van die woord *kortetjies* (paragraaf 8) neer.
Langetjies.
9. Die woord *sterk* kom in paragraaf 8 voor. Gee die intensiewe vorm van dié woord tussen hakies in die volgende sin: Die seningrige mannetjie was werklik (sterk).
Ystersterk.
10. Skryf die twee woorde *kneukels beetgekry* in paragraaf 13 neer en onderstreep die diftong wat daarin voorkom.
Kneukels (geen diftong nie) beetgekry.
11. Is die woord *kilo* (paragraaf 17) 'n afkorting, verkorting, of akroniem?
Dit is die verkorting van die woord kilogram.
12. Die woord *Mazda* word met 'n hoofletter geskryf omdat dit 'n eienaam is. Skryf die volgende sin oor en maak die hoofletters reg:
Daar loop mnr. Van der Merwe wat graag Standaardafrikaans praat.
13. In paragraaf 18 staan dat die kat vyf kleintjies gehad het. Gee 'n versamelnaam vir 'n klomp klein katjies.
Werpel katjies.
14. Die woord *terwyl* (paragraaf 20) is 'n voegwoord. Voeg die volgende twee sinne aanmekaar deur 'n teenstellende voegwoord te gebruik:
Hy wil die oom ontduik, maar die oom het hom klaar raakgesien.

Luisterteks

Navorsers skrik hul wit toe haai op boot spring

Deur Eugene Gunning

George. – Navorsers op 'n boot naby Robbe-eiland in Mosselbaai het die verrassing van 'n leeftyd gekry toe 'n witdoodshaai van 500 kg en 3 m lank in hul boot beland het.

Hulle was Maandag omstreeks 07:30 op die boot *Cheetah* besig met navorsing oor haaie en ander visse. In daardie stadium was hulle al meer as 'n uur op die boot en dinge het rustig verloop.

Die volgende oomblik het die haai uit die water gespring en halflyf in die boot beland.

Onderhoudvoerder: Jy sê dit was 'n noue ontkoming wat julle amper bokveld toe gestuur het. Wat was so skrikwekkend?

Dorien Schroder: Die feit dat dit 'n gevaarlike witdoodshaai was, het ons almal die skrik op die lyf gejaag.

Onderhoudvoerder: Wat het gebeur toe die haai op die boot beland het?

Dorien Schroder: Die haai was natuurlik paniekbevange en het gespartel. Dit het veroorsaak dat hy net verder op die boot gewikkel het.

Onderhoudvoerder: Wat het julle toe gedoen?

Dorien Schroder: Toe ons die eerste groot skok verwerk het, het ons besef dat ons die dier se lewe moet red. Ek het hulp per radio ontbied en 'n tweede boot, die *Lamindae*, het hom na ons gehaas.

Onderhoudvoerder: Watter hulp het die bemanning van die *Lamindae* aangebied?

Dorien Schroder: Hulle het 'n tou om sy stert gebind en hom van die boot probeer aftrek.

Onderhoudvoerder: Was hierdie poging toe suksesvol?

Dorien Schroder: Nee, jy moet onthou dat die haai 'n halwe ton geweeg het. Die *Lamindae* het toe ons boot – met die haai bo-op – na die Mosselbaaise hawe gesleep.

Onderhoudvoerder: Wat het julle gedoen om die haai aan die lewe te hou?

Dorien Schroder: Ons bemanningslede het deurentyd die haai vol soutwater gegooi. Ons het geweet dat die haai op die boot ons nie kon skade aandoen nie. Hy was immers op ons terrein. As dit in die water was, was dit 'n ander saak.

Onderhoudvoerder: Hoe is die haai toe gered?

Dorien Schroder: By die hawe is hy met 'n groot haak van die boot getrek. Die toue is losgesny en hy het onderdeur die boot gewem.

Onderhoudvoerder: Hoe sal jy hierdie ervaring beskryf?

Dorien Schroder: Ons was aanvanklik paniekerig en dit was 'n angswekkende ervaring, maar ons was nooit regtig in lewensgevaar nie.

Dialog verwerk uit *Beeld*, 20 Julie 2011, bl. 1.

1. Bestudeer die titel en illustrasie noukeurig.
 - 1.1 Watter woordspeling kom daar in die titel voor?
Die navorsers wat hulle wit skrik vir die witdoodshaai.
 - 1.2 Hoe weet jy uit die illustrasie dat daar navorsing gedoen is?
Die man het 'n bord in sy hand gehad waarop aantekeninge gemaak is.
 - 1.3 Kan jy uit die prent aflei van watter land die navorsers was? Verduidelik.
Suid-Afrika. Die landsvlag wapper op die skip.
 - 1.4 Hoe weet jy dat die bemanning bang was?
Die vroultjie kruip weg, die man se gesigsuitdrukking dui ook op skok.
 - 1.5 Wie of wat skrik ook wat aan hierdie prent 'n humoristiese aanslag gee?
Die voëltjie asook die haai skrik groot.
2. Watter uitdrukking gebruik die onderhoudvoerder wat dieselfde beteken as *dood gewees* het?
Bokveld toe gestuur.
3. Waarom was die navorsers aanvanklik bang?
Dit was 'n gevaarlike witdoodshaai.
4. Waaruit in die naamgewing, kan jy aflei dat hierdie 'n gevaarlike haai is?
Uit die naam witdoodshaai.
5. Wat het gebeur toe die haai op die boot beland het? Waarom kon hy nie weer net afgly nie?
Die haai was paniekerig en het begin spartel. Hy het al verder op die boot gewikkel.
6. Met watter reddingspoging het die bemanning van die *Lamindae* aanvanklik vorendag gekom? Was dit suksesvol?
Hulle het die haai met 'n tou probeer afsleep. Dit was onsuksesvol.
7. Hoeveel kg het die haai geweeg?
500 kg
8. Die bemanning van die *Cheetah* het die haai aan die lewe gehou deur soutwater oor hom te gooi. Hoe het dit sy lewe gered?
Haaie leef in water en kry hulle suurstof in die water. Dit het ook die haai afgekoel en sy stres verminder.
9. Haal woorde aan om aan te dui dat hulle baie bang was.
Skrikwekkend, paniekerig, angswekkende.
10. Som die kerngedagtes van die uiteindelijke reddingspoging in ongeveer 30 woorde op.
Die *Lamindae* het die boot met die witdoodshaai bo-op, hawe toe getrek waar die haai met 'n groot haak van die boot getrek en die toue losgesny is.

Aktiwiteit 25 Onvoorbereide toespraak

Aktiwiteit 26 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 27 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 28 Lees met begrip uit letterkundige werk

Vrae en voorgestelde antwoorde

Post-lees

1. As 'n mens 'n teks lees, vorm jy 'n beeld van die gebeure in jou gedagtes. Dit word visualisering genoem. Het jy al iemand gesien messe slyp en kan jy hierdie beeld in jou gedagtes vorm? Verduidelik.

Leerders gee hulle eie antwoorde. Ek kan hierdie beeld in my gedagtes vorm, want ek het my oom al sien messe slyp / ek het al oor die televisie gesien hoe messe geslyp word.

2. Watter afleiding maak jy uit paragraaf 4?

Hy is teësinning. Hy wil dit nie doen nie. Hy wil nie na sy pa toe gaan en met die hele jag-ritueel gekonfronteer word nie.

3. Bestudeer die gebruik van die woord *rapseltjie* in paragraaf 2.

3.1 Wat beteken die woord *rapseltjie*?

'n Klein bietjie.

3.2 Waaruit kon jy hierdie afleiding maak al ken jy nie hierdie woord se betekenis nie?

Die woord se betekenis kon uit die sin afgelei word. Die gebruik van die verkleinwoordjie dui ook daarop dat dit 'n klein bietjie olie is.

4. Verduidelik paragraaf 6 in jou eie woorde.

Hy vat die beker koffie met sy hande. Die warm beker brand sy hand en hy verskuif sy vingers na die oor van die beker.

5. Lees paragraaf 8 aandagtig deur. Wat merk jy op omtrent die lengte van die sinne? Watter effek het dit?

Die sinne is kort en dit skep spanning en afwagting.

6. Leerders lees die verhaal in die *Leesboek*. Wat is die skrywer se standpunt oor jag?

Die skrywer hou nie van jag nie.

7. Stem jy saam met die skrywer se standpunt?

Leerders gee hulle eie antwoorde. Hulle moet dit net goed motiveer.

Aktiwiteit 29 'n Strokje word 'n storie [Formele assesseringstaak 2]

Aktiwiteit 30 Taal in konteks: Bly op 'n afstand van olifant

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die volgende woorde oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom: **deurbring (paragraaf 1) (geen diftong nie), naby (paragraaf 3), voertuig (paragraaf 3).**

2. Benoem die klankverskynsels wat in die volgende woorde kan voorkom:

2.1 *wanneer* (paragraaf 3) uitgespreek as *wannir*

Vokaalreduksie.

2.2 *probeer* verkeerdelik uitgespreek as *pirbeer*.

Vokaalreduksie en klankverspringing.

3. Die woord *gereeld* kom in paragraaf 1 voor. Onderskei deur kort sinne te gebruik tussen die woorde *gereelde* en *gereelde*.

Hulle het aan alles moontlik gedink, dit was 'n goed gereelde partytjie.

Ons sien mekaar een keer 'n week, dit is 'n gereelde uitstappie.

4. Haal 'n bywoord van plek uit paragraaf 3 aan en gee die trappe van vergelyking van dié woord.

Naby, nader die naaste.

5. Spreek die volgende twee woorde hardop uit: *mense* (paragraaf 1) en *weens* (paragraaf 6). By watter een van hierdie woorde vind nasalering en vokalisering plaas?

Slegs by die woord *mense* word die e-klank genasaleer en die n-klank gevokaliseer.

6. Watter betekenisverandering sal die woord *dier* (paragraaf 7) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word?

Dit sal dan *duur* wees wat die teenoorgestelde van goedkoop beteken.

7. Gebruik die woord *onder* en verduidelik hoe assimilasië die uitspraak van die woord beïnvloed.

Algehele assimilasië, die klank val weg: onner.

8. Gee die betekenis van die volgende uitdrukkings:

8.1 rieme styfloop (paragraaf 1)

In die moeilikheid raak.

8.2 op hulle hoede (paragraaf 5)

Waaksaam wees.

9. *Hy het dit **aan** Erica Gibson gesê* (paragraaf 6). Die onderstreepte woord is 'n voorsetsel. Voltooi die volgende voorsetsels:

9.1 Die pomp is **buite** werking, nou is daar nie water in die dam vir die diere nie.

9.2 Die mense het verkeerd teenoor die olifante opgetree as gevolg van 'n gebrek **aan** kennis.

9.3 Hy het die veldwagter genader en **met** die deur **in** die huis geval en hom bestook met vrae.

10. Haal 'n woord uit paragraaf 8 aan en dui aan ...

10.1 dat dieselfde letter verskillende klanke kan voorstel,

Beteken – die e stel verskillende klanke voor.

10.2 verskillende letters dieselfde klank kan voorstel.

Hitte – die i en die e stel dieselfde klank voor.

11. Haal 'n paar klanknabootsende woorde uit paragraaf 9 aan.

Flap, trompetter, flappende, slurp.

12. Waarom word die woord '*gooi*' (paragraaf 9) tussen enkel aanhalingstekens geskryf?

'n Aanhaling binne die direkte woorde van 'n persoon word tussen enkel aanhalingstekens geskryf.

13. Skryf 'n woord met die teenoorgestelde betekenis as *versigtig* (paragraaf 10) neer. Jy mag nie die woord *onversigtig* gebruik nie.

Onverskillig, onverskrokke.

14. Vul jou spellys aan met die volgende woorde uit die teks: aggressief (onthou twee g's en twee s'e), getraumatiseer, indrukwekkender.

15. Voltooi die geluide wat die diere maak:

15.1 'n Olifant **trompetter**.

- 15.2 'n Aap **blaf**.
- 15.3 'n Donkie **balk**.
- 15.4 'n Duif **koer**.
- 15.5 Vinke **kwetter**.
- 15.6 Ganse **snater**.

16. Paragraaf 13 is Swiegers se direkte woorde. Skryf hierdie sin oor in ...

- 16.1 die direkte rede deur die regte leestekens te gebruik. Begin jou sin as volg: Swiegers sê:

Swiegers sê: “Moenie jou ligte flits nie en moet ook nie die toeter druk nie.”

- 16.2 die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Swiegers het gesê dat ...

Swiegers het gesê dat 'n mens nie jou ligte moet flits en ook nie die toeter moet druk nie.

Spieëltjie, spieëltjie, in my hand

Aktiwiteit 31 Luister na 'n koerantberig

Luisterteks

Paragraaf 1: Dié materiaal word gemaak uit hoë konsentrasies van die melkproteïen kaseïen en is die eerste mensgemaakte vesel wat sonder enige chemikalieë vervaardig is. “Dit voel soos sy en ruik na niks. Jy kan dit net soos enigiets anders was.”

Paragraaf 2: Dit bestaan slegs uit natuurlike materiale en is nie net omgewingsvriendelik nie, maar ook voordelig vir jou gesondheid, het Domaske, 'n oudmikrobiologistudent, gesê. Volgens haar is die aminosure in die proteïen antibakteries, werk veroudering teen en kan 'n mens se bloedsomloop sowel as liggaamstemperatuur help reguleer.

Paragraaf 3: Domaske se modes word gekenmerk deur sagte oorvourukke met byderwetse snitte en helderkleurige patrone en word gemaak uit 'n verskeidenheid materiale. Domaske beplan om 'n reeks te ontwerp wat uitsluitlik uit dié melklap gemaak word.

Paragraaf 4: Melkvesels bestaan reeds sedert die 1930's, maar is voorheen met behulp van baie chemikalieë gemaak wat skadelik vir die omgewing is. “Ons het 'n heeltemal natuurlike vesel ontwikkel wat bestaan uit 'n baie hoë konsentrasie kaseïen en 'n paar ander natuurlike bestanddele,” het Domaske gesê. Die kaseïen word uit droë melkpoeier onttrek en dan saam met ander natuurlike produkte in 'n soort vleismeule verhit. Die vesel word in stringe uitgewerp en dan in gare gespin op 'n spinmasjien.

Paragraaf 5: Danksy die antibakteriese eienskappe kan die melkvesel ook in medisyne en grimering gebruik word. Motorvervaardigers het al die moontlikheid ondersoek om dit in die vervaardiging van motorstoffering te gebruik.

Geneem uit *Beeld*, 12 Oktober 2011, bl. 13. 37

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter woordspeling kom daar in die opskrif van hierdie koerantberig voor?

Die modeontwerper wat die modes melk (voordeel daaruit trek), maar die materiaal word juis van melk gemaak, daarom die woordspeling.

2. Die melkproteïenkaseïen is die eerste mensgemaakte vesel wat sonder ... vervaardig is. Voltooi dié sin.

Dit is sonder chemikalieë vervaardig.

3. Wat is 'n mens se eerste vrees as jy hoor dat hierdie materiaal van melk gemaak word? Watter versekering gee Anke Domaske in hierdie verband?

'n Mens vrees dat as dit van melk gemaak word, dat dit sal suur / vrot word en dus stink. Sy gee die versekering dat dit reukloos is.

4. Watter voordele hou die aminosure in? Noem enige twee.

Dit is antibakteries, werk veroudering teen en reguleer die mens se bloedsomloop en temperatuur.

5. Hoe beskryf Anke Domaske haar rokke?

Oorvourukke met byderwetse snitte en helderkleurige patrone.

6. Luister weer na die voorlesing van paragraaf 4.

6.1 Sedert watter jaartal bestaan melkvesel al?

1930.

6.2 Haal woorde uit hierdie paragraaf aan wat die teenoorgestelde is van die woord *omgewingsvriendelik*.

Skadelik vir die omgewing.

7. Omdat die melkvesel oor antibakteriese eienskappe beskik kan dit ook vir ander produkte gebruik word. Noem een so 'n produk.

Medisyne en grimering.

8. Waarvoor kan motorvervaardigers dié melklap gebruik?

Vir die stoffering van motorsitplekke / bekleedsel.

Aktiwiteit 32 Skryf 'n artikel oor die vere maak die voël

Aktiwiteit 33 Mondelinge aanbieding: Die vere maak die voël

Aktiwiteit 34 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 35 Spieëltjie, spieëltjie aan die wand

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die illustrasie noukeurig.

1.1 Waaruit kan jy aflei dat die meisietjies baie moeite met hulle voorkoms gedoen het?

Hulle is vreeslik "opgetooi": spoggerige klere, hare en juweliersware.

1.2 Die een meisietjie drink nog 'n fopspeen. Wat wil daardeur gesê word?

Dit wil sê dat die meisies te jonk is om aan so 'n kompetisie deel te neem. Hulle moet nog sorgvry wees en fopspeen suig.

1.3 Haal klanknabootsing aan en sê watter klank nageboots word.

Slurp slurp. Dit boots die klank van die suigaksie na.

2. Die subopskrif is van toepassing: *Ons soek die mooiste meisietjie in die land.*

2.1 Brei die sin uit deur die onderwerp (dus die woord *ons*) te beskryf.

Ons, die beoordelaars, ...

2.2 Benoem die bepaling *in die land*?

Bywoordelike bepaling van plek. Dit is die antwoord op die vraag waar?

3. Watter klankverskynsels kom in die volgende woorde voor?

3.1 Die woord *tande* (paragraaf 1) uitgespreek as *tanne*.

Algehele assimilasie.

3.2 Die woord *manier* (paragraaf 3) uitgespreek as *minier* waar die vokaal verander word in 'n i-klank.

Vokaalreduksie.

4. Die woord *kompetisie* kom in paragraaf 3 voor. Maak 'n afleiding van hierdie woord sodat dit pas in die volgende sin: Die jong meisies (kompetisie) met mekaar. **Kompeteer.**

5. Die woord *kwaliteit* kom in paragraaf 3 voor. Maak 'n sin met elk van die volgende twee woorde sodat die verskil in betekenis duidelik daaruit blyk: kwaliteit en kwantiteit.

Kwaliteit = gehalte.

Kwantiteit = hoeveelheid.

6. Van watter woord is die woord *verbonde* (paragraaf 5) afgelei?
Bind.
7. Skryf neer of die volgende woorde deur samestellings, afleidings of samestellende afleidings gevorm is:
- 7.1 eetversteurings (paragraaf 6) **Samestellende afleiding.**
- 7.2 onhaalbaar (paragraaf 6). **Afleiding.**
8. Die woord *sê* (paragraaf 7) is 'n werkwoord. Vorm 'n selfstandige naamwoord van die woord *sê* in die volgende sin: Die (*sê*) lui: vroeg ryp, vroeg vrot. **Gesegde.**
9. Bestudeer die volgende twee sinne:
- 9.1 Die meisie word beoordeel.
- 9.2 Die meisie word siek.
- By een van die sinne is *word* 'n hulpwerkwoord en by die ander 'n koppelwerkwoord. Verduidelik en gee die reël weer.
- By 9.1 is word 'n hulpwerkwoord, want die woord *beoordeel* is die hoofwerkwoord.**
- By 9.2 is dit 'n koppelwerkwoord, want daar is nie nog 'n ander werkwoord in die sin nie.**
10. Gee 'n sinoniem en 'n antoniem vir die vetgedrukte woord: **slanke** figuur (paragraaf 7).
Sinoniem: maer figuur.
Antoniem: gesette figuur.
11. Die *Randse Afrikaanse Universiteit* (nou Johannesburg Universiteit) word in paragraaf 8 genoem. Die afkorting hiervoor is RAU. Dit is 'n akroniem, want die letters word uitgespreek. Skryf die volgende akronieme voluit neer.
- 11.1 Etkom
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie
- 11.2 Prof.
Professor.
- 11.3 Sarvu
Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie
12. Die woord *lei* kom in paragraaf 8 voor. Onderskei deur middel van kort sinne tussen die homofone *lei* en *ly*.
Sy is baie siek en ly aan haar hart.
Hy lei die mense deur sy goeie voorbeeld.
13. Die woord *danksy* word in paragraaf 9 gebruik. Onderskei tussen *te danke aan* en *te wyte aan* deur kort sinne met elk te maak.
Dit is te wyte aan haar dat ek nou in die moeilikheid is (negatief).
Dit is te danke aan haar dat ek sy verjaarsdag onthou het (positief).
14. Skryf die twee meervoude van die woord *idee* (paragraaf 13) neer.
Idees en ideë.
15. Voltooi die voornaamwoorde in die volgende sin: ... stoel ... op die meisie sit, is haar broer
Hierdie / dié stoel waarop die meisie sit, is haar broer s'n. Let op die spelling van s'n – nie sin nie.
16. Wat beteken die idioom *blommetjie vyf, al wat sy het, sit aan haar lyf*?

Sy spandeer al haar geld aan klere.

Aktiwiteit 36 Tonne pret

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Met watter paragraaf skakel die titel direk?

Slotparagraaf.

2. Dui die denotasie en konnotasie van die woord *gewigtige* in die eerste paragraaf aan.

Die denotasie (woordeboekbetekenis) is dat dit 'n belangrike saak is. Die konnotasie (figuurlike betekenis) verwys na die ballerinas wat mollig / vet is.

3. Waarom word “*swaargewigte*” paragraaf 2 tussen aanhalingstekens geskryf?

Die woord word buite konteks aangehaal. Dit verwys gewoonlik na bokkers wat in die swaargewig-afdeling deelneem. Hier verwys dit na die gesette ballerinas.

4. *Hulle lyk dalk nie soos tipiese ballerinas nie* (paragraaf 2) is van toepassing. Hoe word 'n tipiese ballerina gewoonlik gestereotipeer?

Gewoonlik is 'n ballerina rietskraal / brandmaer. Hoekom kan gesette mense nie ook ballet nie? Gesels met die leerders oor hierdie “onregverdigheid”.

5. Gee een woord vir *lig op hulle voete* (paragraaf 2).

Ligvoets.

6. Skryf 'n sinoniem vir die woorde *oorverdowende applous* neer.

Harde toejuiging.

7. Die woorde *al kreun die verhoog behoortlik onder hulle gewig* (paragraaf 3) is van toepassing.

7.1 Watter beeldspraak kom in hierdie sin voor?

Personifikasie.

7.2 Word die woord *kreun* letterlik of figuurlik bedoel?

Figuurlik (maar die verhoog kan dalk ook letterlik kraak (kreun))!

8. Bestudeer die slotsin noukeurig

8.1 Wat is die denotatiewe (letterlike) betekenis van die woorde *tonne pret*?

Dit verwys daarna dat hulle baie pret het.

8.2 Wat is die konnotatiewe (figuurlike) betekenis van hierdie woorde?

Die *tonne* verwys na hulle swaarlywigheid.

9. *Dit skrik hul nie af nie* (paragraaf 4). Skryf hierdie sin oor, eers in die toekomstige tyd en dan in die verlede tyd.

Toekomstige tyd: Dit sal hulle nie afskrik nie.

Verlede tyd: Dit het hulle nie afgeskrik nie.

10. Skryf die volgende sin oor en verbeter die afkappingstekens waar nodig:

Eks bly dat die twee kanos myne is.

Ek's bly dat die twee kano's myne is.

Aktiwiteit 37 Toets [Formele assesseringstaak 3]

Kwartaal 2

Week 1 en 2

Daar's baie visse in die see

Aktiwiteit 38 Luister na 'n visser-vrou-storie

Luisterteks

Visser-vrou-storie

Ek en Elza het besluit dat dit vanaand ons vrouens se beurt is om langs die viswaters te gaan deurbring. Die mans kyk na die kinders en versorg die honde en katte en marmotte by die huis. Ons hou ons vanaand máns genoeg om 'n vis-nagtog aan te pak. Die oumense het geglo dat 'n mens net visvang as daar 'n r (errrrr) in die maand is en dit is Februarie en ons is rrrreg!

Alles het vlot verloop en ons is in die bootjie op die dam. Het selfs – soos mans gewoonlik doen – vir ons 'n knertsie ingegooi vir ekstra lekkerte.

Saggies klots die water teen die boot se romp. Dit is al goed donker, nee eintlik stikdonker. Ek het iets gehoor. Dit is moeilik om te sê wat dit was. Die seekoei wat ons gesien het toe ons gekom het, het aan die ander kant van die dam gelê en blaas soos 'n warmwaterbron. “Het jy dit ook gehoor?” sê-vra ek Elza. “Jip!” sê sy sag. Ons sit in afwagting. Peuter maar met die aas rond en ignoreer die stilte wat soos 'n kombors oor die dam gegooi word.

Meteens is daar weer 'n ruk aan die boot. Voëls wat in die riete nescgemaak het, fladder verwild op. “Is dit 'n krokodil?”, vra ek benoud. “Vanaand word ons krokkos,” sê Elza half uitasem. Dalk is daardie r'e waaraan die oumense geglo het, eerder bedoel vir die rillings wat soos soldate by my ruggraat afmarsjeer. In my gedagtes sien ek hoe ou krokkie die boot in twee hap net soos daardie yslike krokodil in een van die grillerflieks op die televisie se aksie-kanaal. Beelde van Jaws speel ook voor my af.

Meteens sing die katrol. Nou's daar moeilikheid, gróót moeilikheid! Soos 'n wafferse visserman gryp Elza die visstok en begin katrol! Ek gryp met albei my hande die boot se rand vas en begin bid. Dit is soos 'n greep uit 'n rillerprent. Ek kyk anderkant toe, wil nie sien wat nou oor die boot se rand gaan tuimel nie. Ek sien die maan het 'n blink streep oor die water gegooi, maar selfs dít lyk vir my onheilspellend.

Dis 'n yslike vis wat die aas gegryp het! Miskien oordryf ek 'n bietjie, maar dit is maklik om jou verbeelding te laat weghardloop as julle moedersielalleen in die donker nag, met net sterre bo jou kop op een van die Laeveld se mooiste damme sit. Wel, die vis wás groot, maar die allerbeste is dat ons iets het om te wys as ons by die huis kom!

Laatnag strompel ons die huis binne met 'n sak vol vis. Mans en kinders heerlijk in droomland. En môre gaan ons die storie vertel van die ene wat nié weggekome het nie!

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. As jy na die skets kyk en die inleiding lees, kan jy reeds in die **pre-luister fase** sekere afleidings maak. Beantwoord die volgende vrae:

1.1 Waaruit kan jy aflei dat hierdie vrouens se mans gereeld gaan visvang?

Uit die woorde *dít is ons vrouens se beurt*.

1.2 Hoe word dit beklemtoon dat daar verskeie soorte troeteldiere aangehou word?

Die herhaling van die voegwoord *en*.

1.3 Watter maande is volgende die oumense reg vir visvang?

Januarie, Februarie, Maart, April, September, Oktober, November, Desember.

2. Waarmee word die seekoei se geblaas vergelyk? Is dit 'n gepaste vergelyking?
Die geblaas van 'n warmwaterbron. Dit is 'n gepaste vergelyking, want as 'n seekoei blaas, spat die water in fyn druppeltjies om hom.
3. Waarom is dit stil in die aand om die dam?
Al die diere het reeds gaan slaap.
4. Wat het die verteller gedink veroorsaak die geruk aan die boot?
Sy het gedink dat dit 'n krokodil is.
5. Haal die woord aan wat daarop dui dat Elza dink dat die krokodille hulle gaan eet.
Krokkos.
6. Watter woordspeling kry ons ten opsigte van die oumense se geloof in die r-klank?
Dit verwys hier na die rillings wat teen haar ruggraat afhardloop.
7. Watter beeld speel in die verteller se gedagtes af?
Die beeld van 'n yslike krokodil wat 'n boot middeldeur byt in een van die rillerfliëks wat op televisie vertoon is.
8. Waarna verwys Jaws?
Na die bekende film *Jaws* waar die haai vissermanne aanval.
9. Hoe word dit beklemtoon dat daar moeilikheid is?
Die herhaling van die woord *moeilikheid* en die gebruik van die woord *gróóft*. Hierdie word ook harder gelees om dit te beklemtoon.
10. Waarom wil die spreker nie kyk wat inkatrol word nie?
Sy verwag die ergste en wil dit nie sien nie.
11. Die spreker praat van die maan en die sterre wat mooi oor die dam skyn. Wat noem ons hierdie tegniek as daar eers oor ander dinge gepraat word voordat die storie hervat word? Watter funksie vervul hierdie tegniek?
Uitsteltegniek. Dit skep spanning en afwagting.
12. Watter ironiese toespeling kry ons in die slot van die vertelling?
Daar word altyd vertel van die groot vis wat weggekom het, in hierdie vertelling word daar gesinspeel dat hulle gaan vertel van die een wat nié weggekom het nie.

Aktiwiteit 39 Hou 'n forumbespreking

Aktiwiteit 40 Literêre teks: Volksverhaal

Aktiwiteit 41 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 42 Lees vir begrip: Seekoei

Vrae en voorgestelde antwoorde

Pre-lees

Bestudeer die titel en subtitel noukeurig.

1. Hoe word hierdie ongewone verskynsel in die titel uitgehef?

Die woord *see* in die woord *seekoei* is groter gedruk. Dit dui daarop dat die seekoei in die *see* geswem het.

2. Waarom is hierdie, in geheel gesien, eintlik ironies?

Die seekoei se naam sê eintlik dat hy in die see hoort, maar hy leef in varswater.

3. Vervang die emotiewe woord in die subtitel met 'n nugter woord.

Die woord *baljaar* is 'n emotiewe woord. Die woord *swem* is 'n nugter woord wat dié woord kan vervang. (1)

'n Emotiewe woord is 'n woord wat gelaai is met 'n sekere emosie.

Post-les

1. Skryf die eerste sin (paragraaf 1) in die indirekte rede. Begin jou sin só: Die dogter sê...

Die dogter sê dat haar pa moet kyk, want daar is 'n seekoei op die strand. (2)

2. Hoe vinnig kan 'n seekoei oor kort afstande hardloop? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?

48 km/h. Soeklees.

3. Watter twee redes word gegee waarom die seekoei moes terugkeer na sy natuurlike habitat?

Die see se soutwater sal hom laat dehidreer (ontwater), want seekoeie bly heeldag in water. Daar is nie kos vir die seekoei op die strand nie.

4. Lees weer paragraaf 13. Is die inligting wat hier gegee word 'n feit of 'n bewering? Motiveer.

Dit is 'n bewering. Die woord *vermoed* dui daarop dat dit nie 'n feit is nie.

5. Skryf die vroulike vorm van seekoei (paragraaf 2) neer.

Seekoeikoei.

6. *Natuurbewaarders vermoed nou die seekoei het homself gaan uitspoel in die water van 'n varswatermeer naby die Umhlali-rivier* (paragraaf 7). Skryf hierdie sin in die lydende vorm.

Daar word vermoed dat die seekoei homself toe gaan uitspoel het in die water van 'n van 'n varswatermeer naby die Umhlali-rivier.

7. Waarom is die gebruik van die woord *manneling* (paragraaf 13) foutief?

Ons praat van 'n seekoeibul (en nie –manneling nie).

8. As diere wegtrek uit hulle natuurlike omgewing om elders kos te soek, dan *migreer* (paragraaf 14) hulle.

8.1 Wat noem ons dit as iemand ons land verlaat om hulle permanent in 'n ander land te gaan vestig?

Hulle emigreer die land uit en word 'n emigrant genoem.

8.2 Wat noem ons as iemand uit 'n ander land hulle permanent hier in ons land kom vestig?

Hulle immigrer die land binne en word 'n immigrant genoem.

9. Watter aanklag teen die mensdom kan uit hierdie gebeure afgelei word? Kan hierdie aanname as 'n veralgemening gesien word?

Die mens besoedel die riviermonde en ontnem die diere van belangrike natuurlike moerasse. Die leeders besluit self of hierdie 'n veralgemening is. Hulle moet net hulle standpunt baie goed motiveer.

Aktiwiteit 43 Skryf 'n dagboekinskrywing

Aktiwiteit 44 Spellys

Aktiwiteit 45 Slim dolfyne

Vrae en voorgestelde antwoorde

- In die eerste paragraaf word ma's met 'n afkappingsteken geskryf. Gee die meervoude van die volgende en lei die reël wat geld daarvan af: oupa, padda, sofa, karba, stiefma.
Oupas, paddas, sofas, karba's, stiefma's. Die woord kry 'n afkappingsteken in die meervoud as die a beklemtoon word.
- Watter woordoortolligheid kom voor in die woorde *klein dolfyntjies* (paragraaf 1)?
Die woord *klein* en die verkleining *dolfyntjies* dui albei op verkleining, dus kan *klein* as woordoortolligheid beskou word.
- Gee een woord vir *om asem te haal* (paragraaf 1).
Asemhaal.
- Die woord *boontoe* (paragraaf 1) word vas geskryf. Skryf die volgende sin oor en verbeter ten opsigte van die los- en vasskryf van woorde.
Op pad seetoe het sy agter toe getrap en bo oor die dolfyn geval.
Op pad see toe het sy agtertoe getrap en bo oor die dolfyn geval.
- Die woord *moordvisse* kom in paragraaf 2 voor. Gebruik die kern van hierdie woord as 'n bepaler in 'n ander samestelling.
Enige samestelling met die woord *vis-* as bepaler: vishoek, viskoekie, ensovoorts.
- Die woord *lewensredders* (paragraaf 3) is van toepassing. Gee die morfologiese bou van hierdie woord en bepaal of dit 'n samestelling, 'n afleiding of 'n samestellende afleiding is.
Leef + verbindingsklank *-ens-* + red (d) + agtervoegsel *-ers*. Samestellende afleiding.
- Gee die korrekte vorm van die woord *gehelp* (paragraaf 3) in die volgende sin: Hy het sy (gehelp) aangebied. Wenk: hierdie woord word deur klinkerwisseling afgelei. **Hulp.**
- Die rede vir die gebruik van die koppelteken in die woorde *piep-*, *klik-* en *fluitgeluide* (paragraaf 4) is die koppelteken wat in die plek van die woord *geluide* staan. Gee die rede vir die koppeltekengebruik in die volgende woorde:
 - Traak-my-nieagtig – **Gekoppelde bepaling.**
 - Asma-aanval – **Opeenvolging van klinkers / vokale.**
 - Bek-en-klouseer – **Koppeling met *en*.**
- Skryf die eerste sin in paragraaf 4 oor en verander dit in 'n algemene vraagsin.
Kan dolfyne 'n verskeidenheid piep-, klik- en fluitgeluide maak?
By 'n algemene vraagsin verander slegs die woordorde van die sin. Geen vraagwoorde soos waarom, hoekom, wie, word gebruik nie.
- Skryf neer of die volgende woorde deur samestelling of afleiding gevorm is:
 - 10.1 verskeidenheid (paragraaf 4) **Afleiding.**
 - 10.2 fluitgeluide (paragraaf 4) **Samestelling.**
- Voegsels kan ook betekenis hê. So beteken *on-* in die woord *ongelukkig* (paragraaf 5) *nie* gelukkig nie. Wat beteken die voorvoegsel *wan-* in die woord *wanaangepas*?
Sleg, verkeerd.
- Vorm 'n persoonsnaam van die woord *navorsing* in paragraaf 4.
Navorser.
- Skryf neer of die volgende woorde 'n simpleks of 'n kompleks is:
 - 13.1 wetenskaplikes (paragraaf 4) – **Kompleks.**

13.2 dadelik (paragraaf 6) – **Simpleks.**

14. *Varswaterdolfyne kom in mere of riviere voor* (paragraaf 5). In hierdie sin is daar 'n skeibare werkwoord. Gebruik nou die woord *voorkom* as 'n onskeibare werkwoord in 'n sin.

Om te voorkom dat ek laat is, staan ek vroeg op.

15. Die onderstreepte klank in die woord *etenstyd* word 'n verbindingsklank genoem. Verbind die volgende woorde deur verbindingsklanke te gebruik:

Leef + styl, kind +boek.

Lewenstyl, kinderboek.

16. Die woord *vis* word in paragraaf 7 as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gebruik nou die woord *vis* as 'n werkwoord in 'n sin. Begin jou sin só: **Ek vis in die water rond vir my ring wat ek verloor het. Enige gepaste sin.**

17. Die woord *bondel* (paragraaf 7) is 'n versamelnaam. Gee die versamelnaam vir...

17.1 'n **skool** visse

17.2 'n **werpsel** klein katjies

17.3 'n **vloot** skepe.

18. Gee een woord vir die woorde *kaats terug* (paragraaf 7).

Weerkaats.

19. Voltooi die volgende sin deur die korrekte voornaamwoord te gee vir die vetgedrukte woorde: Ek hou **van dit**, want dit smaak lekker.

Ek hou daarvan, want dit smaak lekker.

20. Skryf die volgende sin wat in die toekomstige tyd geskryf is, oor in die teenwoordige tyd.

Ons sou die volgende dag see toe gegaan het.

Ons sal môre see toe gaan.

21. Die tema van hierdie eenheid is *daar is baie visse in die see*. Gee die letterlike (denotasie) en die figuurlike (konnotasie) betekenis van hierdie uitdrukking weer.

Letterlik beteken dit dat daar baie visse in die see rondswem. Hierdie uitdrukking kan ook figuurlik gebruik word in die sin dat dit verwys na die beskikbaarheid van die teenoorgestelde geslag. As 'n jongman se meisie hom afgesê het, sal sy maats hom troos met dié uitdrukking dat daar baie visse in die see is. Dit beteken dat daar baie ander meisies is om uit te kies.

Sport bly bobaas!

Aktiwiteit 46 Luister: 'n Nee vir rugby!

Luisterteks

Bier en biltong en bulderende stemme is elke jaar vir maande lank deel van elke huishouding. Maar waar kom dié sportsoort vandaan?

Hierdie spel het sy ontstaan in die Engelse dorpie Rugby toe 'n klein wilde wragtig William Webb-Ellis in 'n sokkerspel die bal gegryp het om oor die doelhok te duik.

Waar het jy al ooit in jou lewe gesien - 'n mens - 'n beskááfdse wese - in 'n skrum druk en dan, terwyl jy twee hande het om die bal mee op te tel, jou voete gebruik om dié eiovormige bal uit die skrum te krap? Heel onlogies, sou ek sê!

George Orwell het in 1945 gesê ernstige sport - soos rugby - is in werklikheid oorlog sonder geweeskote wat nasies tot raserny kan dryf. Rugby omskep die sportveld in 'n slagveld en gee aanleiding tot vuilspel, geweld, kopstampery en aggressie.

Prof. Tim Noakes van die Universiteit van Kaapstad sê dat rugby dra, uit die aard van die spel, die kiem van geweld. Die speler het 'n doel - naamlik om met dié eiovormige balletjie te hardloop en oor die doellyn te gaan duik. Daar is 'n blokkering - die opponente wil jou nie toelaat nie. Die gevolg? Dit wat voor jou kom word onderstebo gehardloop of katswink gegee.

Afrigters stuur ná 'n spanpraatjie in die kleedkamer hulle spanne met 'n Japanse Kamikazisending op die veld. Die gevolg: gebreekte arms, bene, ribbes en 'n bebloede mond sonder tande.

Moenie dink dat rugby 'n uitlaatklep vir aggressie bied nie. Die teendeel is waar! Volgens prof. Justin Potgieter is spelers meer aggressief – as gevolg van die uittarting - as hulle van die veld afkom as toe hulle opgedraf het. Aggressie het vuilspel tot gevolg en vuilspel spel natuurlik beserings!

Rugbybeserings klou soos 'n doopnaam aan die spel. 'n Mens hoef maar net die koerant oop te slaan om jou van dié rits beserings van die Springbokspan te vergewis. Daar word 'n bloedspoor van harsingskuddings, gebreekte neuse, vingers en liesbeserings agtergelaat. Met hierdie bloedspoor wat soos grepe uit 'n nagmerrie-fliek deur my gedagtes flits, sluk ek maar swaar aan die sogenaamde “samebindende faktor” wat rugby konsuis op ons reënboognasie het. 'n End weg het ek skielik gevoel ek verstik, want ineens het dié peuselhappie erg taai en klonterig in my keel saamgekoek soos 'n stuk deeg wat net so skuinsweg na die oond gelóer het, want geweld, misdaad en onmin het klaar weer deel van ons dag geword.

Dit bring my by die toeskouers van hierdie sportsoort. Die gedrag van die toeskouers is skandelik – 'n steen des aanstoots! Of jy nou op die pawiljoen of voor die TV sit – 'n span word luidkeels aangemoedig - seker maar sodat dié wat hulle ore so met kêpse toemaak, jou óók kan hoor.

Om die een of ander duistere rede glo rugby liefhebbers hulle kan die uitslag van die wedstryd in hul span se guns swaai deur die regte klere te dra. Soos Johan Griesel wat anderdag kamer toe hardloop om 'n trui aan te trek waarin hy 10 jaar gelede op skool gespeel het. Terug by sy maters het die trui hom só gewurg dat sy vriende hom met behulp van 'n broodmes uit dié trui moes verlos.

En dan praat ek nie eens van die toeskouers wat luid en in gekruide taal hulle misnoeë met omtrent elke skeidsregterbeslissing te kenne gee nie. Of die raad wat die arme noodhulpman moet verduur terwyl hy 'n ander span se speler op die veld behandel: “Skiet hom, moenie dat hy ly nie!”

Rugby is glo die spel van die manne, want 'n man is mos net 'n man as hy sy manlikheid kan bewys deur homself te verniel: die ou barbaarse oorlogsugtigheid. Die haka wat die All Blacks so voor 'n wedstryd uitvoer is niks anders as 'n oorlogdans nie!

Ag nee wat ...

Soveel duikslae

Soveel snertpraatjies

Soveel sielkundige foefies

Soveel gerugte

Soveel nat winde ...

Genoeg is genoeg! Gee my vrede ... s nder rugby!

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom is dit juis 'n meisie wat hier aan die woord is?

Rugby is 'n rowwe spel waarvan mans hou. Dit is dus logies dat dit 'n meisie is wat nie van rugby hou nie.

2. Die luisterteks begin met *bier en biltong en bulderende stemme*. Hoe word die klankrykheid in hierdie frase versterk?

Die woorde word harder ge lees, dit word beklemtoon. Die herhaling van die b-klank versterk ook die klankrykheid daarvan.

3. Hoe het rugby ontstaan?

Dit het ontstaan in die Engelse dorpie Rugby toe William Webb-Ellis in 'n sokkerspel die bal gegryp het om oor die doelhok te duik.

4. Wat voer die spreker aan waarom sy dink 'n skrum is sinneloos?

'n Mens het twee hande om die bal uit die skrum te haal, maar die voete word gebruik om die taak te verrig.

5. Wat het George Orwell in 1945 oor rugby gesê?

Rugby is 'n oorlog sonder geweerskote wat nasies tot raserny dryf.

6. Dink jy George Orwell se siening is geldig? Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord.

Ja / nee. Leerders moet dit net goed motiveer.

7. Wat is 'n Japanse Kamikazi-sending?

Japanse vlieëniers het tydens die Tweede Wêreldoorlog, as hulle besef dat hulle vegvliegtuig raakgeskiet is, 'n teiken gekies en dan daarteen vasgevlieg. Dit was dus 'n selfmoordsending vir volk en vaderland.

8. Bied rugby volgens prof. Justin Potgieter 'n uitlaatklep vir aggressie? Verduidelik.

Nee, die teenoorgestelde is eintlik waar. Rugby veroorsaak dat die spelers aggressief van die veld draf.

9. Skryf die vergelyking oor rugbybeserings wat eie aan die spel is, neer.

Rugbybeserings klou aan die spel soos 'n doopnaam altyd aan 'n persoon verbonde bly.

10. Waarom glo die spreker nie dat rugby 'n samebindende faktor vir die reënboognasie is nie?

Geweld, misdaad en onmin is aan die orde van die dag en dit versteur die verhoudings tussen bevolkingsgroepe.

11. Wat beteken dit as sy die toeskouers as 'n *steen des aanstoots* beskou?

Die gedrag van sommige van die toeskouers gee volgens haar aanstoot en is nie beskaafd nie.

12. "Skiet hom, moenie dat hy ly nie!" is woorde wat dikwels vanuit die pawiljoene gehoor word. Waarom sou die toeskouers hierdie woorde aan die noodhulpman skreeu?

Die noodhulpman is besig om die opponent se beserings te behandel en met hierdie woorde word aangedui dat hulle die rugbyspeler nie weer op die veld wil hê nie.

13. Wat was die *haka* wat die All Blacks altyd voor 'n wedstryd uitvoer, oorspronklik?

Oorlogsdans.

14. Waarna verwys die *nat winde* en wat gee dit van die spreker se houding teenoor rugby te kenne? Is hierdie aanname 'n veralgemening?

Dit verwys na die winde wat opgebring word na 'n bier gedrink is. En 'n rugbywedstryd word gewoonlik met bierdrink geassosieer. Die spreker is daarteen gekant, sy wys dat sy nie daarvan hou nie. Hierdie is moontlik 'n veralgemening, want nie alle rugbyondersteuners is bierdrinkers nie.

15. Hierdie toespraak is die spreker se eie siening van rugby en word nie noodwendig deur almal gedeel nie. Baie stereotipering van die spel en die toeskouers vind hier plaas. Stem jy saam met haar of huldig jy die teenoorgestelde standpunt? Skryf 'n paragraaf van 100 tot 110 woorde waarin jy jou standpunt weergee.

Leerders verwoord hulle eie standpunte in 'n paragraaf van 100 tot 110 woorde.

Aktiwiteit 47 Lees onvoorbereid 'n koerantartikel [Formele assesseringstaak 1]

Aktiwiteit 48 Literêre teks: Drama

Aktiwiteit 49 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 50 Vlieg Bokke Vlieg: 'n advertensie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die foto met aandag.

1.1 Watter aksie word hier uitgebeeld?

Spring in die lynstaan.

1.2 Hierdie foto is gemanipuleer om watter ongewone aksie uit te beeld?

Hierdie aksie vind baie hoog in die wolke plaas.

2. Hoe ondersteun die foto die produk wat geadverteer word?

Die rugbyspelers spring tot hoog bo in die lug waar die vliegtuie gewoonlik vlieg. Dit word in die foto uitgebeeld.

3. Na watter twee sake kan *Vlieg Bokke Vlieg* verwys?

Dit kan verwys na hulle vlug in die vliegtuig en dit kan verwys dat hulle moet uitstyg bo die ander spanne.

4. Wat beteken dit as SAA die amptelike lugredery is?

Hulle vervoer die Springbokke na hulle bestemmings waar hulle toetse / wedstryde speel.

5. Wat verstaan jy onder die woorde *virige ondersteuner*?

Dit is iemand wat lojaal aan die span bly en hulle altyd onderskraag.

6. Dink jy hierdie is 'n treffende advertensie? Waarom sê jy so?

Leerders beoordeel die advertensie en bepaal of dit treffend is.

Aktiwiteit 51 Lees en kyk vir begrip

Pre-lees

- Is daar 'n naam wat uitstaan? Verduidelik. **Die naam Jacques Marais is vetgedruk. Hy is die skrywer van die artikel.**
- Uit watter hoek is die foto geneem? Watter effek het dit? **Dit is van onder geneem. Dit toon die moeilikheidsgraad van die slaplyn.**
- Is hierdie 'n goeie foto? Motiveer. **Die blou lug is treffend. Die hoek waaruit die geneem is, is besonders.**

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wie is die teikengroep vir wie hierdie berig geskryf is? Wenk: kyk na die afdeling van die koerant waaruit dié teks geneem is, om maklik te bepaal wie die teikengroep is.

Dit kom uit *Beeld Buite*. Die teikengroep op wie die teks gerig is, is sekerlik avontuurlustige buitelug-mense.

2. Die titel is vreemd en 'n mens verstaan dit nie met die eerste lees nie.

2.1 Watter funksie verrig die eerste paragraaf ten opsigte van die titel?

Die eerste paragraaf sluit by die titel aan en verduidelik dit.

2.2 En watter ander paragraaf sluit direk hierby aan?

Paragraaf 4 sluit direk hierby aan.

3. In watter eenheid word windsterkte gemeet?

Wind word in knope gemeet.

4. Lees paragraaf 6 noukeurig. Watter twee woorde staan in direkte kontras in hierdie paragraaf?

Veiligheidstou en veiligheidsbewuste atlete staan teenoor waaghalse en ekstreemsporgemeenskap.

5. Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan wat dieselfde beteken as *verskeie soorte*.

Verskeie genres.

6. Wat beteken die woord *katvoet* in paragraaf 12? Word dit hier letterlik of figuurlik bedoel?

Katvoet beteken saggies, geruisloos, maar dit kan ook bang beteken. Dit word hier egter letterlik bedoel: loop soos 'n kat op die tou.

7. Som die teks op deur die volgende instruksies te volg.

Instruksies:

Lees die teks aandagtig deur.

- Bepaal die kerngedagtes in die teks.
- Skryf die kerngedagtes puntsgewys neer.
- Vat nou die kerngedagtes saam in één paragraaf.
- Skryf dit eers rofweg sodat baie veranderinge aangebring kan word.
- Skryf in volsinne en nie telegramstyl nie.
- Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het.
- Voorsien jou opsomming van 'n eie gepaste titel.
- Hierdie opdrag moet in tussen 70 en 80 woorde afgehandel word.

Voorbeeldantwoord:

Kerngedagtes:

1. Verg helder denke.
2. Span lyn tussen twee punte.
3. Wind en afgrond mag nie ontsenu.
4. Balans en fokus van belang.
5. Eerste tree moeilikste.
6. Veiligheidsbewus.
7. Begin met lae lyn.
8. Anker lyn tussen pilare of bome.
9. Toets anker en span styf.
10. Durf dit katvoet aan.

Slaplynstap verg helder denke.

Slaplynstap is 'n nuwe gier wat helder denke verg. 'n Lyn word hoog tussen punte gespan. Jou kop moet reg ingestel wees en die wind en loodregte afgrond mag jou nie ontsenu nie. Absolute balans en vlymskerp fokus is van belang. Die eerste tree is die moeilikste. Lynstappers is baie veiligheidsbewus. Die meeste stappers begin met 'n lae lyn wat tussen pilare of bome geanker is. Sodra jou anker getoets is en die lyn styf gespan is, kan jy laat waai!

Aantal woorde: 80

Aktiwiteit 52 'n Resensie [Formele assesseringstaak 2a]

Aktiwiteit 53 Taalleeroefening: Die stryd teen swaartekrag

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord *relings* kom in paragraaf 1 voor. Maak nou 'n sin met die woord *reëlings* sodat die verskil in betekenis duidelik daaruit blyk.

Enige sin met *reëlings*: Hulle het die reëlings vir die skaatsplankkompetisie deeglik getref.

2. Vul jou spellys aan met die volgende woorde: **sypaadjies (twee a's) en gimnasium.**
3. Aan watter taal is die woord *flair* (paragraaf 2) ontleen?

Frans.

4. Haal 'n voorbeeld van woorddoortoligheid (pleonasme) uit paragraaf 2 aan en verduidelik.

Die woorde *loop te voet*. As 'n mens loop, is jy te voet. Die woorde *te voet* moet weggelaat word, want dit is oortollig.

5. Watter klankverskynsel kom voor by die uitspreek van die volgende woorde?

5.1 Die woord *manier* (paragraaf 3) uitgespreek as *minier*.

Vokaalreduksie.

5.2 Die woord *kinders* (paragraaf 6) uitgespreek as *kinnners*.

Algehele assimilasie.

6. Die woord *vandale* kom in paragraaf 4 voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin deur 'n abstrakte selfstandige naamwoord daarvan te vorm: Sulke (vandale) sal nie langer geduld word nie.

Vandalisme.

7. Skryf die basisvorm van die woord *ongesonder* (paragraaf 7) neer.

Gesond.

8. Die woord *broodnoodsaaklik* (paragraaf 9) is deur middel van kontaminasie gevorm. Uit watter twee woorde is dié woord saamgestel?

Uit *broodnodig* en *noodsaaklik* is broodnoodsaaklik gemaak.

9. Haal 'n nuutskepping uit paragraaf 9 aan.

***Kletterpet* is 'n nuutskepping vir *valhelm*.**

10. Volksetimologie is wanneer 'n woord in 'n ander taal aangepas word om by ons taal se klanksisteem te pas. Haal 'n woord uit paragraaf 9 aan wat uit Engels deur middel van volksetimologie gevorm is.

Baiesukkel uit bicycle.

11. Haal een klanknabootsende woord uit paragraaf 8 en een uit paragraaf 10 aan.

Geswiep (paragraaf 8) en bruis (paragraaf 10).

12. Daar is woordtoortoligheid (pleonasme) in paragraaf 10. Haal dié woorde aan en maak reg. Verduidelik waarom dit as woordtoortoligheid beskou kan word.

Die woorde *die mees wonderlikste* is woordtoortoligheid. Dit het 'n dubbele oortreffende trap *mees* en *-ste*. Dus net: die wonderlikste of die mees wonderlike.

13. Lees paragraaf 10 noukeurig deur.

- 13.1 Is hierdie 'n enkelvoudige of 'n saamgestelde sin? Motiveer.

Hierdie is 'n saamgestelde sin, want dit bestaan uit meer as een sin.

- 13.2 Hierdie sin is in die eerstepersoon en dus die direkte woorde van die spreker. Skryf die sin oor in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Sy sê as die wind ...

Sy sê as die wind deur haar hare waai en die bloed deur haar are bruis, sal 'n mens besef dat dit die mees wonderlike gevoel in die heelal is.

14. Die afkorting vir die woord *provinsie* (paragraaf 8) is prov. Waarvoor staan die volgende akronieme (die afkorting word uitgespreek)?

- 14.1 Medunsa – **Mediese Universiteit van Suider-Afrika.**

- 14.2 Sasol – **Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie.**

15. Bestudeer die volgende sin uit paragraaf 2: *Vir hulle gaan dit daaroor om hulle hul individuele flair, tegniek te wys.*

- 15.1 Skryf die infinitief uit hierdie sin neer. Die infinitief is *om te* plus 'n werkwoord.

Om te wys.

- 15.2 Skryf die selfstandige werkwoord neer.

Gaan.

Die grilfaktor

Aktiwiteit 54 Luister na dié grillerige stories

Luisterteks

Die GRILFAKTOR

Diere het soms weersinswekkende gewoontes. Hulle sal byvoorbeeld braaksel of mis sproei om roofdiere weg te hou, of hulle sal strale speeksel spoeg, of selfs bloed uit oop bloedvate spuit. Wanneer dit kom by vreet, het hulle bepaald geen maniere nie – hulle skeur repe vleis met hulle tande af en veroorsaak 'n bloederige gemors. Sommige diere geniet selfs mis as 'n smaaklike happie.

Moet jou nou nie doodgril nie, maar luister watter walglike dinge diere aanvang om hulleself teen die vyand te verdedig.

Braaksel, slym, urine, mis, spoeg en etter word gebruik. Sommige diere slaan munt hieruit deur hul liggaamsvloeistowwe te gebruik om hul vyand te stuit. Die skynbaar onskuldige seekomkommer braak 'n supertaai vloeistof uit sy ingewande oor sy aanvaller uit, terwyl verskeie soorte seevoëls hul braaksel meer as 'n meter ver na 'n vyand uitskiet.

Die uitbroeiplek van eiers kan maar 'n morsige affêre wees!

Dierebabas kan in die weersinswekkende omstandighede gebore word. Sommige parasitiese perdebylarwes broei in die ingewande van 'n ruspe uit en begin dan die gasheer lewendig opvreet. Miskruierlarwes broei in misbolletjies uit hul eiers uit. Die paddavissies van die Surinaamse padda ontwikkel in hul ma se rug, onder haar vel. Ander paddas klop 'n skuim op uit 'n mengsel van hul eie speeksel, velslym, spermvloeistof en ontlasting, en lê hulle eiers daarin.

Die grillerigste storie om te vertel is seker van die kalkoen-aasvoël. Mis, uitskeidings en ontlasting mag wel aaklig lyk en ruik, maar aangesien die meeste diere se spysvertering nie baie doeltreffend is nie, bevat dit steeds heelwat voedingstowwe. Misvreters verkies gewoonlik hul happie terwyl dit nog vars is, voordat skimmel, kieme en vlieë arriveer om die verrottende massa te besmet.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Op watter televisiekanaal is hierdie grilstories gebaseer?

Discovery-televisiekanaal.

2. Wat is die belangrikste rede waarom diere hierdie walglike dinge aanvang?

Om hulleself te verdedig / beskerm.

3. Noem vier van die liggaamsvloeistowwe wat diere gebruik om hulleself mee te beskerm.

Enige vier van die volgende: braaksel, slym, urine, mis, spoeg en etter.

4. *Sommige diere slaan munt hieruit deur hul liggaamsvloeistowwe te gebruik om hul vyand te stuit* (luisterteks paragraaf 3). Wat beteken die uitdrukkings:

4.1 om munt te slaan? **Voordeel te trek.**

4.2 om die vyand te stuit? **Vyand te keer.**

5. Verduidelik hoe 'n seekomkommer homself verdedig.

Hy braak 'n supertaai vloeistof vanuit sy ingewande oor sy vyand uit.

6. Haal 'n woord uit die luisterteks aan wat dieselfde beteken as ...

6.1 iets wat weersin laat ontstaan – **Weersinswekkende.**

6.2 iets wat besig is om vrot te word – **Verrottende.**

Laat die leerdere ook hierdie twee woorde in hulle spelles opneem.

7. Wat beteken dit as perdebylearwes *parasities* is? Waaruit maak jy dié afleiding?
Hulle teer op die gasheer. Hulle broei in die ruspe uit en begin die ruspe dan lewendig opvreet.
8. Op watter vreemde plek ontwikkel Surinaamse paddas?
Onder die vel op hulle ma se rug.
9. Waarom word die kalkoen-aasvoël se gewoontes as die grillerigste beskou?
Die voëls vreet ander diere se ontlasting.
10. Waarom is dit ironies dat hierdie misvreters hul happie vars verkies?
Dit maak nie saak of dit vars is of nie, dit bly 'n grillerige storie.

Aktiwiteit 55 Groepbespreking

Aktiwiteit 56 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 57 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 58 Kyk so 'n deurmekaar kamer!

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe sal jy hierdie tiener se kamer beskryf?
Deurmekaar, onnet, dalk selfs vuil.
2. Hoe weet jy dat hierdie tiener baie van musiek hou? Waaruit het jy jou afleiding gemaak?
Daar staan 'n kitaar in sy kamer, daar is 'n plakkaat van 'n sanger teen sy muur en hy luister na musiek (oorfone in sy ore).
3. Teen die mure is baie plakkate. Watter afleidings kan jy hieruit maak?
Hy hou van musiek (plakkaat van sanger), daar is ook 'n plakkaat van 'n mooi meisie en 'n rugbyspeler teen sy muur.
4. Wat lê die tiener en doen op die bed? Is dit iets wat hy gereeld op die bed doen? Waaruit maak jy hierdie afleiding?
Hy lê en lees. Daar lê baie boeke in die kamer rond.
5. Waar lê die hond? Watter afleiding maak jy hieruit?
Die hond en die kat lê by hom op die bed. Hy is lief vir sy troeteldiere.
6. Hierdie seun is veelsydig en het 'n gebalanseerde leefstyl. Verduidelik hierdie stelling deur afleidings te maak.
Hy lees baie wat goed is vir die akademie, hy neem aan sport deel (rugbybal lê op die tafel) en hy het tyd vir ontspanning (luister musiek).
7. Wat in sy kamer kan moontlik onhigiënies wees?
Die kos wat hy eet en net so op die vloer neergooi, kan dalk onhigiënies wees as dit nie skoongemaak word nie.
8. Watter ander stokperdjies beoefen dié tiener? Verduidelik.
Daar hang 'n modelvliegtuig vanuit die dak. Moontlik bou hy modelvliegtuie.
9. Gee 'n idiomatiese benaming vir 'n vuil persoon.
Slodderkous.

Aktiwiteit 59 Hersien die struktuur van 'n opsomming

Voorgestelde antwoord

Spinnekoppe spin selfs in die ruimte 'n netjiese web

Ruimtevaarders wat op die Internasionale Ruimtestasie is, het spinnekoppe as deel van 'n opvoedkundige projek saamgevat. Aanvanklik het die spinnekoppe onsimmetriese en ongeorganiseerde webbe gespin. Televisiebeelde het gewys dat hulle na 'n week merkwaardig verbeter het en vinnig by die gewigloosheid van die ruimte kon aanpas. Die spinnekoppe het die ingenieurs wat hulle monitor, se gunsteling vermaak geword. 'n Wyfie spinnekop het soek geraak, maar hulle glo dat hulle haar weldra sal opspoor.

(73 woorde)

Aktiwiteit 60 Skryf 'n notule [Formele assesseringstaak 2b]

Aktiwiteit 61 My eie spellys

Aktiwiteit 62 Geïntegreerde taalleeroefening: Die siesa-faktor

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Met watter sin hou die vraag *Kan jy glo?* direk in die subtitel verband?

Glo dit of nie ...

2. Die woord *gesogte* in die subtitel is van toepassing. Wat beteken hierdie woord en van watter woord is hierdie woord deur middel van klinkerwisseling afgelei?

Dit is van die woord *gesoek* afgelei. Dit beteken dat daar lank daarna “gesoek” is – dus baie gewild, populêr.

3. Die woord *peperduur* kom in paragraaf 1 voor. Gee die teenoorgestelde van hierdie woord.

Spotgoedkoop (*peperduur* is in die intensiewe vorm, dus moet dit *spotgoedkoop* wees, nie net goedkoop nie).

4. Die woord *vel* kom in paragraaf 2 voor. Kies die regte woorde in die volgende sinne:

4.1 Die son brand (*vel* / **fel**) op die strand.

4.2 Die regte (**vel** / fel) 'n vonnis.

4.3 Die man (**vel** / fel) die boom neer.

5. Die woord *douvars* is die intensiewe vorm van die woord *vars* wat 'n byvoeglike naamwoord is. Gee nog twee ander intensiewe vorme van die woord *vars*.

Kraakvars en neutvars.

6. Is die woord *voëlnessop* (paragraaf 3) deur middel van afleiding, samestelling of samestellende afleiding gevorm?

Samestelling – dit bestaan uit drie basisse. Daar is geen voor- of agtervoegsels nie.

7. Die woord *geneeshere* kom in paragraaf 4 voor. Wat noem ons...

7.1 'n geneesheer van inwendige siektes? **Internis.**

7.2 'n geneesheer wat kankerpatiënte behandel? **Onkoloog.**

8. *Net so maklik as wat ons 'n bak springmielies sal verorber, stop die mense van Thailand hul kieste vol bylarwes* (paragraaf 5). Haal 'n emotiewe woord uit hierdie sin aan en skryf ook 'n neutrale woord daarvoor neer.

Verorber. Neutrale woord: eet.

9. Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat min of meer dieselfde beteken as *versnapering*.

Lekkerny.

10. Watter klankverskynsel kom voor as die woord *hoender* (paragraaf 6) as *hoener* uitgespreek word?

Algehele assimilasië.

11. Die woord *propvol* kom in paragraaf 6 voor. Maak kort sinne om te onderskei tussen *propvol* en *stampvol*.

My maag is propvol lekkers. Die fles is propvol melk. 'n Saal is stampvol mense.

12. Wat is *weekdiere*?

Dit is diere sonder werwels, maar hulle het 'n harde skulp: slakke, mossels en oesters.

13. Die woord *oes* word in paragraaf 7 as 'n werkwoord gebruik: *hulle oes die slym*. Gebruik nou die woord *oes* in 'n ander betekenisverband as in die teks.

Sjoe, maar jy lyk oes vanoggend!

14. *Hulle gebruik slakslym in gesigrome* (paragraaf 7).

14.1 Watter soort sin is hierdie? Kies uit die volgende: stelsin, bevelsin, vraagsin.

'n Stelsin maak 'n stelling.

14.2 Verander hierdie sin in 'n spesifieke vraagsin.

Enige spesifieke vraagsin wat 'n vraagwoord gebruik: Waarom / hoekom / wanneer gebruik hulle slakslym in gesigrome?

14.3 Die woord *in* word as 'n voorsetsel hier gebruik. Gebruik nou die woord *in* as 'n werkwoord in 'n sin.

Hy in fondse vir sy skool se kermis.

15. Bestudeer die struktuur (bou) van die teks.

15.1 Wat merk jy op omtrent die inleiding en die slot?

Die inleidende en slotparagrafe sluit by mekaar aan en vorm 'n eenheid.

15.2 Die paragrafe tussen die inleiding en die slot is definiërende paragrafe. Verduidelik.

In die ander paragrafe word die stelling in die inleiding gedefinieer (verduidelik, verklaar) deur voorbeelde te gee.

16. Die subopskrif *Die siesa-faktor* is van toepassing:

16.1 Kan die leser deur dié subopskrif te lees, reeds negatief ingestel wees teenoor die inhoud van die teks? Motiveer.

Ja, want die leser verwag iets wat grillerig is.

16.2 Watter woord in die subopskrif laat die leser hierdie negatiewe konnotasie maak?

Die woord *siesa*, wat op afkeer dui, stel die leser klaar op sy hoede.

17. Skryf die idioom en sy verklaring neer wat deur die onderstaande prentjie uitgebeeld word.

Hy skrik nie vir 'n koue pampoen nie. Hy skrik nie sommer vir niks nie.

Alles in 'n prentjie

Aktiwiteit 63 Luisterteks oor visuele geletterdheid

Luisterteks: Visuele geletterdheid

Onderhoudvoerder: Vandag gesels ons oor visuele geletterdheid. Vertel vir ons in maklike taal wat visuele geletterdheid beteken.

Spreker: Dit is om op te let na dit wat jy met jou oë sien in tekste. Hoe lyk die teks? Wat sien jy? En dan natuurlik om hierdie beelde reg te kan verstaan.

Onderhoudvoerder: Kom ons begin by die geskrewe teks. Waarna moet 'n mens oplet?

Spreker: Hier kyk ons na dinge soos die grootte van die letters en hoe dit gedruk is. Is daar opskrifte en onderskrifte? Is daar woorde skuins gedruk? Is daar vetgedrukte letters wat iets beklemtoon? Is daar alleenplasing in 'n sin of paragraaf? Word belangrike woorde agter in die sin geplaas? Dan kan die woorde natuurlik op 'n manier gedruk word om iets uit te beeld. Voorbeeld 1 in die *Leerderboek* is 'n goeie voorbeeld van hoe tipografie die inhoud ondersteun. Hierdie gedig van Philip de Vos is in die vorm van 'n vissie gedruk.

Onderhoudvoerder: Dit is baie interessant. Watter soort tekste word as visuele tekste beskou?

Spreker: Daar is visuele kenmerke in alle tekste. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde. 'n Foto vertel 'n hele storie op sy eie. Kyk net hoe baie word deur die foto in voorbeeld 2 gesê. Dié foto kan die leser nie onaangeraak laat nie. Dan is daar natuurlik 'n diagram, 'n grafiek en 'n tabel wat almal grafiese uitbeeldings is. Daaruit kan baie feitlike inligting afgelei word. Voorbeeld 3 in die *Leerderboek* is 'n voorbeeld daarvan. Hieruit kan jy sommer met die eerste oogopslag sien in watter provinsie die meeste karre aan mans verkoop word.

Onderhoudvoerder: Ja, daar word baie grafiese uitbeeldings in die sakegedeelte van 'n koerant gesien.

Spreker: Dit is 'n baie effektiewe manier om visueel vir die kyker en leser tendense uit te wys en maatskappye gebruik dit graag.

Onderhoudvoerder: Daar is seker ook 'n ligter kant? Wat van spotprente en strokies?

Spreker: Ja, dit is eintlik by uitstek visuele tekste. Spotprente, strokies, grappies is nie net daar om die leser te laat lag nie. Dit dra gewoonlik 'n ernstige boodskap oor. 'n Mens moet leer om die boodskap in die strokie of spotprent raak te sien.

Onderhoudvoerder: 'n Mens sien baie dat 'n bekende in 'n spotprent uitgebeeld word. So word 'n bekende rugbyspeler of selfs die president van die land uitgebeeld.

Spreker: Ja, die hoogste bome vang gewoonlik die meeste wind! Gewoonlik word 'n bekende in 'n karikatuur uitgebeeld. Die prominentste eienskappe van die persoon word oordrewe voorgestel sodat hy of sy herkenbaar is. Kyk na die persoon in voorbeeld 4 en kyk of jy die persoon herken.

Onderhoudvoerder: Wat is die eerste ding wat 'n mens moet doen as jy na 'n visuele teks kyk?

Spreker: Kyk baie mooi na die fynere besonderhede. Kyk na watter tegnieke gebruik is. Hoe is die prente geplaas? Hoe lyk die ontwerp van die stuk? Watter woorde is groot gedruk, watter soort rekenaarskrif is gebruik?

Onderhoudvoerder: Is kleur ook belangrik?

Spreker: Kleur is ontsettende belangrik. 'n Kleur soos rooi is dinamies en energiek. Die belangrikste by 'n visuele teks is die afleidings wat daaruit gemaak word. Uit kleur kan jy atmosfeer skep, uit 'n illustrasie kan jy byvoorbeeld aflei watter tyd van die dag dit is, uit 'n foto

kan jy aflei of die mense op die foto arm of ryk is, is hulle gelukkig of hartseer? Dit gaan eintlik oor die afleidings wat jy uit die teks maak.

Onderhoudvoerder: Is dinge soos televisie, film, video's ook visuele tekste?

Spreker: Dit is oudiovisuele en multimedia tekste. 'n Mens kyk daarna en jy sien wat gebeur op die skerm en jy hoor wat hulle praat. Daar is weer baie ander dinge waarna hier opgelet moet word. By visuele beelde staan dit wat jy met die oë sien voorop, terwyl by oudiovisuele beelde soos televisie, rekenaar en dies meer die gehoorsintuig ook betrek word.

Onderhoudvoerder: Ja, die filmstudie is 'n genre op sy eie. 'n Laaste iets oor visuele geletterdheid?

Spreker: Daar is twee dinge waarna jy moet oplet: die inhoud van die teks en hoe die teks lyk. Dus, dit wat jy lees, maar ook dit wat jy sien.

Aktiwiteit 64 Groepbespreking van visuele tekste

Aktiwiteit 65 Lees en kyk na visuele tekste

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waar speel hierdie gebeure af? Waaruit het jy dit afgelei?
Op 'n plaas. Die man lyk soos 'n tipiese plaasboer. Daar is 'n bees in die agtergrond.
2. Tref 'n vergelyking tussen die twee vroue.
Die een is 'n deftige stads vrou en die ander 'n plaasvrou. Die een lyk uitgerus en opgedollie, terwyl die ander moeg en uitgeput lyk – heel waarskynlik moes sy die heelyd regstaan vir die besoekers.
3. Watter afleiding maak jy ten opsigte van die posisie van die huisvrou?
Sy word in die kombuis uitgebeeld en het 'n voorskoot aan. Dus het sy baie tyd in die kombuis deurgebring om reg te staan en kos voor te berei vir die gaste.
4. Hoe lank dink jy het hierdie kuier geduur? Waaruit het jy dit afgelei?
Hulle het baie lank gekuier. Daar is baie bagasie (tasse) wat uitgedra word.
5. Wat is die huismense (man en vrou) se reaksie op die uitnodiging van die kind?
Hulle is stomgeslaan. Die man se gesigsuitdrukking dui aan dat hy nie daarmee genoeë neem nie en die vrou hou selfs haar kop vas. Hulle huldig definitief nie dieselfde mening nie.
6. Wat het die hond van die uitnodiging “gedink”? Waarom sou die hond heel waarskynlik so voel?
Die hond hou sy poot oor sy oog en het nie van die kuiermense gehou nie. Hy is heel waarskynlik deur die kinders gekarnuffel.
7. Is die mense wie se huis dit is ryk of arm? Waaruit kan jy dit aflei?
Hulle is heel waarskynlik welgestelde boere. Daar is 'n trap wat na die boonste verdieping gaan en die kandelaar dui ook op rykdom.
8. Het die kinders die kuiertjie geniet? Noem twee dinge waaruit jy dit aflei.
Hulle het die kuier baie geniet. Hulle het heerlijk gespeel. Daar lê 'n bal en 'n tandeborsel rond. Die stoel en die glas koeldrank is heel waarskynlik deur die kinders omgestamp.
9. Wat wil die kunstenaar deur hierdie spotprent sê?

'n Mens kry soms kuiergaste wat misbruik maak van iemand se gasvryheid en wat te lank kuier. Kuiergaste wat nie hulle deel doen tydens 'n familiekuier nie, kan 'n probleem wees.

Leerdere bestudeer die **twee grappies** en beantwoord die vrae:

1. Waarom is grappie 2 ironies?

Hy vra vir die vrou wat sy wil kyk, maar hy noem net die sportkanale op waarna hyself gewoonlik kyk.

2. Waaruit lei jy af in grappie 2 dat die vrou nie gelukkig is met wat haar man sê nie?

Haar gesigsuitdrukking lyk afgehaal.

3. Watter stereotipering kom in grappie 2 voor?

Die man wil altyd die afstandbeheer in sy hand hou en besluit waarna daar gekyk word.

4. Beskryf die man in grappie 2 se optrede is een enkele woord.

Selfsugtig.

5. Waar speel die gebeure in grappie 1 af? Waaruit maak jy hierdie afleiding?

By 'n deftige onthaal. Iemand bied hulle iets te ete aan en hulle het deftige klere aan.

6. Wat suggereer die man deur sy woorde in grappie 1?

Dat sy vrou vet sal word as sy van die koek gaan eet.

Aktiwiteit 66 Reünie tussen leeu en eienaars

Vrae en voorgestelde antwoorde

Pre-lees

- Bestudeer die foto noukeurig. Beskryf dit in één enkele woord. **Leerdere beskryf dit in één enkele woord: verstommend, aangrypend.**
- Wat word met die woord *aangrypend* in die titel bedoel? **Daar word bedoel dat die verhaal van die leeu wat sy vorige eienaars herken, die mens aan die hart gryp. Dit raak 'n mens, dit roer die hart.**
- Na watter weersiens word daar in die titel verwys? **John Rendall en Anthony Bourke wat die leeu 'n jaar na vrylating weer opsoek. Die leeu ken hulle nog en is bly om hulle te sien.**
- Na watter televisieadvertensie verwys die subtitel? **Dit verwys na Coronation-beleggers se advertensie wat wys hoe Christian die leeu na jare weer die mans wat hom grootgemaak het, herken en "groet".**

Post-lees

Leerdere beantwoord die vrae oor die teks.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken dit om die hele *wêreld aan die gons te hê* (paragraaf 1)?

Almal praat oor hierdie uitsonderlike gebeurtenis. Dit was op almal se lippe.

2. Waarom sou die gebeure beskryf in paragraaf 3 vandag *ongelooflik* klink?

Dit is ongewoon dat die twee mans die leeu deur die strate laat loop. Dit sou nie vandag toegelaat word nie. Vandag se wette is veel strenger.

3. Wat het die video-opname wat in 2008 op YouTube uitgelek het, tot gevolg gehad?

Die twee mans het 'n boek *A lion called Christian* geskryf.

4. Met watter woorde hou die woorde *hartroerende wedersiens* in paragraaf 5 direk verband?

Dit hou direk verband met die woorde *aangrypende weersiens* in die titel.

5. Waarom word die woord *verken* in paragraaf 6 tussen aanhalingstekens geskryf?

Die leeu het nie werklik die woonstel verken nie, hy het net in die woonstel rondgeloop. Die woord is buite konteks gebruik.

6. Watter boodskap wou die Coronation-groep deur die advertensie oordra?

Dat hulle beleggings net soveel vertrouwe inboesem en belonings gee as die aangrypende weersiens (soos uitgebeeld in die advertensie).

7. Was dit Christian wat in die advertensie gebruik is? Gee 'n gepaste aanhaling as bewys.

Nee, dit was Columbus. Enige gepaste aanhaling: "Die ster is Columbus, wat die rol van die volgroeide Christian vertolk." " ... om 'n volgroeide leeu as hoofakteur vir die televisie-advertensie in te span."

8. Het Columbus regtig – soos in die advertensie – teen die akteur opgespring?

Nee, daar is slegs 'n illusie geskep. Die leeu het teen 'n pop opgespring. Tegnologie is gebruik om dié beeld te skep.

9. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as ...

9.1 ontsaglik, meeslepend – **oorweldigend (paragraaf 7)**

9.2 iets wat aan die senuwees knaag – **senutergend (paragraaf 10)**

9.3 'n dier wat klaar groot (volwasse) is – **volgroeide (paragraaf 11)**

9.4 bymekaarkom na 'n lang tydperk – **reünie (paragraaf 14)**

10. Onderskei deur middel van kort sinne tussen *herken* (paragraaf 7) en die woord *erken*.

Enige toepaslike sinne. Ek het my vriend na al die jare dadelik herken toe ek hom oor die straat sien stap. Ek erken dat ek die lekker geëet het.

Aktiwiteit 67 Christian, die leeu in die aangrypende televisie-advertensie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Dink jy die advertensie is 'n getroue weergawe van dit wat gebeur het?

Dit is 'n lewensgetroue weergawe. Selfs die akteurs lyk asof hulle uit die sewentigerjare kom (kleredrag, haarstyl).

2. Waarom dink jy, is die oorspronklike leeu, Christian en die oorspronklike eienaars John Rendall en Anthony Bourke nie in die advertensie gebruik nie?

Dit is veertig jaar later. Die leeu is sekerlik stokoud, so ook die oorspronklike eienaars.

3. Watter effek het die musiek op die gebeure?

Skep afwagting, sleur jou mee.

4. Dink jy dat dit 'n goeie advertensie is? Gee redes vir jou antwoord.

Leerders gee hulle eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word.

5. Waarom is daar min dialoog in die advertensie?

Woorde is nie nodig nie. Die kyker kan self aflei uit die gebeure.

6. Waardeur word die spanning geskep?

Byklanke en musiek dra by tot die skep van spanning.

Aktiwiteit 68 Ongewone verhale

Verhaal 1: Kort-kortverhaal – Vonkfiksie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom is die titel *Net-net* gepas?

Dit verwys daarna dat hul net-net betyds by die lughawe opgedaag het vir die doel waarvoor die jongman gegaan het.

2. Bestudeer paragraaf 3 noukeurig.

2.1 Watter metafoor word in hierdie paragraaf gebruik en waarom is dit gepas?

Daar word metafoories na 'n stadigryende motoris as 'n skilpad verwys. Dit is gepas, want 'n skilpad is 'n baie stadige dier en die motoris ry baie stadig.

2.2 Waarom word hier so baie inligting oor die gejaag na die lughawe gegee?

Dit dui aan dat hulle haastig is en dat die verkeer kan veroorsaak dat hulle laat op die lughawe aankom. Dit skep spanning.

3. Watter belangrike afleiding kan jy van die hoofkarakter maak uit paragraaf 4?

Hy was vroeër verlief op die meisie en hy het haar matriekafskeid toe vergesel.

4. Bestudeer paragraaf 5 noukeurig.

4.1 Hoe word paragraaf 5 tipografies uitgehef? Noem twee tegnieke wat aangewend word.

Die woorde word uitgehef deur alleenplasing en die kort sin.

4.2 Waarna verwys hierdie woorde en watter afleiding oor die hoofkarakter kan hier gemaak word?

Dit verwys daarna dat die gedagte aan die meisie sy hart vinniger laat klop. Die leser maak die afleiding dat hy steeds verlief op die meisie is.

5. Bestudeer paragraaf 6 met aandag.

5.1 Watter twee woorde staan in kontras met mekaar?

Die woorde *laat* en *betyds* staan in kontras met mekaar.

5.2 Die meisie verwyt hulle en sê dat hulle te laat opgedaag het. Waarvoor was hulle te laat?

Hulle was te laat om die neef af te sien. Sy vliegtuig het reeds vertrek.

5.3 Wat is die funksie van die ellips in hierdie paragraaf?

Sy kyk vir hom en die jongman weet ... Die leser kan hieruit hulle eie afleidings maak en hulle indink wat dit beteken. Dit skep afwagting en beklemtoon die slotwoorde.

5.4 Waardeur word dit beklemtoon dat hulle wel betyds was? Noem drie tegnieke wat aangewend is.

Die agterplasing / eindplasing van die woord *betyds*. Die uitroepeteken aan die einde van die sin en die beklemtoning van die woord *is*.

5.5 Watter afleiding maak die leser uit hierdie paragraaf?

Die hoofkarakter het in die meisie se oë gesien dat sy dalk nog gevoelens het vir hom. Die leser kan die afleiding maak dat hy weer – met die neef uit die weg geruim – by haar gaan aanlê en probeer om haar hart te wen.

6. Hierdie verhaaltjie het 'n oop einde. Wat dink jy het daarna gebeur? Beskryf dit in twee sinne.

Leerdere gee hulle eie weergawes van wat daarna gebeur het.

Aktiwiteit 69 Die advertensie

Aktiwiteit 70 Geïntegreerde taalleeroefening ter voorbereiding vir die eksamen

Opdrag 1: Visuele teks: *Niksnutsman*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe word die woord *Niksnutsman* uitgehef?

Dit is groot en bo-oor die foto gedruk.

2. Bestudeer die woord *Niksnutsman* noukeurig. Hierdie woord is saamgestel uit twee woorde. Gee die twee woorde en verduidelik.

Dit is 'n samestelling van twee woorde: niksnuts en nutsman. Hierdie twee woorde vorm 'n kontras.

3. Die woord *bied* kom in die advertensie voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord deur van 'n voorvoegsel en klinkerwisseling gebruik te maak. Hy het hom 'n goeie (bied) op sy huis gemaak.

Aanbod.

4. Watter deel van die woord is die bepaler in die woord *uitroepfooï*?

Die bepaler is die eerste deel van die woord: uitroep. (Die tweede deel naamlik -fooï is die kern.)

5. Die eerste sin: *Geen probleem!* Is 'n onvolledige sin. Skryf hierdie sin neer en verduidelik waarom die sin as onvolledig gesien word. Skryf die afleiding wat jy maak, neer.

Dit is geen probleem nie. 'n Sin moet 'n werkwoord hê. Hierdie sin was onvolledig, want dit was sonder 'n werkwoord: Dit is.

6. Die woord *gratis* kom in die advertensie voor. Waaraan maak 'n mens jou skuldig as jy sê iets is *gratis en verniet*?

Die woorde beteken dieselfde, dus is dit woordoortollingheid.

7. Skryf die woord *huisbystand* oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom.

Huisbystand (die ui en die y is albei diftonge).

8. Die woorde *een uur* word los in die advertensie gebruik en beteken 'n tydperk van een uur. Waarna verwys die woord *eenuur* as dit vas geskryf word?

Horlosietyd.

9. Die woord *elektrisiën* is gevorm uit die woord elektrisiteit. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin: Ons (elektrisiteit) die heining sodat ons veilig binne kan bly.

Elektrifiseer.

10. Skryf die basis van die woord *verwers* neer.

Verf.

11. Beskryf 'n tydperk van 24 uur in een enkele woord.

Etmaal.

12. Waarom word die woord *Afrikaanssprekendes* met twee s'e gespel?

Dit is 'n samestelling van twee woorde waarvan die eerste met 'n s eindig en die tweede met 'n s begin.

13. Die versekering se naam is *Virseker*.

13.1 Verduidelik die woordspeling wat ons kry in hierdie naam.

Dit verwys na besittings wat verseker word, maar hierdie woorde dui ook daarop dat dit vir seker 'n goeie versekeringsmaatskappy is.

- 13.2 Watter betekenis kan aan die woord *verseker* geheg word? Gebruik die twee woorde in kort sinne om die betekenisverskil aan te dui.

Ek verseker my huisinhoud teen diefstal en brand.

Dit is verseker die lekkerste tert wat ek nog geëet het.

Ek verseker jou: ek sal dit doen.

14. Onderstaande prentjies beeld idioome uit. Skryf die idioom asook sy verklaring neer.

14.1 **Brand jou kers aan albei kante. Doen baie take tegelyk.**

14.2 **Hy skryf dit op sy maag en vee dit met sy hempie af. Hy kan maar vergeet daarvan.**

Opdrag 2: Skerp jou kennis op

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig.

1.1 Gee 'n sinoniem vir die woord *detail* (paragraaf 1).

Besonderhede.

1.2 Gee 'n antoniem vir die woord *geheel* (paragraaf 1).

Dele / gedeeltes.

2. Skryf die sin: *Kyk na die prentjie in sy geheel* (paragraaf 1) oor in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Hy sê dat ...

Hy sê dat jy ('n mens) na die prentjie in die geheel moet kyk.

3. Waarom word die woord *kunssinnig* (paragraaf 2) met twee s'e gespel?

Dit is 'n samestelling van twee woorde waarvan die eerste met 'n s eindig en die tweede 'n s begin.

4. 'n Voornaamwoord word in die plek van 'n naamwoord gebruik. Benoem die volgende vetgedrukte voornaamwoorde uit die teks:

4.1 ... **sy** sien die lewe ... (paragraaf 2) **Persoonlike voornaamwoord.**

4.2 ... **haar** pletterkeps ... (paragraaf 4) **Besitlike voornaamwoord.**

4.3 ... **hierdie** sport is ... (paragraaf 6) **Aanwysende voornaamwoord.**

4.4 ... jy sal **jouself** ... (paragraaf 8) **Wederkerende voornaamwoord.**

5. Gebruik 'n vraende voornaamwoord om 'n spesifieke vraagsin van die volgende sin te maak:

Sheila is versot op motorfietse.

Enige spesifieke vraagsin met 'n vraende voornaamwoord: Hoekom is Sheila versot op motorfietse? Waarom is Sheila versot op motorfietse?

6. Bestudeer die selfstandige naamwoorde in paragraaf 3 noukeurig.

6.1 Haal 'n eienaam uit hierdie paragraaf aan.

Kabous.

6.2 Haal 'n abstrakte selfstandige naamwoord uit hierdie paragraaf aan.

Liefde.

7. 'n Neologisme is 'n nuutskepping. So noem ons Tipp-ex sommer *flaterwater*. Haal 'n nuutskepping uit paragraaf 4 aan.

Pletterkeps vir 'n valhelm.

8. In paragraaf 5 kry ons 'n versamelnaam naamlik 'n *skool visse*. Geen die versamelname vir die volgende:

8.1 'n klomp skepe – **Vloot**.

8.2 'n klomp papier – **Riem**.

8.3 'n klomp klein hondjies – **Werpseel**.

9. Wat noem ons die stylmiddel as 'n mens sê *gaan kook die ketel* (paragraaf 7) in plaas van *gaan kook die water in die ketel*?

Metonimia.

10. Die woord *erken* kom in paragraaf 7 voor. Skryf die regte paroniem van hierdie woord in die volgende sinne neer. Onthou 'n paroniem se stam (basis) is dieselfde:

10.1 Hy het skuld (ken). **Beken**.

10.2 Hy (ken) die wêreld met sy verkyker. **Verken**.

10.3 Hy het (ken) dat dit hy was wat die koekie gegaps het. **Ontken**.

11. Die woord *wiskundig* (paragraaf 2) se afkorting is *wisk*. Waarvoor staan die volgende afkortings?

11.1 vlgs. – **volgens**.

11.2 v.d. – **van die**.

Week 9 en 10

Halfjaareksamen

Aktiwiteit 71 Halfjaareksamen [Formele assesseringstaak 3]

Sien aparte afdeling vir die memorandum.

Kwartaal 3

Week 1 en 2

Erfgename

Aktiwiteit 72 Onderhandelingsgesprek ...

Luisterteks

Inleiding: Johan en Elmadie is al 'n volle 15 jaar getroud. Dit is hulle albei se tweede huwelik en albei het 'n kind uit hulle vorige huwelik. Saam het hulle geen kinders nie. Hulle is baie gelukkig en het in hierdie tweede huwelik die liefde en geluk gekry waarna albei smag. Behalwe van die gewone krapperigheid wat soms kop uitsteek, kom hulle baie goed met mekaar se kinders oor die weg. Omdat hulle oudag se kant toe staan, moet hulle oor daardie onvermydelike onderwerp – waarvan hulle al jare lank wegskram – praat.

Johan: Ek weet dit is 'n baie moeilike saak om oor te praat, maar ons moet ons testament opstel. 'n Mens weet nooit wat môre gaan gebeur nie en nadat ons ou goeie vriend Wicus van Staden gesterf het, dink ek dit is tyd dat ons ook ons sake in orde kry.

Elmadi: Ek het aan dieselfde ding gedink. As ons sonder 'n testament sterf, kan dit ons kinders se verhoudinge versuur en hulle kom juis so goed oor die weg. Ek wil nie hê hulle moet baklei oor hul erfposisie nie.

Johan: Die spreekwoord sê nie verniet *erfgeld is swerfgeld* nie! Hoe dink jy moet ons die besittings verdeel? Ons het hard deur die loop van die jare gewerk en het al baie aardse goed bymekaargemaak.

Elmadi: Ek wil graag hê dat die verdeling van goedere regverdig moet wees. Toe ek met jou getrou het, het ons my familieplaas op ons albei se name gesit. Maar ek het 'n dogter wat geensins in boerdery belang stel nie en jy het 'n seun vir wie hierdie plaas sy lewe is.

Johan: Ek het weer al my geld in die plaas gestoot om implemente en ander toerusting te koop wat ook bygedra het om hierdie plaas 'n sukses te maak.

Elmadi: Hoe nou gemaak? Ons wil tog nie hê dat die plaas na ons onderskeie afsterwes verkoop word en die familiegrond in ander se hande val nie?

Johan: Ek dink 'n oplossing is om die waarde van die plaas te bepaal. Elmarie erf dan al die kontant wat ons het en die geld wat verkry word deur die verkoop van ons strandhuis en woonhuis. Die verskil moet Hannes dan oor 10 jaar aan haar betaal uit die opbrengste van die plaas. Hoe klink dit vir jou?

Elmadi: Dit klink baie goed, maar ek wil tog hê dat Elmarie my juweliersware – die goed wat van my oumagrootjie af kom – moet erf. En jy het ook seker persoonlike goed soos jou versameling ivoormesse wat na Hannes toe moet gaan?

Johan: 'n Mens kan sulke persoonlike begeertes in 'n testament uitspel. Ek dink ons moet 'n kenner van testamente soos 'n prokureur kry om vir ons die testament op te stel. Ek is bly ons het tot 'n vergelyk gekom.

Elmadi: Dis 'n goeie plan. Ons het so 'n goeie verhouding en ek wil dit regtig nie hê dit moet versuur word deur iets soos 'n testament nie!

Opdrag: Luister en bespreek

Onderstaande antwoorde is slegs ter aanvulling van die groepbespreking.

1. Kon julle al in die pre-luister-fase (deur net die inleiding lees) bepaal waaroor hierdie luisterteks gaan?
Heel moontlik kon die leerders al aflei dat dit hier oor 'n testament handel.
2. Het Johan en Elmadi logies geredeneer?
Hulle het logies geredeneer en na mekaar geluister.
3. Het hulle dié moeilike saak kalm bespreek?
Geeneen het kwaad geword of harder gepraat of hulle stem verhef nie.
4. Het hulle hul redenasie op emosie of feite geskoei?
Redenasies is op feite geskoei alhoewel dit eintlik 'n emosionele saak is.
5. Watter toegewings is van beide kante gemaak?
Elmadi het toegegee dat haar plaas aan sy seun bemaak word en hy het weer toegegee dat die huise aan Elmarie bemaak kan word.
6. Het die onderhandelinge goed afgeloop?
Baie goed afgeloop. Kommunikasie is die belangrikste sleutel tot 'n vreedsame oplossing.

Aktiwiteit 73 Lees 'n verkorte testament

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat merk jy op oor die taalgebruik in die testament?
Wys leerders op die formele taalgebruik (en spesifieke vakterminologie) in 'n testament: herroepingsklousule, eksekuteur, assumpsie, insolvensie, bedoelbelasting, ensovoorts.
2. Wie is die rolspelers in 'n testament?
Die persoon aan wie die testament behoort (testateur of testatriese), die begunstigdes (die wat die goedere gaan erf) en die eksekuteur (wat die boedel gaan beredder).
3. Wat is die bates waarvan daar melding gemaak word en wie is die begunstigdes?
Die bates is dit wat die persoon besit. Die begunstigdes is die wat die goedere gaan erf.
4. Gesels oor die bewaring van 'n testament.
'n Testament moet onderteken word deur die persoon wie se testament dit is. Daar moet ook getuies wees wat teken. Dan word hierdie testament iewers geplaas in veilige bewaring.

Aktiwiteit 74 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 75 Begriplees

Pre-lees

- Wie is die persoon op die foto? Hoe weet jy dit? **Ishmael Thebe. Sy naam is by die foto gedruk.**
- Waar is hierdie foto geneem? **In die drukpers. Die persmasjiene is in die agtergrond te sien.**

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom is die woorde in paragraaf 1 tussen aanhalingstekens? Waaruit kom hierdie woorde?

Dit is Annette Dubovsky se direkte woorde. Dit kom net so uit haar testament.

2. Hoe skakel paragraaf 1 en 2 by mekaar aan?

Die woorde wat sy gesê het (paragraaf 1) word verklaar in paragraaf 2.

3. Wat is 'n susterskoerant?

Dit is 'n koerant van dieselfde maatskappy (byvoorbeeld Media24), maar wat net in 'n ander streek uitgegee word. Die inhoud verskil gewoonlik, maar daar kan soms dieselfde berigte in voorkom.

4. Waarvoor moes dié fondse aangewend word? Dink jy dit is voldoende?

Die fondse word gebruik om vir sy mediese studies te betaal. Dit is 'n lang en 'n duur kursus, dus sal die R25 000 te min wees.

5. Is paragraaf 5 'n feit of 'n bewering? Motiveer.

Dit is 'n feit. Alhoewel daar nie 'n jaartal by is nie, maak dit nie saak nie, want dit kom uit 'n berig wat 'n datum by het. Dit is dus 'n feit.

6. Waarom het Samuel se droom Annette Dubovsky na aan die hart gelê?

Haar man was 'n dokter.

7. Hoe weet die leser dat Ishmael 'n goeie en getroue koerantafleweraar was?

Hy is verskeie kere as *Volksblad* (*Beeld* se susterkoerant) se afleweraar van die jaar aangewys.

8. Beskryf die kern van hierdie berig in een enkele sin.

Iemand se nalatenskap kan mense se lewens verander.

Aktiwiteit 76 Skryf 'n testament

Aktiwiteit 77 My eie spellys

Aktiwiteit 78 Geïntegreerde taaloefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *miljarde* in die titel.

Miljardêr.

2. Haal 'n voorbeeld van 'n eienaam uit paragraaf 1 aan.

Enige voorbeeld van 'n eienaam: Washington, Trouble, New York.

3. Waarom is die naam van die hond eintlik ironies?

Die hond se naam is *Trouble*, maar hy gaan beslis nie moeilikheid hê nie. Inteendeel, hy gaan soos 'n koning leef.

4. Die woorde *die skatryk poedel* (paragraaf 1) het betrekking.

4.1 As watter soort byvoeglike naamwoord word die woord *skatryk* hier gebruik?

Attributiewe byvoeglike naamwoord. (Die byvoeglike naamwoord staan vóór die selfstandige naamwoord wat dit beskryf.)

4.2 Maak 'n kort sin om die woord *skatryk* as 'n predikatiewe byvoeglike naamwoord te gebruik.

Die poedel is skatryk. (Die byvoeglike naamwoord staan ná die selfstandige naamwoord wat dit beskryf.)

5. Haal 'n aanwysende voornaamwoord uit paragraaf 1 aan.

Dít.

6. Haal 'n emotiewe woord uit die eerste paragraaf aan en vervang dit met 'n meer nugter woord.

Die woord *brakke* is 'n emotiewe woord. Die woord *honde* is meer nugter.

7. Waarvoor staan die afkorting *me*. (paragraaf 2)?

Vroulike persoon (dit sluit 'n getroude en 'n ongetroude persoon in).

8. Gee die verkleining van die soortnaam *oë* (paragraaf 2).

Ogies.

9. Word die woorde *aan die kleinste been kou* (paragraaf 3) letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.

Dit word figuurlik bedoel (dat hy die minste geërf het), maar dit pas hierby, want dié poedel sal seker aan 'n klein beentjie kou.

10. Gebruik die woord *geld* (paragraaf 4) in 'n ander betekenisverband as in die teks.

Enige sin met die woord *geld* in ander betekenisverband: Hierdie opdrag geld nie vir hom nie (dit is nie op hom van toepassing nie).

11. Gebruik die skeibare werkwoord *ingevoeg* (paragraaf 4) as twee woorde (dus geskei) in 'n sin.

Hy voeg dit *in* die testament.

12. Bestudeer die volgende twee sinne:

Sy *het* in haar testament bepaal (paragraaf 7).

Sy *het* geld.

In albei die sinne word die werkwoord *het* gebruik. Bepaal in watter sin dit 'n hulpwerkwoord en in watter sin dit 'n koppelwerkwoord is.

Sy *het* in haar testament *bepaal* (paragraaf 7). (Hulpwerkwoord, want dit kom saam met 'n ander (hoofwerkwoord) in die sin voor.)

Sy *het* geld. (Koppelwerkwoord, want daar is nie 'n ander werkwoord in die sin nie.)

13. Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat dieselfde beteken as *deurgetrek*, *deurgehaal*.

Geskrap.

14. Die woord *kontroleer* (paragraaf 8) is 'n werkwoord. Vorm 'n selfstandige naamwoord van dié woord in die volgende sin: Die (kontroleer) is goed gedoen, hulle weet presies wie die graf besoek het.

Kontrole.

15. Verbind die volgende twee sinne deur 'n gepaste voegwoord te gebruik.

Hulle moet die honde versorg. Dit is te laat.

Hulle moet die honde versorg voordat dit te laat is.

16. 'n Deelwoord word altyd van 'n werkwoord gevorm. Gee die korrekte vorm van die deelwoord in die volgende sin:

Die (blaf) honde is nou verseker van 'n rooskleurige toekoms. **Blaffende.**

17. Skryf die volgende direkte woorde van me. Leona Helmsley in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Me. Leona Helmsley het gesê ...
- Me. Leona Helmsley sê: “Na my afsterwe moet julle my graf een keer per jaar besoek.”
- Me. Leona Helmsley het gesê dat na haar afsterwe hulle (haar kleinkinders) haar graf een keer per jaar moet besoek.**
18. In paragraaf 4 verwys die woord *geld* na rand en sent. Gebruik nou die woord *geld* in 'n ander betekenisverband, dus as 'n homoniem in 'n goeie sin.
- Dit geld vir al haar kleinkinders.**
19. Die woord *versorg* kom in paragraaf 5 voor. Gee die korrekte paroniem van dié woord in die volgende sin:
- Sy was baie (sorg) oor die honde. **Besorg.**
20. Bestudeer die volgende sin. Die gelukkige honde het elkeen saans 'n lekker been gekry.
- Skryf dit oor en onderstreep:
- 20.1 die bywoordelike bepaling wat in die sin voorkom.
- Die gelukkige honde het elkeen saans 'n lekker been gekry.**
- 20.2 Die byvoeglike bepalings wat in die sin voorkom.
- Die gelukkige honde het elkeen saans 'n lekker been gekry.**
21. Kweek *kritiese taalbewustheid*. Helmsley het in haar testament bepaal dat haar kleinkinders miljoene ponde erf *mits* hulle haar graf een keer per week besoek (paragraaf 7). Hierdie is 'n voorbeeld van: vooroordeel / diskriminasie / partydigheid / manipulering.
- Hierdie is 'n voorbeeld van *manipulering*.**

Week 3 en 4

Emosies ry wipplank

Aktiwiteit 79 Emosionele jy!

Voorgestelde antwoorde

(Ander beskrywings kan ook korrek wees.)

1. Kwaad.
2. Verveeld.
3. Gelukkig.
4. Bekommerd.
5. Bevrees.
6. Bang.
7. Skaam.
8. Uitbundig.
9. Tvrede.

Aktiwiteit 80 Gesels oor emosies in die werkplek

Luisterteks

Onderhoudvoerder: Vandag gaan ons oor emosies gesels. Is emosies eie aan elke mens?

Spreker: Ja, dit is juis emosies wat die mens van die dier onderskei. Soms dink 'n mens dat 'n persoon nie emosies ervaar nie en dan kryt ons die persoon dikwels uit as 'n ongevoelige buffel. In der waarheid het die persoon dalk net geleer om sy emosies te onderdruk en te beheer. Dit is nie te sê dat die persoon nie die emosie ervaar nie.

Onderhoudvoerder: Kan jy dalk vir ons 'n voorbeeld noem?

Spreker: 'n Man kan dalk na die dood van 'n geliefde glad nie huil nie. Mense sal dan skinder en sê dat hy sy vrou nie liefgehad het nie. Wat die mense nie weet nie, is dat die man dalk net sulke diepe hartseer beleef, maar hy wys dit nie.

Onderhoudvoerder: Is dit goed om emosies te onderdruk?

Spreker: Juis nie. Dit is goed as 'n mens sy emosies kan beheer, maar dit moet iewers 'n uitlaatklep kry. Opgekropte emosies kan aanleiding gee tot hartaanvalle, hoë bloeddruk en ander siektes.

Onderhoudvoerder: Watter emosie is baie sterk?

Spreker: Daar is baie emosies wat sterk is en met moeite beheer word. Een daarvan is jaloesie. 'n Jaloerse minnaar weet hy is jaloers, maar weet nie waar om dié knoppie af te draai nie. En dan is woede ook 'n baie sterk emosie.

Onderhoudvoerder: Ja, 'n mens hoor dikwels dat mense onbesonne dinge aanvang in 'n woedebui. Dink maar aan die baie gevalle van padwoede waarvan ons in die koerante lees.

Spreker: 'n Woede-ontploffing verdun nie die woede omdat jy van die opgekropte gevoelens ontslae raak nie. Dit klits die kwaad eerder dikker en die persoon word nog kwater.

Onderhoudvoerder: Hoe kan woede 'n mens in die werkplek benadeel?

Spreker: 'n Man met ringetjies en gaatjies in sy ore, neus, wenkbroue en lip het aansoek gedoen vir 'n werk as busbestuurder. Die werkgewer het gedink dat hy hierdie jongman nie op die

uiterlike gaan takseer nie en het in 'n onderhoud vir hom gevra of hy die ringetjies sal afhaal om meer fatsoenlik vir die passasiers te wees.

Onderhoudvoerder: En het hy toe ingestem?

Spreker: Nee, hy het hom bloedig vererg en by die vertrek uitgestorm. Die werkgewer was bereid om vir hom 'n werk aan te bied, maar omdat hy nie sy woede kon beteuel nie, is hy toe die werk kwyt.

Onderhoudvoerder: Hoe was 'n mens die gif uit 'n woedebui?

Spreker: Daar is maniere om kreatief met hierdie emosie om te gaan. Daar is 'n fyn balans tussen 'n uitbarsting en om op te krop.

Onderhoudvoerder: Vertel 'n bietjie hoe woede effektief beheer kan word.

Spreker: Moenie opkrop nie. As iets jou pla, praat dadelik daaroor. Moenie ou koeie uit die gat grou nie. Hou by die huidige argument en moenie in die verlede delf nie. Praat, praat, praat. Kommunikasie is noodsaaklik.

Onderhoudvoerder: Wat maak 'n mens as jy moeilik sê hoe jy voel?

Spreker: Skryf 'n brief aan die persoon vir wie jy kwaad is en sê presies hoe jy voel. Om jou woede en frustrasie te verwoord, help klaar baie.

Onderhoudvoerder: 'n Laaste iets oor emosies?

Spreker: Onthou dat 'n mens 'n kosbare maar ingewikkelde wese is. Fokus op positiewe emosies soos vrede en geluk en blydschap en maak dit deel van jou lewe.

Aktiwiteit 81 Skryf 'n dekbrief en stel 'n CV saam [Formele assesseringstaak 2a]

Aktiwiteit 82 Doen aansoek om 'n werk as nar

Aktiwiteit 83 Literêre tekste: Jeugroman

Aktiwiteit 84 Literêre tekste: Poësie

Aktiwiteit 85 Leesbegrip en leesstrategieë

Opdrag 1: Kritiese taalbewustheid

Dui aan of die volgende aanhalings partydigheid, stereotipering, gevoelstaal, oorredende taal of manipulerende taal is:

1. Is hy 'n Indiër? dan kan jy maar seker wees hy het 'n besigheid. **Stereotipering**
2. Ons skool se dirigente is baie beter as die buurskool s'n. **Partydigheid**
3. As jy dit nie vir my doen nie, gaan ek nooit weer met jou praat nie. **Manipulering**
4. Dit sal jou liggaamlik tot voordeel strek as jy gereeld oefen. Ons het 'n uitstekende plan waarvolgens jy fiks kan bly. **Oorreding**

Opdrag 2: 'n Traan rol oor die wang

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter emosie ervaar jy as jy na die foto kyk?

Die leerders gee hulle eie antwoorde: dit laat my hartseer voel.

2. Watter verband is daar tussen die teks en die foto?

Die foto is van iemand wat huil en die teks handel oor huil. Daar is dus 'n direkte verband.

3. Watter twee tegnieke word gebruik om die woord *huil* in die eerste paragraaf te beklemtoon?

Agterplasing / eindplasing in die sin. Die woord *huil* volg ook na die dubbelpunt.

4. Die woord *tjankbalies* in die subopskrif is 'n emotiewe woord.

4.1 Wat beteken dit as iemand 'n tjankbalie is?

Hy of sy huil maklik en verniet.

4.2 Watter klankverskynsel kom in hierdie woord voor?

Klanknabootsing.

5. Watter enkele woord in paragraaf 1 dui daarop dat die baba hard gehuil het?

Luidkeels.

6. Verduidelik *huil* as 'n vorm van oefening deur na 'n voorbeeld te verwys.

Die harde gehuil van 'n baba bring mee dat hy diep moet asemhaal en dit verhoog die longkapasiteit wat energie verbrand.

7. ... *en, ja, raak ook van stres ontslae* (paragraaf 1).

7.1 Watter tempo word gehandhaaf in hierdie sin en wat dra tot hierdie tempo by?

Stadige tempo. Die baie leestekens (kommassas) verstadig die tempo.

7.2 Waarom word die woord *ja* gebruik en wat wil die skrywer daardeur te kenne gee?

Sy gebruik die woord *ja* om te bevestig dat babas ook aan stres kan ly. 'n Mens sou dink dat 'n baba 'n stresvrye lewe het.

8. Hoeveel ure huil 'n ses weke oue baba per dag? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?

Drie ure per dag. Die leestegniek wat gebruik is, is begriplees / studieles (nie soekles nie, want die teks bevat baie inligting en 'n mens moes mooi lees om dit raak te lees).

9. Waarom huil seuns van twaalfjarige ouderdom minder? Dink jy dit is goed dat seuns huil onderdruk? Skryf jou siening neer.

Die samelewing glo dat seuns sterk moet wees en hulle mag nie huil nie. Leerders gee hulle eie menings. Wys hulle daarop dat dit vir alle mense goed is om te huil sodat daar van opgekropte frustrasies ontslae geraak kan word.

10. Lees paragraaf 4 noukeurig. Skryf in jou eie woorde wat dit beteken *hulle weet nie hoe om dit uit te druk nie*.

Kinders weet dikwels nie hoe om hulle hartseer in woorde uit te druk nie.

11. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as *om mense op 'n negatiewe manier te beïnvloed om jou wense uit te voer*.

Manipulering (paragraaf 6).

12. Wat beteken die volgende uitdrukkings wat oor trane handel:

12.1 Hy huil krokodiltrane.

Hy huil onegte, geveinsde trane.

12.2 Hy huil lang trane.

Hy huil bitterlik.

12.3 Hy lag sy trane uit.

Hy lag dat die trane rol / om onbedaarlik te lag.

Opdrag 3: 'n Glimlag op die gesig

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat word in die middel van die gedig uitgebeeld? Skryf ook die woord in die gedig wat daarmee verband hou, neer.

'n Blommetjie. Magrietjie.

2. Die woorde *fLikkER*FliKkEr* is van toepassing.

2.1 Wat word voorgestel deur die snaakse gebruik van die hoofletters?

Die blommetjie wat op die skerm flikker.

2.2 Waarom word die woord *flikker* herhaal?

Om te flikker beteken dit dat die beeld herhaal word, daarom die herhaling van die woord *flikker*.

3. Skryf hierdie gedig oor in Standaardafrikaans.

SMS (Skryf vir my 'n teksboodskap) my elke aand, sê naand en jy's lief vir my. Los 'n liedjie op my ipod en 'n magrietjie wat my selfoon laat flikker en my herinner dat jy maak my elke dag glimlag. Ander variasies kan ook reg wees.

4. Wat word deur die :D voorgestel?

Twee ogies en 'n bek wat lag ('n glimlag).

Aktiwiteit 86 Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die manier waarop die titel gedruk is noukeurig.

1.1 Wat merk jy op omtrent hoe die woord *frons* gedruk is?

Dit is vetgedruk en staan sentraal in die titel.

1.2 Wat beeld die woorde 'n *glimlag maak* uit?

Dit is in die vorm van 'n glimlag gedruk. Dit wys visueel die glimlag.

2. Waarom is daar vraagtekens langs die woorde *hartseer*, *gespanne* en *kwaad*?

Die leser word betrek by die vrae: is jy hartseer, gespanne of kwaad? Hierdie vrae word aan die leser gevra.

3. Gee die trappe van vergelyking en die intensiewe vorm van die woord *kwaad* in die volgende sin: Jessie was (kwaad) as Stella; maar die (kwaad) Janie was die (kwaad) van almal.

Kwater, smoorkwaad, kwaadste.

4. *Kry 'n stil plekkie waar jy gemaklik kan sit en konsentreer op jou asemhaling* (paragraaf 1). Die woord *en* is hier 'n aaneenskakelende voegwoord. Skryf die sin oor en vervang die woord *en* met 'n ander voegwoord.

Kry 'n stil plekkie waar jy gemaklik kan sit terwyl jy op jou asemhaling konsentreer (woordorde verander).

5. Die woord *uit* word as 'n voorsetsel in paragraaf 1 gebruik. Voltooi die voorsetsels in die volgende sinne:

5.1 Hy loop **langs / in** die stroom water.

5.2 Hy is beroof **van** alle voorregte.

5.3 Hy vee sy gevoelens **onder** die mat in.

6. In paragraaf 2 word die woord *reaksie* as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Verander hierdie woord in 'n werkwoord in die volgende sin: Hy (reaksie) positief op die meisie se glimlag.

Reageer.

7. Skryf die sin *Hoekom is jy kwaad?* (paragraaf 2) oor en gebruik 'n tussenwerpsel om meer gevoel in te sit.

Sjoe, hoekom is jy so kwaad? Ai, hoekom is jy so kwaad? Enige sin met 'n tussenwerpsel.

8. In paragraaf 3 word die woord *gesels* as 'n werkwoord gebruik. Verander dié woord in 'n selfstandige naamwoord in die volgende sin: Hy geniet die meisie se (gesels) baie.

Geselsery, geselskap.

9. Die woord *iemand* (paragraaf 3) is 'n voornaamwoord. Gee 'n voornaamwoord wat die teenoorgestelde as *iemand* beteken.

Niemand.

10. Die woord *betrokke* kom in paragraaf 4 voor. Uit watter woord is hierdie woord deur middel van klinkerwisseling afgelei?

Betrek / trek.

11. Die woord *emosies* word in paragraaf 4 as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Vorm 'n byvoeglike naamwoord van hierdie woord in die volgende sin: Hy het haar baie (emosies) ondersteuning gebied deur aandagtig na haar te luister.

Emosionele.

12. Die woord *lei* kom in paragraaf 5 voor. Maak 'n sin met die homofoon van dié woord (dus met die woord *ly*).

Enige gepaste sin met die woord *ly*: Sy ly aan asma, haar hart, depressie.

13. Watter betekenisverandering sal die woord *bereik* ondergaan as dit oorrond uitgespreek word? Maak 'n sin om te verduidelik.

Dit sal dan *beruik* wees. Die hond beruik elke mens wat in die erf kom.

14. Die woord *snaakse* kom in paragraaf 5 voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin. Let op die spelling daarvan.

Hulle het baie snaakse fliëks gesien, maar die (snaaks) een was die een van die man wat met die diere kon praat.

Snaaksste. Laat die leerders die volgende woorde in hulle spellyste skryf: boos + -ste = boosste, vas + -ste = vasste.

15. Die volgende sin is 'n stelsin: Gesels openhartig oor jou gevoelens. Verander hierdie sin in 'n bevelsin.

Jy moet openhartig oor jou gevoelens gesels. Gaan gesels openhartig oor jou gevoelens.

16. Skryf die volgende sin wat in die indirekte rede is, oor in die direkte rede. Let op die korrekte gebruik van leestekens. Begin jou sin as volg: Linah sê:

Linah het gesê dat sy die volgende dag die boek oor emosies skool toe sou bring.

Linah sê: "Ek sal môre die boek oor emosies skool toe bring."

17. Gebruik die woord *lys* (paragraaf 1) in 'n ander betekenisverband (dus die homoniem daarvan) in 'n goeie sin.

Hy loop op die lys van die rots. (Uitstaande rand van 'n muur, deur ens.)

18. Skryf die antoniem van die woord *daal* (paragraaf 5) neer.

Styg.

19. *Afleiding help altyd wanneer jy jou stresvlakke wil laat daal* (paragraaf 5). Hierdie sin bestaan uit 'n hoofsin en bysin. Skryf slegs die bysin van hierdie sin neer.

... wanneer jy jou stresvlakke wil laat daal.

Week 5 en 6

Prikkel daai lagspiere

Aktiwiteit 87 Luister na 'n debat

Luisterteks

Johan: Ek glo dat Afrikaanse humor heel gepas is en dat dit net so 'n bietjie gekruie word om dit daardie ekstra smaak te gee.

Veronique: Ek stem glad nie met jou saam nie. Afrikaanse humor is platvloers en seksbehep. En dan word dit nog as gesinsvermaak op die televisie aangebied!

Johan: As jy nie van die humor oor die televisie hou nie, skakel na 'n ander kanaal. Ek hou weer glad nie van Britse humor nie en die Amerikaanse humor is maar eintlik net *slapstick*.

Veronique: Ek verskil van jou. Engelse humor is fyn en daar is baie keer subtiele verwysings waar 'n mens bietjie jou verstand moet gebruik om te verstaan. 'n Mens kry weinig treffende woordspelings in Afrikaanse humor.

Johan: Natuurlik is daar vlymskerp verwysings en dubbelsinnighede in ons humor. Maar as jy nie daarvan hou nie, sit jy heel waarskynlik met 'n negatiewe gesindheid en het dit al klaar veroordeel nog voordat jy daarna geluister en gekyk het. Produksies met komedie is die beste verkopers by kunstefeeste. Die mense wat nie daarvan hou nie, is beslis in die minderheid.

Veronique: Wat my die meeste van Afrikaanse humor hinder, is dat die toilet altyd sitkamer toe gesleep word om selfs die kinders verleë te laat giggel.

Johan: Toilethumor bly deel van ons kultuur. Kyk net hoe goed word Leon Schuster se prente by die loket ondersteun en dit terwyl die resensente dit gewoonlik nie ophemel nie. Dit laat ons ontspan, vergeet van die daaglikse sorge!

Veronique: Nou bevestig jy net my punt. Ek dink Afrikaanses is oor die algemeen maar platvloers. Of kom ek noem dit by die naam: kômmin!

Johan: Jy raak nou baie beledigend. Ten minste kan ons nog lag en die positiewe ervaar. Dit is anders as julle wat met 'n stywe bolippie nie eens 'n ordentlike lag uit die maag kan gee nie.

Veronique: Maar natuurlik kan ons lekker lag. Ons lag net vir ander goed as julle.

Johan: Daar het jy dit. Ek dink ons stem saam oor een ding en dit is dat ons van mekaar verskil. Gaan geniet jy jou uitheemse humor, maar ek sal gaan kraai van die lag oor ons eg Suid-Afrikaanse humor.

Aktiwiteit 88 Neem deel aan 'n debat

Aktiwiteit 89 Literêre teks: Volksprokie

Aktiwiteit 90 Literêre teks: Gedig

Aktiwiteit 91 Lees en kyk vir begrip

Pre-lees

1. Skryf die rubriek waaruit hierdie teks kom, neer.

Blouwillemaandag.

2. Watter dag van die week verskyn hierdie rubriek?

Maandae.

3. Watter suggestie lê daar in die naam van die rubriek opgesluit?

Maandae word geassosieer met dinge wat verkeerd loop en word dikwels BLOU Maandag genoem. Die naam van die rubriek sluit hierby aan.

4. Waaroor dink jy gaan hierdie teks handel as jy na die illustrasie kyk?

Vleisbraai, Nasionale Braaidag

Post-lees

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter twee pare woorde staan teenoor mekaar in paragraaf 2?

Lag en lekker staan teenoor pynlik en wroeg.

2. Bestudeer paragraaf 3 noukeurig.

2.1 Verduidelik hoe iemand is as hy *ligsinnig* (paragraaf 3) is.

Nie ernstig nie, sonder om na te dink oor die gevolge van sy dae. Hy kom oppervlakkig voor sonder erns.

2.2 Wat sê hierdie paragraaf van lag?

Dit is een van die min goed wat nog verniet is.

2.3 Waarin is die humor geleë in hierdie paragraaf?

Die verwysing dat brander- en hysbakry nog verniet is, is komies.

3. *Mense lag vir verskillende goed* (paragraaf 7).

3.1 Watter twee soorte lagers word hier beskryf?

Diegene wat lag as ander seerkry en diegene wat net lag as daar vloekwoorde gebruik word.

3.2 Verduidelik wat word bedoel met die woorde *...en dan natuurlik mense aan wie jy die snaaks moet verduidelik wanneer almal klaar gelag het*.

Dit is die persoon wat nie die grap gevang / verstaan het nie. 'n Mens moet gewoonlik die grap verduidelik voordat die persoon dit snap.

4. Gee Afrikaans vir die Engelse woord *offspring* (paragraaf 9).

Nakomeling, kleintjies, afstammeling.

5. Paragraaf 10 is van toepassing: *Ja, lekker vlak, vark humor*.

5.1 Verduidelik die woordspeling deur na paragraaf 9 te verwys.

Die vorige paragraaf het na 'n vlakvark verwys. Hierdie woord se twee basisse word apart gebruik om woordspeling te bewerkstellig. Vlakvark: vlak humor oor 'n vark.

5.2 Watter tempo word gehandhaaf in hierdie reël?

Baie stadige tempo.

5.3 Wat bewerkstellig hierdie tempo?

Die baie leestekens, die a-klank en die frikatiewe v-klank wat die tempo verstadig.

6. Verduidelik die misverstand wat in reël 11 tot 14 voorkom.

Die seuntjie het gedink dat dit 'n braairooster is waarvan die hoof oor die interkom gepraat het, maar dit was die skoolrooster. Sy afleiding was dus foutief.

7. Som paragraaf 1 tot 7 van hierdie teks op in 'n paragraaf van 70 tot 80 woorde.

Voorgestelde antwoord:

Elke mens het sy eie definisie van humor – dit wat vir hóm snaaks is. Lag is een van die min dinge wat nog verniet is. Dokters glo dat lag gesond is vir jou en beveel aan dat jy meer as vier keer per week moet lag. Elke mens lag verskillend en vir verskillende goed. Party lag as iemand seerkry en ander lag weer net as daar vloekwoorde gebruik word.

Aktiwiteit 92 Skryf 'n verhalende of beskrywende opstel [Formele assesseringstaak 2b]

Aktiwiteit 93 Geïntegreerde taaloefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Vorm deelwoorde van die woorde tussen hakies wat uit die teks geneem is:
 - Die (borrel) lag van die meisie is aansteeklik.
Borrelende.
 - Daar was heerlike (loop) water om te drink.
Lopende.
- Watter soort selfstandige naamwoorde is *Amerika* (paragraaf 2) en *trappe* (paragraaf 2)?
Amerika – eienaam, trappe – soortnaam.
- Skryf die volgende woorde oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra: *minute* (paragraaf 2), *ingewande* (paragraaf 3) en *Amerikaanse* (paragraaf 4).
Minute (paragraaf 2), ingewande (paragraaf 3) en Amerikaanse (paragraaf 4).
- Gee 'n sinoniem vir die woord *sakemanne* (paragraaf 3).
Sakelui.
- Haal 'n sterk verlede deelwoord uit paragraaf 4 aan.
Verstoppe.
- Die woord *vergelyk* kom in paragraaf 4 voor. Vorm 'n sterk verlede deelwoord van die woord in die volgende sin. Onthou dat daar klinkerwisseling moet plaasvind: (Vergelyk) met jou, het ek nog baie om te leer.
Vergeleke.
- Watter betekenisverandering sal die woord *brein* (paragraaf 5) ondergaan as dit verkeerdelik oorrond uitgespreek word?
Dit sal dan die kleur bruin aandui.
- Skryf die teenoorgestelde van die woord *opgeruimdheid* (paragraaf 6) neer.
Swartgalligheid.
- Skryf die determineerder in paragraaf 7 neer en benoem die woordsoort.
Dié is 'n aanwysende voornaamwoord. Die woord die is gewoonlik 'n lidwoord. Onthou: As die woord dié beklemtoon word, is dit 'n aanwysende voornaamwoord.
- Maak sinne met die volgende vaste verbindings sodat die betekenis duidelik daaruit afgelei kan word.
 - 'n klinkende oorwinning
Hy het 'n klinkende oorwinning oor die opponent behaal.
 - versengende hitte
Die versengende hitte het ons almal swembad toe gedryf.

11. In die heel laaste sin in paragraaf 8 is daar twee infinitiewe. Skryf albei neer en bepaal die reël wat gewoonlik hier geld.

Die infinitiewe is *om te lag* en *om te doen*. 'n Infinitief is gewoonlik *om te plus* 'n *werkwoord*. Soms word die *om te* verswyg, byvoorbeeld (*om te*) *swem is lekker*.

12. Bestudeer die titel noukeurig. Hierdie titel is baie klankryk.

12.1 Skryf die titel oor en dui die alliterasie en assonansie aan.

Lag en leef langer. Allitererende l-klank.

Lag en leef langer. Assonerende a-klank.

12. Skryf 'n klanknabootsende woord vir die woord *lag* neer.

Ha-ha.

13. Haal die voegwoord uit paragraaf 6 aan en skryf neer watter soort voegwoord dit is.

Maar. Teenstellende voegwoord.

14. "Kry 'n glimlag op jou gesig en vier die goeie dinge in jou lewe," is dr. Lowe se raad (paragraaf 8). Skryf hierdie sin wat die dokter se direkte woorde is, neer in die indirekte rede. Begin jou sin as volg: Dr. Lowe sê ...

Dr. Lowe sê dat 'n mens 'n glimlag om sy gesig moet kry en die goeie dinge in die lewe moet vier.

15. Skryf die volgende bevelsin in die verlede tyd.

Jy moet sorg dat jy baie lag!

Jy moes gesorg het dat jy baie lag.

16. Bestudeer die laaste sin in die teks. *Om te lag, is die regte ding om te doen*. Hierdie sin is: manipulerend / oorredend / partydig.

Hierdie sin is *oorredend*. Gesels met die leerders oor kritiese taalbewustheid.

Aktiwiteit 94 My eie spellys

Week 7 en 8

Laat die wiele rol

Aktiwiteit 95 Luister na 'n mondelinge aanbieding

Luisterteks

Om 'n motorfiets te ry, kan baie opwindend wees. 'n Motorfiets gee vir jou die vryheid om te kom en gaan soos wat jy wil. Dit is egter baie belangrik om 'n motorfiets met die nodige respek te behandel. Hier is 'n paar punte wat jy deurgaans moet onthou:

1. Helms moet te alle tye gedra word. Moenie dink dat jy net sommer gou om die blok gaan ry na jou vriend se huis toe nie. Dit is net dan wanneer jy op sand in die pad gly en erg beserings opdoen. 'n Helm beskerm jou kop en keer dat jy gevaarlike kopbeserings opdoen.
2. Die motorfiets se kopligte moet ten alle tye aangeskakel bly. Dit verhoog jou sigbaarheid. En jy wil hê dat ander – dikwels roekelose motoriste – jou moet kan raáksien en mísry!
3. Moenie manewales op die motorfiets uithaal nie. As jy wil toertjies doen, gaan sluit by 'n sirkus aan. Albei hande moet op die stuurstang bly, of ten minste dan net die een hand. Moenie probeer ry sonder om jou hande te gebruik nie. Sonder hande het jy nie beheer oor die fiets nie en dit kan baie gevaarlik wees!
4. Albei bande moet ook te alle tye in kontak bly met die padoppervlakte. Moenie probeer wat waaghalse op die televisie doen nie. Om net op een wiel te ry, is moeilikheid soek. As jy dit een keer doen en regkry, begin 'n mens al meer eksperimenteer en word later so mak dat jy roekelose dinge aanvang.
5. Motorfietsse mag geen vragte dra wat die bestuurder se uitsig belemmer nie en 'n motorfiets kleiner as 50cc mag ook nie 'n passasier dra nie. 'n Maksimum van twee persone mag op 'n motorfiets ry. Al dink jy jy spaar geld (en tyd!) as julle drie of vier op één motorfiets ry, mag dit onder geen omstandighede gedoen word nie.
6. Sorg dat jou motorfiets altyd in 'n goeie toestand bly. Hou dit skoon en laat die bande gereeld nagaan. Laat jou motorfiets gereeld diens en dit sal jare lank 'n betroubare vervoermiddel wees.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat gee 'n motorfiets aan 'n tiener en hoe moet 'n motorfiets altyd behandel word?

Dit gee 'n tiener vryheid. 'n Motorfiets moet altyd met respek behandel word.

2. Mag jy vinnig na jou vriend wat naby bly ry sonder 'n helm? Motiveer.

Nee, jy mag nie, want jy kan dalk net op die sand gly en seerkry.

3. Waarom is dit gevaarlik om sonder 'n helm te ry?

Jy kan 'n kopbesering opdoen.

4. Luister weer na paragraaf 2.

4.1 Waarom moet die motorfiets se kopligte altyd aangeskakel bly?

Dit verhoog jou sigbaarheid.

4.2 Wat verseker dit ten opsigte van ander motoriste?

Ander roekelose motoriste sal jou dan raaksien.

4.3 Watter twee kontrasterende woorde word hier beklemtoon?

Die woorde *raaksien* en *misry* word beklemtoon.

5. Waar moet jy gaan aansluit as jy toertjies wil doen? Waarom is hierdie aanmerking gepas?
By 'n sirkus. Dit is gepas, want by 'n sirkus word gevaarlike toertjies gedoen soos om deur die lug te sweef of om op 'n tou te loop.
6. Hoeveel hande moet op die motorfiets se stuurstang wees?
Albei hande verkieslik, maar dan ten minste net een.
7. Hoekom moet jy nie probeer wat waaghalse op televisie doen nie?
Dit lyk maklik en dan probeer jy dit ook en dit kan lewensgevaarlik wees.
8. Watter gevaar is daaraan verbonde as jy 'n toertjie soos om op een wiel te ry, regkry?
'n Mens word "mak" en raak meer waaghalsig en dit kan lewensgevaarlik wees.
9. Waarna verwys die *tyd en geld* wat jy kan spaar as jy sommer al jou vriende met een slag vervoer?
Dit neem lank om een vir een iewers heen te vervoer. Dit spaar ook petrolgeld as jy almal op een slag neem, maar dit kan gevaarlik wees!
10. Wat moet jy doen om jou motorfiets in 'n goeie toestand te hou?
Hou dit skoon, laat die bande gereeld pomp en nagaan en laat jou motorfiets gereeld diens.
11. Onderskei tussen *padwaardig* en *padvaardig*.
Padwaardig: meganiese in 'n goeie toestand om op die pad te gaan.
Padvaardig: gereed om op reis te gaan.

Aktiwiteit 96 'n Voorbereide toespraak

Aktiwiteit 97 Literêre teks: Jeugroman

Aktiwiteit 98 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 99 Visuele en geskrewe tekste

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Aan watter liedjie is die titel ontleen?
Die bekende liedjie *hoe ry die boere sit sit so* is verander om by die inhoud van die teks te pas.
2. Die woord *vrek duur* kom in die subopskrif voor. Gee die intensiewe vorm van *baie duur*.
Peperduur.
3. *Die kroegman was natuurlik vertrouwd met Andy se wêreldbeskouing*. Watter suggestie lê in hierdie woorde opgesluit? Met ander woorde, wat het die kroegman van Andy geweet?
Hy is baie lui. Hy hou nie van werk nie.
4. Watter gevoel word deur die tussenwerpsel *siestog* in paragraaf 2 weerspieël?
Gevoel van jammerte / medelye.
5. *Somer, son en saffier vir sy wit Engelse pensie* (paragraaf 4).
 - 5.1 Waarom sou sy pensie wit wees?
Hy bly in Engeland en daar skyn die son maar selde. Engelse is gewoonlik baie wit.
 - 5.2 Watter woord in die teks is gebruik om met die woord *pensie* te rym?
Fênsie.

6. Verduidelik wat beteken *jou mobiele sitkamer word 'n bewegende stoep* (paragraaf 5).
Die mobiele sitkamer is die motor waarin die persoon ry. Op 'n stoep kyk 'n mens gewoonlik uit oor dit wat buite aangaan. In 'n oopkapmotor sit jy en sien dit wat buite aangaan terwyl jy ry (beweeg) – dus 'n mobiele (bewegende) sitkamer.
7. Bestudeer paragraaf 6 noukeurig. Waarom het die skrywer, nadat hy *buitewêreld* gesê het, die woorde – *in meervoud* – bygevoeg?
Hy wou beklemtoon dat daar meer as een buitewêreld te sien is in 'n bewegende motor.
8. Die woord *vistas* in paragraaf 6 beteken *aangename uitsigte*. Verduidelik wat hier bedoel word.
As 'n mens in 'n voertuig ry, verander die uitsigte (dit wat jy sien) voortdurend. Jy sien dus baie wêreld.
9. Vergelyk die woord *oopkop* soos dit in die titel en in paragraaf 7 voorkom. Verduidelik die denotatiewe en konnotatiewe gebruik van die woord hier.
In die titel is die persoon se kop in die wind. Dit is dus letterlik 'n oop kop en dus word die woord denotatief gebruik. In paragraaf 7 beteken dit figuurlik dat 'n persoon ontvanklik vir idees is en die woord word dus hier konnotatief gebruik.
10. Watter suggestie (verskuilde betekenis) lê opgesluit in die vraag in paragraaf 9: *Waarvoor dan wag?*
Die skrywer moedig die leser aan om 'n oopslaankapmotor te gaan koop.
11. Watter nadele het *seiltjies* volgens paragraaf 11?
Dit lawaai in die wind en dit kan lek as dit reën.
12. Om watter rede word die woorde – *in Afrika* – tussen aandagstrepe in paragraaf 11 geplaas?
Dit beklemtoon dat die son in Afrika baie fel brand.
13. Bestudeer paragraaf 11 noukeurig. Watter soort paragraaf is hierdie? Kies een van die volgende: argumenterende paragraaf, beskrywende paragraaf of 'n keuseparagraaf?
Beskrywende paragraaf.
14. Word die woorde *die son vang* (paragraaf 13) letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.
Dit word figuurlik bedoel. Dit beteken net dat die son heerlik op jou skyn.

Aktiwiteit 100 Spotprent onder die loep

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Een woord is verkeerd gespél in die spotprent. Skryf dié woord korrek oor.
Op pad.
2. Haal 'n klanknabootsende woord uit die spotprent aan en dui aan watter klank nageboots word.
Bam. Die klank van die deur wat op die vloer val, word nageboots.
3. Hoe verskil die vrou se reaksie van dié van die huisdiere?
Die vrou is rustig en kalm terwyl die huisdiere verskrik weghardloop.
4. Watter idioom word hier uitgebeeld? Skryf die idioom en sy betekenis neer.
Om met die deur in die huis te val. Dit beteken om dadelik te sê wat jy op die hart het.
5. Watter afleiding kan jy uit hierdie spotprent maak?

Die man het erge stres ervaar omdat die verkeer druk was.

6. Bestudeer die uitbeelding van die man noukeurig.

6.1 Wat kan as 'n vorm van oordrywing gesien word? Wat word daardeur te kenne gegee?

Tafels, koppies en teepot waai deur die lug. Hy swaai 'n raket. Hierdie is alles oordrywing om aan te dui hoe erg gefrustreerd hy oor die padverkeer was.

6.2 Beskryf die emosie wat die man ervaar in een enkele woord.

Leerders skryf één woord neer: padwoede / aggressie / frustrasie.

6.3 Daar staan 'n motor voor die deur. Watter uitbeelding is dan foutief?

Die man het 'n valhelm en serp aan wat eerder by 'n motorfiets tuishoort.

Aktiwiteit 101 Maak 'n opsomming

Voorgestelde antwoord

Kerngedagtes:

- 1. Motors het die mens se lewe ingrypend verander.**
- 2. Bakwerk van hout is deur 'n koetsmaker vervaardig.**
- 3. Modderskerms beskerm passasiers teen die opskiet van modder.**
- 4. Nommerplate was nodig om roekelose bestuurders te identifiseer.**
- 5. Moeilik om die eerste motors te bestuur.**
- 6. Professionele chauffeurs het rykes se motors bestuur.**
- 7. Voorrute keer wind en stof.**

Motorstories (eie gepaste titel)

Die uitvindsel het die mens se lewe ingrypend verander en was aanvanklik nie welkom nie. Die bakwerk was van hout en is deur 'n koetsmaker vervaardig. Modderskerms is aangebring om die passasiers teen die opskiet van modder te beskerm. Alle motors moes nommerplate hê om roekelose bestuurders te identifiseer. Dit was baie moeilik om die eerste motors te bestuur. Professionele chauffeurs het rykes se motors bestuur. Voorrute moes wind en stof afkeer.

72 Woorde

Aktiwiteit 102 Ontwerp 'n uitnodiging

Aktiwiteit 103 Geïntegreerde taalleer

Pre-les

Leerders bestudeer die titel en die prent noukeurig.

1. Watter twee woorde in die titel weerspieël 'n sterk gevoel?

Bloedige oorlog.

2. Wat word deur die prent uitgebeeld wat 'n mens skok?

'n Geraamte wat die motor bestuur. 'n Motor kan jou dood veroorsaak.

3. Waarna verwys die woord *Karmageddon* in die prent?

Armageddon verwys na die slagveld in die eindtyd. Hierdie woord dui daarop dat 'n kar vir die slagveld verantwoordelik is.

Post- lees

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In paragraaf 1 word die woorde *noodlottige motorongeluk* gebruik.

1.1 Wat beteken die woorde *noodlottige ongeluk*?

Dit is 'n ongeluk waarin die mense wat in die ongeluk betrokke was, dood is.

1.2 Waarom is dit verkeerd om te sê iemand het *dood verongeluk*?

Verongeluk beteken reeds dat die persoon gesterf het. Die woord *dood* is dus oorbodig. Dit word pleonasme genoem.

2. Waarom is “tremendous speed” (paragraaf 1) en “geweldige spoed” (paragraaf 2) tussen aanhalingstekens geskryf?

Eersgenoemde is tussen aanhalingstekens geplaas omdat dit 'n Engelse woord is, laasgenoemde is tussen aanhalingstekens geplaas omdat dit na dié Engelse woord verwys. Dit trek 'n verband tussen die twee woorde.

3. Waarvoor staan die afkorting *km/h*?

Kilometer per uur.

4. Wat is die rede vir die gebruik van die komma in paragraaf 4 tussen die woorde *ondersoek, het*?

'n Komma word gebruik tussen twee gesegdes (werkwoorde).

5. Verduidelik hoekom die woord motorvoertuig (paragraaf 4) as 'n stapelvorm (toutologie) beskou kan word?

'n Motor en 'n voertuig kan afsonderlik gebruik word. 'n Mens kon net sê *voertuig* of net sê *motor*.

6. Die woord *Brittanje* kom in paragraaf 6 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Die (Brittanje) burgers was glad nie beïndruk deur die motor wat 'n ongeluk veroorsaak het nie.

Britse.

7. Watter betekenisverandering sal die woord *luister* (paragraaf 6) ondergaan as dit as *lyster* uitgespreek word?

Dan sal dit na 'n *lyster* verwys wat 'n soort voël is.

8. Die afkorting *prof.* (paragraaf 7) verwys na 'n professor. Skryf die afkorting van *professore* neer.

Proff.

9. Die woord *rit* kom in paragraaf 8 voor. Dit is afgelei van die woord *ry*. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin: Hulle het op (ry) gegaan deur die land.

Reis.

10. Gebruik die homofoon van die woord *fiets* (paragraaf 8) in 'n goeie sin.

Enige gepaste sin met die woord *viets*: Sy het 'n vietse lyfie van al die ure in die gimnasium.

11. *Daar is 'n bloedige oorlog tussen mens en motor.* Verander hierdie sin ...

11.1 in 'n algemene vraagsin

Is daar 'n bloedige oorlog tussen mens en motor? (Slegs die woordorde verander).

11.2 in 'n spesifieke vraagsin.

Hoekom is daar 'n bloedige oorlog tussen mens en motor? (Vraagwoorde word gebruik.)

12. 'n *Vloedgolf van kinders is op paaie beseer*. Brei hierdie sin uit deur die woord *paaie* te beskryf.

'n Vloedgolf van kinders is op besige paaie beseer.

'n Vloedgolf van kinders is op paaie op die platteland beseer.

13. *Kinders met bebloede gesigte, kinders met breinbeserings, kinders met stukkende bekkens, kinders aan asemhalingsmasjiene gekoppel is almal deur motorongelukke veroorsaak*. Verkort hierdie sin deur onnodige inligting uit te laat.

Kinders met bebloede gesigte, breinbeserings, stukkende bekkens, aan asemhalingsmasjiene gekoppel is deur ongelukke veroorsaak.

Veelvuldige beserings by kinders is deur ongelukke veroorsaak.

14. Die woord *dood* kom in paragraaf 3 voor.

14.1 Skryf die trappe van vergelyking van hierdie woord neer.

Slegs dood, hierdie woord het nie trappe van vergelyking nie.

14.2 Skryf die intensiewe vorm van die woord *dood* neer en verduidelik waarom dit ironies is.

Morsdood. Dit is eintlik ironies, want as 'n mens dood is, is jy dood. Hierdie woord dui nie 'n graad aan nie, maar net 'n gevoel.

15. Hoe kan die woord *teëkom* (paragraaf 8) ook gespel word?

Teenkom.

16. Gee een woord vir die volgende omskrywings ...

16.1 'n plek waar yster en ou motorwrake verhandel word **Skrootwerf**.

16.2 'n persoon wat motors hersien en regmaak. **Motorwerktuigkundige**.

Week 9 en 10

Afrikaans, taal van ons hart

Aktiwiteit 104 Storievertelling

Aktiwiteit 105 Rolspeel 'n dialoog

Aktiwiteit 106 Literêre teks: Radiodrama

Aktiwiteit 107 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 108 Begripstoets: Afrikaans se kruie en speserye

Pre-lees

Leerders bestudeer die illustrasie, titel en subopskrif.

1. Waarvan is die illustrasie 'n afbeelding?

Die buiteblad / titelblad van die boek.

2. Waaroor gaan hierdie boek waarskynlik handel?

Gesegdes, uitdrukkings en idioome.

3. Watter inligting word in die subopskrif gegee?

Die titel en die skrywer word gegee, sowel as die uitgewer van die boek.

4. *Metataal* is die taalterm om oor taal te praat. Watter metataal kom in die subtitel van die teks voor?

Idiome, gesegdes, vaste uitdrukkings

Post-lees

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter suggestie lê daar in die titel opgesluit as daar na spreekwoorde as die taal se *kruie en speserye* verwys word?

Dit is dit wat aan die taal geur verleen. Dit maak die taal interessant en “lekker”.

2. Watter inligting word deur die subtitel verskaf?

Dit dui die titel, die outeur en die uitgewer van hierdie boek aan. Hierdie is 'n resensie.

3. Gee een woord vir *gaan die metropolisie se blaaspypietoets dop*.

Dronk.

4. Waarvan is die gesegde *hy het 'n Langnekkaatjie gesoen* (paragraaf 3) 'n gepaste beskrywing?

Dit is 'n beskrywing van 'n bottel drank (bier, wyn, ensovoorts). Die nek van 'n drankbottel (bierbottel) is lank en hy het dit “gesoen” – dus sy lippe daarop geplaas toe hy daarvan gedrink het.

5. Word die woorde *sy kantoor is toe* (paragraaf 3) letterlik of figuurlik gebruik?

In die leesstuk word dit figuurlik bedoel. Dit beteken hy het gaan drink.

6. *Hy het die kluite gekam* (paragraaf 6).

6.1 Wat beteken hierdie uitdrukking?

Hy het vinnig weggehardloop.

6.2 Na watter *kluite* word daar verwys?

Die kluite op die pad waarop hy hardloop. Hy kam letterlik die kluite met sy bene.

7. Bestudeer paragraaf 7 noukeurig. Beskryf die laaste sin in dié paragraaf in jou eie woorde.

As 'n persoon die idiome en spreekwoorde van 'n taal ken, is dit 'n aanduiding dat hy die taal verstaan en ken.

8. Wat is 'n metafoor (paragraaf 8)?

Dit is 'n beknopte vergelyking. Die woorde soos, net soos en nes is uitgelaat. Die een saak word aan die ander gelyk gestel. Die bedrieër is 'n buffel.

9. Waarom is party sêgoed minder bekend as ander volgens paragraaf 8?

Dit is streeksgebonde en net die mense van 'n bepaalde streek ken dié uitdrukking.

10. Wat beken die uitdrukking *elke hond kry sy dag* (paragraaf 9)?

Elke mens kry sy dag van geluk, teëspoed en vergelding.

11. Bestudeer paragraaf 10 noukeurig.

11.1 Waarom is die uitdrukking *die oortjies van die seekoei* meer gepas in Suid-Afrika as *die punt van 'n ysberg*?

Dit is baie warm in Suid-Afrika, seekoeie is volop en bekend hier by ons. Hier is geen ysberge nie en laasgenoemde uitdrukking het van Europa hierheen oorgespoel.

11.2 Wat beteken hierdie uitdrukking?

Dit is slegs 'n klein deeltjie van die probleem wat bekend is, 'n groot deel daarvan is sluimerend (versteke).

12. Wat beteken dit as jy *jouself in hierdie boek kan verloor* (paragraaf 12)?

Jy kan jou so inleef in die boek dat jy tred verloor met dit wat om jou aangaan.

Aktiwiteit 109 Agenda en notule

Aktiwiteit 110 Ja of nee?

Vrae en voorgestelde antwoorde

Teks 1: SMS-taal of nie?

1. Gee suiwer Afrikaans vir *depro*, *hektiek*, *snacks* en *chat*.

Depressief, woes / deurmekaar, versnaperinge en gesels.

2. Wat is 'n *taalghoeroe*?

'n Geleerde op die gebied van 'n taal.

3. Wat is 'n *taalpuris*?

Iemand wat die taal suiwer en korrek praat en skryf.

Teks 2: Om te kan spel of nie?

4. Ek (waardeer / waardeur) dit baie dat jy vir my die guns gedoen het.

5. Ek lees by (voorkeur / voorkeer) avontuurverhale.

6. 'n Mens het (deursettingsvermoë / deersettingsvermoë) nodig om die Midmar-myl te swem.

7. Sy is (teleurgesteld / teleergesteld) omdat hy nie sy beloftes gehou het nie.

Teks 3: Om leestekens te gebruik of nie?

8. Tien jaar werk hy op die eilande waar hy in 2011 oorlede is aan 'n storieboek.

Tien jaar werk hy op die eilande (waar hy in 2011 oorlede is) aan 'n storieboek.

Tien jaar werk hy aan 'n storieboek op die eilande waar hy in 2011 oorlede is.

9. Hier lê begrawe my vrou Marie in die hemel is sy nie in die hel dit weet ek wel.

Hier lê begrawe my vrou Marie, in die hemel is sy, nie in die hel, dit weet ek wel. (In hierdie geval red leestekens die vrou uit die hel!)

10. Die man daar langs my meisie met die snor is my broer.

Die man met die snor daar langs my nooi, is my broer. (Nou het die broer die snor en nie die meisie nie.)

Teks 4: Suiwer Afrikaans of nie?

11. Skryf die man se woorde in suiwer Afrikaans oor.

Kelner, bring asseblief vir my 'n T-been biefstuk, medium gaargemaak met skyfies en uieringe, vir my vrou 'n hoenderburger met sampioensous asook twee aarbeimelkskommels.

Aktiwiteit 111 Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord *herinneringe* kom in die titel voor. Kies die korrekte spelwyse en skryf dié woorde in jou spellys.

1.1 Dit (**hinder** / hinner) my dat mense so vergeetagtig is.

1.2 Sy (herhinder / **herinner**) hom om sy vriend te skakel.

2. Bestudeer die volgende sin in die subtitel:

Plekname vang 'n plek se atmosfeer en nalatenskap vas.

2.1 Is hierdie 'n enkelvoudige of saamgestelde sin?

Dit is 'n enkelvoudige sin. Daar is net een gesegde (werkwoord).

2.2 Skryf die gesegde van hierdie sin neer. Kyk mooi!

Dit is 'n skeibare werkwoord. Die gesegde is *vasvang / vang ... vas*.

2.3 Skryf die voorwerp neer.

'n plek se atmosfeer en nalatenskap

3. Bestudeer die volgende sin in die subtitel:

'n Pleknaam skep gevoel en sorg vir herinneringe.

Is hierdie 'n enkelvoudige of 'n veelvoudige sin? Verduidelik.

Hierdie is 'n veelvoudige sin. Dit bestaan uit twee sinne wat deur die voegwoord *en* verbind word.

4. Gee die intensiewe vorm van die woord *jongs* (paragraaf 1) in die volgende sin: Die seun is (jong), maar moet alle verantwoordelikheid dra.

Bloedjonk.

5. Waarom word die woorde waarna verwys word telkens tussen enkel aanhalingstekens geplaas, byvoorbeeld 'Goukamma' (paragraaf 1)?

'n Aanhalingsteken binne 'n aanhalings word tussen enkel aanhalingstekens geplaas. Hierdie woorde is binne die persoon se direkte woorde.

6. Dit val so lekker op die tong (paragraaf 1). Maak 'n goeie sin met die woord *tongval*.

'n Streekstaal of dialek het 'n bepaalde tongval soos die Namakwalandse tongval.

7. Die sin *Maar dis als deel van die geheimenis van dié lieflike area* (paragraaf 1) het betrekking.

7.1 Watter soort voegwoord is *maar*?

Teenstellende voegwoord.

7.2 Uit watter twee woorde is die woord *dis* saamgestel? Benoem dié woordsoorte.

Dit is = dis. Dit = voornaamwoord en is = werkwoord.

7.3 Haal 'n bepaalde lidwoord uit dié sin aan.

Die.

7.4 Haal 'n determineerder aan en verduidelik.

Die woord *dié* (beklemtoon) is 'n aanwysende voornaamwoord en dus die determineerder.

8. Gebruik die kern van die woord *pleknaam* as 'n bepaler in 'n ander samestelling.

Enige woord met die woord *naam* as bepaler: naamplaat, naambord, naamborg, ensovoort.

9. Waarom word *suid* met 'n kleinletter gespel, terwyl - *Wes* in die woord *Beaufort-Wes* (albei in paragraaf 3) met 'n hoofletter gespel word?

Die woord *suid* dui rigting aan en daarom word dit met 'n kleinletter gespel. Die woord *Beaufort-Wes* is 'n eienaam of pleknaam en word dus met 'n hoofletter gespel.

10. Gee die teenoorgestelde van die woord *nêrens* (paragraaf 3).

Die teenoorgestelde van *nêrens* is *êrens*.

11. Van watter woord is *daai* (paragraaf 4) 'n verkorting?

Daardie.

12. Voltooi die volgende voornaamwoorde en skryf neer watter soort voornaamwoord dit is:

12.1 So 'n hoed met 'n lang punt is net Jack Parow ...

So 'n hoed met 'n lang punt is net Jack Parow s'n. Besitlike voornaamwoord.

12.2 Die pen ... ek skryf, is ...

Die pen waarmee (betreklige voornaamwoord) ek skryf, is myne (besitlike voornaamwoord).

12.3 Sy skaam ... vir haar broer wat lelik eet.

Sy skaam haar (wederkerende voornaamwoord) vir haar broer wat lelik eet.

Aktiwiteit 112 Toets 3 [Formele assesseringstaak 3]

Kwartaal 4

Week 1 en 2

Die lewe leer ons baie lesse

Aktiwiteit 113 Luister vir genot na 'n fabel: Die slang wat wou vlieg

Luisterteks

Die slang wat wou vlieg

Eendag sien 'n slang twee jakkalsvoëls op 'n rots sit. "Julle is darem gelukkig," sê die slang. "Julle kan heerlik deur die lug sweef, en ek moet gedurig met my maag op die grond seil. Dit moet wonderlik wees om in die blou lug daar bo te vlieg en te vlieg en te vlieg en op die hele wêreld af te kyk. Is ek nou nie ongelukkig dat ek altyd grond langs moet kruip nie? Ek kan in 'n dag net 'n klein entjie aflê, maar julle gaan sommer zzzsst! reguit na die plek waar julle wil wees."

Die jakkalsvoël luister na die slang en kry hom jammer. Hulle is goedgeaarde voëls wat nooit iets doodmaak nie en die diere help om die wêreld skoon te hou. Die jongste jakkalsvoël sê: "Ja, dit is nogal lekker om te vlieg, maar daar is nie veel om te sien nie. Daar bo in die lug is 'n mens niks nader aan die blou hemel as hier onder nie."

"Dis waar," sê die oudste voël. "'n Ding is nie altyd so lekker soos hy lyk nie. Soms word ons moeg vir die lewe in die lug. Weet jy, ons is nie baie welkom hier op die grond nie. Met jou is dit anders. Vir jou is almal bang."

"Aag, ja," sug die slang, "maar diep in my hart is ek net soos julle twee kêrels. Van nature is ek eintlik 'n voël. Ja, dit is wat ek is. Ag, as ek tog net een maal kon vlieg, sou dit so wonderlik wees."

Die twee jakkalsvoëls skuif nader aan mekaar op die rots. Hulle dink baie hard.

"Dis natuurlik onmoontlik vir jou om te vlieg," sê een, "dis nou seker. Maar ons moet tog 'n plan maak om jou 'n skoot in die lug op te neem."

"Ja, ja!" skree die slang. "Een kan my op sy rug dra. Ek is nie baie swaar nie."

"Jy's te swaar vir my," sê die een voël.

"Vir my ook," sê die ander een. "Ons jakkalsvoëls is nie baie sterk nie. Dis meestal vere. Voel ..."

Slang kry baie slegte moed. Dit lyk of hy nooit 'n kans sal kry om te vlieg nie. Skielik sê die oudste voël: "Wag! Ons hoef dit mos nie op die ou manier te doen nie. Daar moet 'n ander manier wees om jou 'n paseo (rit) in die lug te gee. Ons sal jou albei dra, Señor Slang, dis wat ons sal doen."

Die twee voëls gaan toe uit in die woestyn en soek daar 'n stok so groot soos 'n besemstok, maar baie lig en sterk. Hierdie een was omtrent ses voet lank.

Die voëls neem toe elkeen 'n punt van die stok in die bek en sê die slang moet saam met hulle op 'n koppie klim. Bo aangekom, sê die oudste voël: "Byt die stok nou styf hier in die middel vas, broer Slang. Ons sal elkeen 'n punt van die stok beetkry en daarmee vlieg. Hou styf vas."

Die slang maak soos hulle sê en die jakkalsvoëls skud hulle vlerke reg. "Gereed, broer Slang! Hier gaan ons! Cuidado! (Hou vas!)."

Die twee jakkalsvoëls hardloop met klappende vlerke koppie af en skree vir mekaar: "Saam, compadre." Die slang se lyf sleep op die grond, maar hy klou met sy bek vir al wat hy werd is in die middel van die stok. By die voet van die koppie is die voëls op volle vaart. Met harde

vlerkgeklap styg hulle saam op en daar vlieg voëls, slang, stok en alles deur die lug – al hoër en hoër.

Gou is daar 'n groot menigte voëls van allerlei soorte wat van ver af aangevlieg kom om te kyk wat nou daar in die lug aan die gang is. Met sy lang tande hang die slang aan die stok. Hy swaai liggies heen en weer hoog bo die aarde. Dis iets wat hy al so lank begeer het. Die arend, wat saam met die ander voëls aangevlieg kom, begin allerhande vrae stel en sê dinge om die slang kwaad te maak.

“Klap jou vlerke, broer Slang,” sê hy. “Is dit klein veertjies wat ek daar aan jou stert sien groei?”

Die arend wil nog iets vir die slang sê, maar toe kom Duif langs Slang se kop op die stok sit. “Moenie op arend se vrae antwoord nie,” sê hy. “Hy wil net hê jy moet jou mond oopmaak. As jy dit doen, sal jy grond toe val.”

Die duifie wil nie eers sy grootste vyand in die moeilikheid laat beland nie, maar die slang dink hy is groot meneer noudat hy vlieg. Toe hy die duif so naby hom sien sit, vergeet hy 'n oomblikkie dat hy nie 'n voël is nie en maak sy bek oop om die duif te gryp.

Toe hy die stok los, val hy dadelik grond toe. Om en om rol hy in die lug, af, af, af. Nou vlieg hy alleen, maar hy kan net in een rigting vlieg – grond toe – en hy val in die middel van 'n turksvybos op die vlakte. Sy wind is uit en sy lyf is vol skerp dorings. Toe hy bykom, kruip hy maar weer terug na sy lêplek tussen die rotse. Die volgende paar dae het hy baie dorings uitgehaal, en elke slag wanneer hy een uitpluk, dink hy opnuut dat dit tog nie so lekker is om te vlieg nie.

Geneem uit *Kinders van die wêreld Deel 6*.

Voorgestelde antwoord

1. 'n Mens moet gelukkig wees met jou lot. Die slang wou 'n voël wees en het gedink dit is lekker om deur die lug te vlieg.
2. Mense moet goedgeaard wees en na mekaar luister. Die Jakkalsvoëls was goedgeaard en het slang jammer gekry.
3. Elke mens het 'n plek op aarde. Die jakkalsvoëls het weer vir die slang beny omdat almal vir hom bang is.
4. Deur vernuftig te dink, kan 'n mens 'n plan maak. Die jakkalsvoëls het 'n plan prakseer om die slang in die lug te kry.
5. Baie kan vermag word as 'n mens saamwerk. Die voëls kon nie alleen die slang die lug opvat nie, maar toe hulle saamwerk, was dit wel moontlik.
6. Die mens is maar van nature nuuskierig. Toe die ander voëls sien dat daar 'n slang aan 'n stok hang, het hulle nadergevlieg om te kyk wat aangaan.
7. Daar is altyd mense wat ander spot en so reaksie uitlok. Arend het sy bes probeer om die slang uit te lok sodat hy moet los en na onder val.
8. Daar is altyd sagmoedige mense wat ander met raad wil bedien. Die duif het aan die slang gesê om hom nie aan die arend te steur nie.
9. 'n Mens moenie gulsig en gierig wees nie, dit laat 'n mens dikwels in die moeilikheid beland. Die slang se gulsigheid het hom in die turksvybos laat beland.

Aktiwiteit 114 Dankie Madiba! [Formele assesseringstaak 1]

Aktiwiteit 115 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 116 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 117 Leesbegrip uit 'n letterkundige teks

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Uit watter land is hierdie 'n volksprokie?

Namibië.

2. Wie is die samesteller van hierdie verhale? Watter tegniek het jy gebruik om die antwoord te kry?

David van Lill. Soeklees.

3. Wat is die bundel se naam waarin hierdie verhaal opgeneem is? Dink jy dat dit 'n gepaste naam is?

Wonderlike wêreld. Dit is gepas, want in dié bundel is wonderlike verhale van Afrika opgeteken.

4. Bestudeer paragraaf 2 noukeurig.

4.1 Tipies aan 'n sprokie word daar menslike eienskappe aan die krokodil gegee. Benoem die beeldspraak.

Personifikasie.

4.2 Watter twee negatiewe (menslike!) eienskappe kom in hierdie paragraaf na vore?

Hy was oordrewe trots en het gedink hy is beter as ander.

5. Waarom het die krokodil al hoe langer in die son begin bly? Verduidelik.

Die ander diere het al hoe minder na hom kom kyk, hy het dus al hoe langer gebly om aandag te kry.

6. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as ...

6.1 beskermende ysterbkleedsel. **Pantser.**

6.2 'n staat van vernedering, oneer. **Skande.**

7. Watter verskuilde waarskuwing lê daar in paragraaf 4 opgesluit?

Die son is sleg vir jou vel.

8. Wat beteken die idioom *om krokodiltrane te huil*?

Dit is geveinsde (onegte) trane.

Aktiwiteit 118 Skryf 'n brief aan die pers

Aktiwiteit 119 Jy't my gekierang

Opdrag 1

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die woord *gy't* (versreël 1) voluit.

Jy het.

2. Haal 'n tussenwerpsel uit die tweede strofe (versreël 5 tot 8) aan en skryf neer watter gevoel daardeur gegee word.

Die tussenwerpsel is agge. Dit gee 'n negatiewe gevoel weer.

3. Skryf versreël 7 en 8 oor, maar vervang die woord *dink* met *sê*. Skryf dit in die direkte rede en gebruik die gepaste leestekens.

My ouma sê: "Weg, wêreld! Waar kom ons hulp vandaan?"

4. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *verstoot* in die volgende sin: Hy het haar geïgnoreer en daarom het sy soos 'n (verstoot) gevoel.

Verstoteling.

5. Benoem die beeldspraak in die woorde *nes kuikens vir jou groot* (versreël 12).

Vergelyking. Nes = net soos.

6. Die woord *kuikens* het betrekking. Die geslagte word as 'n haan en 'n hen aangedui. Wat is die gemeenslagtige vorm hiervan?

Hoender.

7. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede: *Jy't laasnag met 'n ander man gevry* (versreël 16).

Hy het gesê dat sy die vorige nag met 'n ander man gevry het.

8. Bestudeer die woord *tjank* in versreël 20.

8.1 Hierdie is 'n emotiewe woord. Vervang dit met 'n nugter woord.

Huil.

8.2 Watter woordsoort is die woord *tjank* hier?

Werkwoord.

8.3 Gebruik die woord *tjank* nou as 'n selfstandige naamwoord in 'n sit.

Sy tjank kon myle ver gehoor word.

9. Bestudeer die taal wat in hierdie gedig gebruik word.

9.1 Die gebruik van die woord *baby* (versreël 19) is nie Standaardafrikaans nie en kan as sleng beskou word (alhoewel hierdie woord in baie Afrikaanse liedjies voorkom!). Gee 'n suiwer Afrikaanse woord daarvoor.

My meisie, my nooi (sekerlik verouderd!).

9.2 Die woord *gwaan* (versreël 6) is afgelei van die Engelse woorde *go on*. Is hierdie woord Standaardafrikaans? Verduidelik.

Nee, dit is uit 'n dialek of streekstaal.

Opdrag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die eerste sin in paragraaf 1 wat in die lydende vorm is, oor in die bedrywende vorm. Begin jou sin so: Hulle ...

Hulle opper twee moontlikhede vir die herkoms van *jou kierang sal braai*.

2. Aan watter taal is die woord *kierang* onleen?

Maleis.

3. Skryf die woord *gedebatteer* in jou spellys neer en maak seker dat jy die spelling van dié woord ken.

Gedebatteer.

4. Watter soort deelwoord is die woord *gesteelde* in paragraaf 2?

Verlede deelwoord.

5. Die woord *skryf* (paragraaf 2) is van toepassing.

5.1 Vorm 'n teenwoordige deelwoord van die woord tussen hakies in die volgende sin: Die (skryf) kind is gestop toe die eksamentyd verstreke is.

Skrywende.

5.2 Vorm 'n sterk verlede deelwoord van die woord tussen hakies in die volgende sin: Hy het die (skryf) taak wat aan hom gegee is, deeglik gedoen.

Geskrewe.

6. Onderskei tussen die woorde *gebrekkig* (paragraaf 2) en *gebreklik*.

Gebreklik (met leemtes, onvolkome). Ons het gebrekkige kennis omtrent die saak.

Gebreklik (misvorm, wangeskape). Die gebreklige kind het moeilik geloop.

7. Die voegsel *on-* in die woord *oneerlik* (paragraaf 3) beteken *nie*. Wat beteken die voorvoegsel *wan-* in die woord *wanpersepsie*?

Wan = verkeerde.

Opdrag 3

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is 'n cliché (paragraaf 1)?

'n Afgesaagde uitdrukking.

2. Medici praat dikwels 'n bepaalde jargon (dit is 'n vaktaal wat soms ander luisteraars kan uitsluit).

2.1 Haal woorde uit bostaande aan wat by hierdie stelling aansluit.

Tonikum en spoorelemente.

2.2 Waarom sou medici dikwels 'n bepaalde vaktaal gebruik as hulle met mekaar praat?

Dikwels praat hulle in vakterminologie met mekaar sodat ander (byvoorbeeld die pasiënt) nie moet verstaan nie.

3. Wat word dit genoem wanneer Engelse woorde saam met Afrikaanses in sinne gebruik word?

Sleng of slang.

4. In die woorde *maar wat almal oor saamstem* is die voornaamwoord verkeerd gebruik. Skryf hierdie woorde oor en maak reg.

Maar waaroor almal saamstem ...

5. Haal 'n voorbeeld van toutologie uit paragraaf 5 aan.

Brokstuk. 'n Brok en 'n stuk beteken dieselfde.

Week 3 en 4

Voëls van enerse vere

Aktiwiteit 120 Luister met begrip na 'n dialoog

Luisterteks

Vere is nie net die kenmerk van alle voëls nie, vir baie is dit 'n extravaganza van fleur en kleur. Om doeltreffend te funksioneer, moet die gevleuelde hul vere silwerskoon hou. Dit verg heelwat harde werk – bad en poets en knibbel en stryk – maar nooit sal 'n voël ooit vere voel vir sy besondere bedekking nie!

Onderhoudvoerder: Voëls se vere is tog so mooi! Blink en glansend in die sonlig. Geen ander diere in die skepping kan met presies sulke dosse spog as die voëls nie. Vandag het ons 'n voëlkenner, Louis du Plessis, wat 'n paar interessante vrae gaan beantwoord.

Onderhoudvoerder: Goeiemôre Louis.

Voëlkenner: Goeiemôre Gerhard, dit is lekker om hier by julle in die ateljee te kuier.

Onderhoudvoerder: Die vere maak die voël. Is die uitsluitlike doel van die veredos om mooi te lyk?

Voëlkenner: Nee, die belangrikste funksie van die verekleed is waarskynlik isolasie. Dit help om die voëls egalig warm te hou, sodat hulle doeltreffend kan funksioneer en ook in kouer streke kan oorleef.

Onderhoudvoerder: Ek kan net dink dat daardie fyn donsveertjies die voël lekker warm kan hou!

Voëlkenner: Ja, onder die kontoervere lê die sagte donsvere, wat ook 'n luglaag vir isolasie vasvang. Donsvere is die doeltreffendste isolasiemateriaal in die diereryk – soos elkeen kan getuig wat onder 'n donskomers slaap!

Onderhoudvoerder: Is daar iets anders waarvoor voëls hulle vere gebruik? Dit is nou behalwe om daarmee te vlieg?

Voëlkenner: Dit is baie interessant om te weet dat wind- en nagswaels hulle stywe, haaragtige vere gebruik om hulle te help om insekte te vang terwyl hulle vlieg. En die vliegvere van die meeste uile is weer toegerus met geluiddempers – 'n fluweelagtige oppervlak – sodat hulle stille aanvalle op hul prooi kan loods. Vere is dus 'n lekker knaldemper!

Onderhoudvoerder: Mense, maar dit is interessant. En dit nou net oor vere! Is daar nog iets interessants wat meeste mense nie weet nie?

Voëlkenner: Min mense weet dat sandpatryse water dra tot by hul kuikens in spesiale absorberende borsvere! En het jy geweet dat voëls hulle vere gebruik om boodskappe uit te stuur?

Onderhoudvoerder: Nooit! Werklik?

Voëlkenner: Die pragtige vere van poue word byvoorbeeld vir pronk gebruik wanneer die voëls trouplanne kry.

Onderhoudvoerder: In die daaglikse warrelinge en skarrelinge raak 'n voël se vere maar taamlik deurmekaar en besmeer met stuifmeel, nektar, stof en modder, of besmet met parasiete. Hoe hou voëls hulle vere skoon?

Voëlkenner: Die meeste voëls bad, selfs in koue weer. Hulle staan in vlak water, laat sak die lyf en skud die snawel lewendig heen en weer. Hulle klap flink met hul vlerkpunte sodat water oor die hele lyf gesprinkel word.

Onderhoudvoerder: Is daar ook ander maniere waarop voëls bad?

Voëlkenner: Ja, hulle bad in die reën. Jy het seker al gesien hoe voëls met uitgestrekte vere op die grond hurk as dit reën. Ander, soos neushoringvoëls, fladder in reën- of doubedekte plante rond om hulle skoon te kry.

Onderhoudvoerder: Was voëls net in water? Ek het gehoor dat voëls ook soos ander diere stofbaddens neem. Is dit waar?

Voëlkenner: Baie voëls, veral dié van droë klimaat, benut die skurende en absorberende eienskappe van stof om hul vere skoon te skrop. Hulle skraap met die pote en sleep met die vlerke totdat hul vere vol stof is.

Onderhoudvoerder: Voëls wat nat is se vere lyk, wel, soos 'n natgereënde hoender! En die wat in die stof gebad het, seker soos 'n stoftrappertjie! Hoe kry hulle weer hulle vere droog en netjies?

Voëlkenner: Nadat hulle gebad het, gaan soek voëls gewoonlik 'n veilige plek waar hulle hul vere kan gladstryk en poets. Die meeste het 'n olie-afskeidende poetsklier in die stuitjie. Ons noem dit die voël se vetkannetjie of oliekannetjie, want met die olie wat hieruit kom, word die vere weer glad gesmeer.

Onderhoudvoerder: Maar hoe kry hulle die olie vanaf hulle stuitjie oor die res van hulle lywe?

Voëlkenner: Voëls stryk op twee maniere olie oor hul vere. Die eenvoudigste is om die vere met 'n toe snawel te bestryk, maar dinge word deegliker gedoen deur die vere tussen die punte van die snawel te trek en dit sagkens te knibbel. Die geknibbel reinig en herrangskik die skagveertjies en baardjies.

Onderhoudvoerder: Dit is nou interessant. Baie dankie vir die praatjie. Volgende week gesels ons weer oor 'n ander interessante aspek van ons geveerde vriende! Baie dankie vir jou kuier hier in die ateljee.

Voëlkenner: Plesier. Baie dankie vir die geleentheid. Totsiens aan al ons luisteraars.

Inligting verwerk vanaf www.mieliestronk.com.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is die belangrikste funksie van 'n voël se vere?

Om die voël warm te hou.

2. Watter interessante inligting het die voëlkenner oor wind- en nagswaels gegee?

Hulle gebruik hulle stywe, haaragtige vere om insekte te vang.

3. Uile se vere is toegerus met geluiddempers sodat hulle in stilte hulle prooi kan aanval.

3.1 Hoe lyk die oppervlak van hierdie vere?

Lyk soos fluweel.

3.2 Haal 'n woord uit die luisterstuk wat dieselfde beteken as *geluiddempers*.

Knaldempers.

4. Hoe kry sandpatryse water tot by hulle kuikens?

Hulle maak hulle absorberende borsvere nat en vat so die water na hulle kuikens.

5. Wat maak voëls se vere vuil?

Stuifmeel, nektar, stof, modder en parasiete.

6. Voëls bad gewoonlik in water deur hulle snawel heen en weer te skud sodat hulle hele lyf nat word. Watter ander maniere bad voëls nog? Noem 2.

Bad in die reën en bad in stof.

7. Gerhard, die onderhoudvoerder, sê dat voëls wat stofbaddens neem, stoftrappertjies is. Wat beteken die idiomatiese benaming *stoftrappertjie*?
Dit is 'n baie kort persoon.
8. Waar sit 'n voël se olie-afskedende poetsklier en wat word dit in die volksmond genoem?
Op sy stuitjie. Dit word die voël se vetkannetjie of oliekannetjie genoem.
9. Waarmee kry die voël hierdie olie oor die res van sy lyf?
Met sy snawel.
10. Waaruit kan jy aflei dat hierdie 'n opname van 'n weeklikse rubriek oor die radio is?
Daar word van 'n ateljee gepraat. Hulle gaan volgende week verder gesels. Dit is dus 'n weeklikse rubriek oor die radio.

Aktiwiteit 121 Paneelbespreking

Aktiwiteit 122 Literêre teks: Jeugroman

Aktiwiteit 123 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 124 Visuele tekste

Opdrag 1: Bosveld Bure-strokies

Vrae en voorgestelde antwoorde

Strokies 1

1. Wat beteken dit om *oop en bloot* te lê?
Om te lê sodat almal jou kan sien.
2. Waarna verwys die aasvoël as hy praat van die *gat in die osoonlaag*?
Die osoonlaag is 'n laag osoon in die stratosfeer wat die meeste van die son se ultravioletstrale absorbeer. Deur besoedeling is daar nou 'n gat in hierdie laag.
3. Waarna dink vlakvark verwys die aasvoël?
Hy dink die aasvoël verwys na sy agterstewe.
4. Hoe word daar aangedui dat die vlakvark skielik regop kom in raampie 2?
Daar is bewegingstrepies geteken om aan te dui dat hy skielik regop gekom het.
5. Waarvan beskuldig die vlakvark die aasvoël?
Hy het gekyk (na sy agterstewe) en hy mag eintlik nie daarna kyk nie.

Strokies 2

6. Hoe weet jy dat die eerste vraag van raampie 1 uitgeroep word?
Daar word 'n uitroepteken en 'n vraagteken gebruik. Die vraag word dus uitgeroep.
7. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing uit die strokie aan.
Borrel.
8. Waarom word *borrel-borrel*, *borrel-borrel* telkens as 'n samestelling gebruik?
Dit boots die luitoon wat gewoonlik trieng-trieng is, na.
9. Waarom is die geluid wat die selfoon onder die modder maak eintlik ironies?
Slegs as lug vrygestel word, sal dit borrel. Die selfoon sal nie in modder borrel-borrel lui nie.

Opdrag 2: So 'n ou aasvoël ...

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter ooreenkomste is daar tussen die man en die voël? Noem ten minste 5.
Dieselfde groot neus (snavel), dieselfde oë, kaal kop, krul op kop, skof in die nek en selfs dieselfde kleur.
2. Vorm 'n vergelyking deur die raakpunte van die prente te gebruik.
Leerdere vorm hulle eie vergelyking: die man se neus lyk net soos 'n aasvoël se snavel.
3. Skryf 'n goeie sin met 'n metafoor neer wat jy uit bostaande prente geskep het.
Enige sin as metafoor: die ou aasvoël druk sy neus in almal se sake en lewer kommentaar.
4. Wat beteken dit as jy sê: *Hy is 'n regte ou aasvoël!*
Hy kom eien hom dinge toe wat hom nie toekom nie.
5. Wat beteken die idioom *jou lyf aasvoël hou?*
Jy vertrek direk na ete.

Aktiwiteit 125 Lees en kyk vir begrip: Visarende help besoedeling keer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Deur wie is hierdie teks geskryf? Watter leestegniek het jy gebruik om die antwoord te kry?
Neels Jackson. Soeklees.
2. In die pre-lees fase weet 'n mens nie regtig waarom die leesstuk handel nie. Lei die betekenis van die moeilike woord *biomonitors* af deur paragrawe 1 en 2 te bestudeer.
Deur visarende se bloed vir gifstowwe te toets, kan die vlak van besoedeling in die riviere bepaal word. Deur die visarende se bloed te toets, word die riviere se besoedeling gemonitor.
3. Lees paragraaf 4 noukeurig deur. Is die sin waaruit hierdie paragraaf bestaan 'n feit of 'n mening? Motiveer.
Dit is 'n bewese feit, want dit het reeds plaasgevind.
4. Gee 'n ander woord vir *voëlkundige* (paragraaf 4).
Ornitoloog.
5. Waar sal hierdie bloed ontleed en getoets word? Skryf die naam van die land voluit neer.
Verenigde State van Amerika.
6. Kan die toetse 'n negatiewe invloed op die visarende hê? Haal 'n fragment as bewys aan.
“... is onskadelik vir die voëls waarop hulle navorsing doen.”
7. Watter standpunt huldig Bowerman ten opsigte van die kennis van Suid- Afrikaanse wetenskaplikes met wie hy saamgewerk het?
Hy was beïndruk met hulle kennis / kundigheid.
8. Wat van die voëls - behalwe hulle bloed – kan getoets word om besoedeling vas te stel? Verduidelik.
Hulle vere kan getoets word om te bepaal of daar neerslae van swaar metaal soos kwik in voorkom.

9. Watter suksesvolle projek word in die teks as voorbeeld voorgehou? Waarom word hierdie voorbeeld juis hier genoem?

Die Amerikaanse visarend wat eers erg bedreig was, is gemonitor. Baie van die gifstowwe is verbied en die visarende se getalle het merkwaardig toegeneem. As dit in Amerika gewerk het, kan dit hier ook help om gifstowwe te identifiseer en besoedeling teen te werk.

10. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as ...

10.1 deel van 'n rivier die naaste aan die see

Benedeloop.

10.2 betekenisvol, belangrik, opmerklik.

Merkwaardig.

11. Watter soort teks is hierdie? Kies een van die volgende:

- a. 'n verhalende teks
- b. 'n grafiese teks
- c. 'n **wetenskaplike teks.**

Aktiwiteit 126 Transaksionele teks: e-pos

Aktiwiteit 127 My eie spellys

Aktiwiteit 128 Taaloefening: Verlore duif kom terug

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die skets noukeurig.

1.1 Wat word deur die skets uitgebeeld?

Die duif is verdwaal. Hy kyk op 'n landkaart waar hy hom bevind.

1.2 Waarom is hierdie uitbeelding ironies?

Voëls het nie landkaarte nodig om hulle weg te vind nie, dit is 'n ingeboude vermoë waarvoor hulle beskik om te weet watter rigting om te vlieg.

1.3 Beskryf die uitdrukking op die duif se gesig met een enkele woord?

Verdwaal / hartseer / verdwaas.

2. Hoe word dit in die titel uitgehef dat die duif met 'n brief teruggekeer het?

Die aandagstreep en die agterplasing van die woord *brief* hef dit uit.

3. Haal 'n voorbeeld van 'n rangtelwoord uit paragraaf 1 aan.

Eerste.

4. Gebruik die woord *prys* in paragraaf 1 in 'n ander betekenisverband as in die teks.

Hy *prys* die duif, want hy het die eerste prys (betekenis soos in teks) verower.

5. Haal 'n emotiewe woord uit paragraaf 2 aan en vervang dit met 'n neutrale woord.

Die woord *kêrel* is 'n emotiewe woord. Die woord *voël* of *duif* is 'n meer neutrale woord.

6. Lees weer paragraaf 2. Word die woorde *die pad lelik byster geraak* hier letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.

Dit word hier eintlik letterlik bedoel. Die duif kon nie die pad huis toe vind nie. Hy het verdwaal.

7. Maak 'n goeie sin met die homofoon van die woord *vier* sodat die betekenis duidelik daaruit blyk.

Hy stap fier en regop.

8. Die woord *moeg* word in paragraaf 7 gebruik. Gee die *vergroterende trap* van hierdie woord in die volgende sin: Die een duif was (moeg) as die ander en het in die see beland.

Moeër.

9. Die intensiewe vorm *piepklein* kom in paragraaf 7 voor. Gee die intensiewe vorm van die woord tussen hakies in die volgende sin: Die (swak) duif het op die boot beland.

Kuikenswak.

10. Bestudeer paragraaf 9 noukeurig. Is hierdie 'n enkelvoudige of veelvoudige sin? Motiveer jou antwoord.

Hierdie is 'n veelvoudige sin. Die aaneenskakelende voegwoord *en* is gebruik.

11. Die woord *kus* (paragraaf 9) het twee meervoude. Skryf dit neer en dui die verskil in betekenis aan.

Kuste langs die kuslyn. Die kusse (soene) van my vriend wys hy's lief vir my.

12. Die woord *versorg* kom in paragraaf 12 voor. Verander die voorvoegsel van dié woord in die volgende sin: Hy is (sorg) oor sy duif wat verdwaal is.

Besorg.

13. Gebruik die bepaler van die woord *mieliepap* as 'n kern in 'n samestelling.

Enige woord met die woord *mielie* as die kern: springmielies, groenmielies, ensovoorts.

14. Skryf die eerste sin in paragraaf 13 in die toekomstige tyd.

Teen Dinsdag sal die duif uitgerus lyk.

15. Skryf die sin in paragraaf 14 in die direkte rede.

Lok sê: "Ek het intussen besluit om my wonderduif aan verdere wedvlugte te onttrek."

16. Waarom word die woord *Survivor* in paragraaf 16 met 'n hoofletter geskryf?

Dit word as 'n eienaam gebruik. Hy wil die duif so noem.

17. Die woord *vlieg* word in paragraaf 17 as 'n werkwoord gebruik.

- 17.1 Watter betekenisverandering sou dié woord ondergaan as dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word?

Dit sal dan na 'n vlieg (insek) verwys.

- 17.2 Gee die meervoud van die woord *vlieg* (as selfstandige naamwoord). Let op die spelling van dié woord.

Vlieë.

18. Slaan die woorde *gevoelstaal*, *stereotipering*, *partydigheid* en *vooroordeel* in 'n woordeboek na. Lees elke sin en besluit watter van hierdie woorde wat jy nageslaan het beskryf die sin die beste.

- 18.1 Ek wil nie na die duiweskou toe gaan nie, want ek weet die duiweboere gaan oor niks anders as duiwe gesels nie.

Vooroordeel.

- 18.2 Ek dink ons skool se redenaars praat die beste.

Partydigheid.

18.3 Alle blondines is maar lekker dom.

Stereotipering

18.4 My ou liewe duifie moet sy kossies eet.

Gevoelstaal.

Week 5 en 6

Leef groen

Aktiwiteit 129 Voer 'n gesprek en rolspeel 'n situasie

Aktiwiteit 130 Literêre teks: Kortverhaal

Aktiwiteit 131 Literêre teks: Poësie

Aktiwiteit 132 Lees en kyk vir begrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bo in die hoek staan die woord *slimkop*. Wat word deur die mannetjie uitgebeeld?
Die mannetjie beeld 'n slim wetenskaplike uit. Gewoonlik dink 'n mens dat 'n wetenskaplike baie slim is.
2. Hoeveel babas word daar ongeveer elke dag gebore? Watter tegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?
250 000. Soeklees.
3. Bestudeer die titel noukeurig.
 - 3.1 Waardeur word die titel uitgehef?
Die letters is groot en vet gedruk.
 - 3.2 Wat beteken die titel?
Dit is riglyne wat 'n persoon moet doen om die aarde te bewaar.
4. Bestudeer die agtergrond.
 - 4.1 Wat word hier visueel uitgebeeld?
Droë grond wat kraak word uitgebeeld. Die grond is onvrugbaar en niks groei daarin nie.
 - 4.2 Wat word daardeur aan die leser gesê?
As daar nie water gespaar word nie, gaan die aarde dalk so lyk.
5. Die bal in die voorgrond stel die aardbol voor.
 - 5.1 Wat stel die donkerblou in die middel voor?
Die see / oseane.
 - 5.2 Bestudeer die prentjies rondom die vastelande noukeurig. Wat word daardeur uitgebeeld?
Die mens wat die vasteland bewoon, word uitgebeeld: mense, geboue en ook bome.
6. Skryf jou eie slagspreuk oor bewaring neer.
Leerders skryf hulle eie slagspreuk oor bewaring neer: Bewaar Moederaarde! Plant 'n boom!

Aktiwiteit 133 Leesbegrip: Tot die dood toe groen

Pre-lees

1. Bestudeer die illustrasie en lees die teks. Watter kontras is daar tussen die illustrasie en die inhoud van die teks?
Die teks handel oor 'n ernstige saak en die illustrasie beeld dit komies uit.

2. Wat word deur die prent geïllustreer en kan dit sommige mense aanstoot gee?

Gewoonlik word koerantpapier swak en maklik breekbaar as dit nat word. Die prent illustreer dat die kis sommer vroeg al begin disintegreer / vergaan / kompos word. Sommige mense kan aanstoot neem en dink daar word met die dood gespot.

Post-lees

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Met watter woorde in die teks hou die titel se woorde *Tot die dood toe groen* direk verband? Wat word daarmee bedoel?

Dit hou verband met die woorde *selfs tot ná hul dood 'n bydrae lewer*. Dit beteken dat omgewingsbewustes nie net in lewe nie, maar ook in sterwe na die planeet omsien.

2. In die titel word daar gesê *eko-kiste wen veld*.

2.1 Waarvoor staan die *eko-* in die woord *eko-kiste*?

Ekologie (die verhouding tussen 'n lewende organisme en sy omgewing).

2.2 Word die woorde *wen veld* letterlik of figuurlik gebruik? Verduidelik.

Dit word figuurlik gebruik. Daar word nie werklik veld gewen nie, die gedagte brei net uit en word deur meer mense ondersteun.

3. Watter enkele woord in paragraaf 1 sê dat omgewingsbewustes baie sterk oor hulle saak voel?

Kanniedood.

4. Waarna verwys die *komposproses* in paragraaf 2?

Die mens wat na sy dood tot as terugkeer.

5. Waarom is die woorde "*natuurlike*" *begrafnisse* tussen aanhalingstekens geplaas?

Dit word buite konteks gebruik. Dit is nie werklik natuurlike begrafnisse nie.

6. Na watter plek en nasie verwys *balsem* en *grafkelders* gewoonlik?

Die Egiptenare wat in Egipte die mummies gebalsem en in grafkelders geplaas het.

7. Die woord *verassing* kom in paragraaf 5 voor. Maak kort sinne sodat jy kan onderskei tussen die woorde *verassing* en *verrassing*.

Ons is bly jy het kom kuier. Dit is nou 'n lekker *verrassing*.

Na die *verassing* word die as in 'n houer geplaas. Laat die leerders hierdie twee woorde ook in hulle spellyste opneem.

8. Die woord *opsie* kom in paragraaf 5 voor. Gee die regte vorm van dié woord in die volgende sin: Die mense kan kies of hulle die metode wil volg, dit is dus (opsie).

Opsioneel.

9. Wat beteken dit as fossielbrandstof in *verassing* as *omstrede* gesien word (paragraaf 5)?

Iets is *omstrede* as dit baie stryery uitlok. Daar word baie daarvoor geskryf en gepraat en geredeneer.

10. Som hierdie teks op in een paragraaf van 70 tot 80 woorde. Blaai eers weer na die *Studiegids* en verfris jou geheue oor hoe 'n opsomming aangepak moet word.

Voorgestelde antwoord

Tot die dood toe groen: eko-kiste wen veld

Omgewingsbewustes kan met bio-afbreekbare kiste selfs tot ná hul dood 'n bydrae lewer deur begrafnisprodukte te gebruik wat die komposproses bevorder. Die kiste is

deel van 'n groter beweging na meer “natuurlike” begrafnisse. Die Ecopod-kis is in die vorm van 'n kajak en word vervaardig van herwinbare koerantpapier. Die verassing van lyke gebruik fossielbrandstof wat nie omgewingsvriendelik is nie. In Brittanje en in die VSA het “groen” begraafplase vlamgevat.

(69 woorde)

Aktiwiteit 134 Skryf 'n huldeblyk

Aktiwiteit 135 Geïntegreerde taaloefening: Het jy geweet?

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die titel oor in die ontkenningvorm.

Het jy nie geweet nie?

2. Gee die manlike en vroulike geslag van *olifant* (paragraaf 1) en *perde* (paragraaf 5).

Olifantbul en olifantkoei. Perdehings en perdemerrie.

3. Die woord *mis* word in paragraaf 1 gebruik. Gebruik die woord *mis* in drie ander sinne om nog drie ander betekenis van die woord aan te dui. Dui ook telkens die woordsoort van dié woord aan.

Ek mis jou vreeslik as jy weggaan (werkwoord).

Jy het mis geskiet (bywoord).

Die mis was so dig dat 'n mens nie jou hand voor jou oog kon sien nie (selfstandige naamwoord).

4. Haal 'n voorbeeld van die infinitief uit die eerste paragraaf aan.

Om te maak (om te + werkwoord).

5. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *skep* wat in paragraaf 2 voorkom.

Skepper.

6. Die woord *stadium* kom in die woord *beginstadium* voor. Skryf albei meervoude van die woord *stadium* neer.

Stadia en stadiums.

7. Die woord *afgespoel* in paragraaf 3 is 'n skeibare werkwoord. Gebruik hierdie woord as twee aparte woorde (dus geskei) in 'n sin.

Ek spoel die grond van my voete af.

8. Skryf die enkelvoud van die woord *kleurstowwe* (paragraaf 3) neer.

Kleurstof.

9. Waarom word die woord *trou-uitnodigings* met 'n koppelteken geskryf?

Daar is 'n opeenvolging van vokale / klinkers.

10. Die woord *omgewingsvriendelik* is van toepassing. Wat word die onderstreepte klank genoem wat dié twee basisse aan mekaar verbind?

Verbindingsklank.

11. Dui aan hoe die woord *manier* in paragraaf 4 se uitspraak deur vokaalreduksie beïnvloed word.

Die woord *manier* sal as *minier* uitgespreek word.

12. Voegsels kan ook betekenis dra. Watter betekenis dra die voorvoegsel *her-* in die woord *herwin* (paragraaf 4)?

Weer.

13. Skryf die meervoud van die woord *panda* (paragraaf 5) neer.

Pandas.

14. Gee een woord vir die volgende omskrywings ...

14.1 Die (man wat alleen en afgesonder bly) leef uit die natuur.

Kluisenaar.

14.2 Baie rommel soos harde plastiek neem ('n tydperk van 10 jaar) om te vergaan.

Dekade.

Week 7 en 8

Berei voor vir die eksamen

Aktiwiteit 136 Voer 'n gesprek

Aktiwiteit 137 Hersiening van die belangrikste kenmerke, konvensies en strukture

Aktiwiteit 138 Literêre tekste: Hersiening

Aktiwiteit 139 Verbeter jou skryfstyl

Opdrag 1: Woordgevoeligheid

Skryf die volgende oor en vervang telkens die woord *fantasties*:

1. Die **beeldskone** meisie het **golwende** lang hare en is **interessant**.
2. Die **spontane** seun ry 'n **vurige rooi** sportmotor.
3. Die **opruierende** spreker het die kinders **geweldig** opgesweep om die planeet te bewaar.
4. Hy het met **werkbare** voorstelle gekom hoe elkeen kan bydra om ons **inheemse / digte / kosbare** woude te red.

Skryf die volgende oor en vervang telkens die woord *stap*:

1. Die boemelaar **lig skaars sy loodsware voete**.
2. Die ou omie **skuifel**.
3. Die dogtertjie **huppel**.
4. Die blinde **trap voel-voel**.
5. Die dronkaard **loop twee rye spore**.
6. Die vrou met die hoë hakskoene **trippel ongemaklik rond**.

Toon woordgevoeligheid en kies treffende woorde vir die oop spasies:

1. Die hout **knetter** in die vuurtjie onder die **sissende** ketel.
2. 'n Skoot **knal** deur die stilte.
3. Die ysblokkie **klingel** teen die glas.
4. Die ysige wind **huil / suis** om die hoeke van geboue.
5. Die rocksanger **kreun** 'n liedjie uit.
6. Die motortoeters **blêr** in die besige straat.
7. Voetstappe **knars** oor die los gruis.

Opdrag 3: Omgekeerde woordorde

1. Die donker kuil lê geheimsinnig en diep.
Geheimsinnig en donker lê die diep kuil.
2. Die meisies stap al giggelend die straat af.
Giggelend stap die meisies straat af.
3. Die man is moedeloos en sak in sy stoel neer.
Moedeloos sak die man in sy stoel neer.
4. Die man lag hard en bulderend vir sy vriend se verspote hoed.

Bulderend lag die man oor sy vriend se verspotte hoed.

Aktiwiteit 140 Geïntegreerde taaloefening: Elke hond kry sy lag

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die titel is nie 'n volledige sin nie omdat dit 'n opskrif is. Skryf dit as 'n volledige sin neer.
Elke hond kry sy lag (al weet ons dalk nie daarvan nie).
2. Die woord *lag-lag* word met 'n koppelteken geskryf omdat die 'n herhalingsamestelling is. Gee die rede vir die koppeltekengebruik in:
 - 2.1 R200-noot.
Koppeling met syfer of simbool.
 - 2.2 Suid-Afrika
Aardrykskundige naam.
3. Die woord *letterlik* kom in paragraaf 3 voor. Gee die teenoorgestelde van dié woord in die volgende sinne:
 - 3.1 Die man het nie *letterlik* die kat aan die stert beet nie, maar **figuurlik**.
 - 3.2 Dit was nie 'n *letterlike* vertaling van die werk nie, maar 'n **vrye** vertaling.
4. Die woord *hyggeluide* kom in paragraaf 4 voor. Waarom word hierdie woord met twee g's gespel?
Dit is 'n samestelling waarvan die eerste woord met 'n g eindig en die tweede met 'n g begin.
5. Die woord *wyer* kom in paragraaf 4 voor. Maak 'n kort sinnetjie met die woord *weier* om die verskil in betekenis aan te toon.
Hy weier om sy pampoens te eet.
6. Waarvoor staan die afkortings *me.* en *DBV*?
Vroulike persoon en Dierbeskermingsvereniging.
7. Vorm 'n werkwoord van die woord *eksperimente* (paragraaf 5) in die volgende sin: Hulle (eksperimente) met speelgoed om te bepaal waarvoor honde lag.
Eksperimenteer.
8. Die woord *skut* (*hondeskut* paragraaf 7) het twee meervoude. Gee dié meervoude en dui die verskil in betekenis daarvan aan.
Skuts wat skiet, skutte waar vee / diere gehou word.
9. Gee die korrekte vorm van die woord *bewys* (paragraaf 7) in die volgende sin: Dit is 'n (bewys) feit dat honde en rotte kan lag.
Bewese.
10. Gee die meervoude van die woorde tussen hakies in die volgende sinne:
 - 10.1 Die seuntjie moet sy (speelding) (paragraaf 8) optel voordat die klein hondjies dit stukkend kou. **Speelgoed.**
 - 10.2 Daar is verskeie (teorie) (paragraaf 7) dat diere wel kan lag. **Teorieë.**
11. Paragraaf 5 is in die indirekte rede. Skryf me. Patricia Simonet se direkte woorde neer. Begin jou sin só: Me. Patricia Simonet het gesê: **“Ek het verskeie eksperimente gedoen waar honde se gelag en ander geluide opgeneem is.”**
12. *Navorsing wat in 2001 gedoen is, toon dat klein hondjies ...* (paragraaf 8). Gee die rede vir die gebruik van die komma in hierdie sin.

Tussen twee gesegdes.

13. Waarom is *Science* (paragraaf 10) skuins gedruk?

Dit is 'n Engelse naam en die naam van 'n tydskrif.

14. Die afkorting *prof.* (paragraaf 10) staan vir professor. Skryf nou die afkorting van professore (meervoud) neer.

Proff.

15. Hoe lang tydperk is 'n eeu (paragraaf 11)?

Honderd jaar.

16. Skryf neer of die volgende woorde deur samestelling, afleiding of samestellende afleiding gevorm is:

16.1 ontwikkeling (paragraaf 11) **Afleiding.**

16.2 sirkelgang (paragraaf 12) **Samestelling.**

17. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 13 aan.

Tjirp-geluide.

18. Gee die sinoniem (woorde wat min of meer dieselfde beteken) en die antoniem (teenoorgestelde) van die woord *unieke* (paragraaf 14).

Sinoniem: eiesoortige

Antoniem: eenderse, algemene.

19. Haal 'n voorbeeld van 'n infinitief uit paragraaf 14 aan.

Om te lag.

20. Gee een woord uit die teks vir die volgende omskrywings ...

20.1 as iets gesê word om iemand rustig te maak

Kalmerende uitwerking.

20.2 plek waar rondloperhonde aangehou word.

Hondeskut.

Week 9 en 10

Jaareindeksamen